# INDIENSOPLEIDING VAN SWART ONDERWYSERS

# AAN 'N ONDERWYSERSENTRUM

# IN DIE VAALDRIEHOEK

deur

DIRKIE JACOBA MEYER

Verhandeling goedgekeur as gedeeltelike nakoming

van die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS**

in die

Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur

**FAKULTEIT OPVOEDKUNDE**

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Studieleier: Dr H J Steyn

Junie 1988

## DANKBETUIGING

Graag spreek ek my dank en waardering uit teenoor die volgende persone en instansies wat op een of ander wyse by hierdie studie betrokke was:

* Dr H J Steyn wat as studieleier kundige leiding gegee het en insiggewende aanbevelings tydens die verloop van hierdie studie aan die hand gedoen het. My dank en waardering dat hy bereid was om my te alle tye met geduld te woord te staan.

* 'n Spesiale woord van dank aan prof M C A Seyffert vir die wyse waarop hy die taal versorg het.

* Mev Martinette Coetzee bedank ek vir haar keurige tikwerk en die baie ander reëlings wat sy namens my getref het om dusdoende vir my baie ritte Potchefstroom toe te spaar.

* My dank aan mev Engela van der Walt vir die korrigering van die bibliografie.

* Baie dankie aan Tariena de Beer vir voorbereidende tikwerk wat in 'n besige tyd afgehandel moes word.

* Ek bedank Mariëtta Nel vir al die fisiese en geestelike kilometers wat sy saam met my afgelê het asook die onderskraging om van hierdie studie 'n sukses te maak.

* Aan my ouers sê ek ook dankie vir hulle belangstelling en bystand.

* En ek moet Pedi bedank vir al die nagwake terwyl die lamp gebrand het - 'n getrouer studiemaat is daar nie te kry nie.

* Dit was vir my 'n voorreg om hierdie navorsing in die Vergelykende Opvoedkunde aan die PU vir CHO te kon afhandel, waar myns insiens 'n hoë akademiese standaard gehandhaaf word en 'n Christelik-nasionale benadering gestand gehou word.

* Aan God alle eer.

Hierdie verhandeling

word opgedra

aan

Mariëtta

INDIENSOPLEIDING VAN SWART ONDERWYSERS AAN 'N ONDERWYSERSENTRUM IN DIE VAALDRIEHOEK

INHOUDSOPGAWE

H O O F S T U K 1


ORIëNTERING ........................................ 1

1.1 AKTUALITEIT VAN HIERDIE NAVORSINGSTERREIN .... 1

1.1.1 Aktualiteit van die studie vir die onderwys= professie ........................................ 1

1.1.2 Aktualiteit van die studie vir die posisie van die onderwyser ........................................ 2

1.1.2.1 Die onderwyser se bydrae tot die intellektuele ontwikkeling van die kind ........................ 2

1.1.2.2 Die onderwyser se belangrike bydrae tot die leerling se karaktervorming ........................ 3

1.1.2.3 Die onderwyser betrokke by die geestelike en liggaamlike weerbaarmaking van die kind .............. 3

1.1.3 Die aktualiteit van die studie vir die dilemma van die swart onderwyser ........................ 4

1.1.4 Die aktualiteit van hierdie studie vir die posisie van die swart leerling in die RSA ........................ 6

1.1.5 Die aktualiteit van hierdie studie vir indiensopleiding van swart onderwysers by 'n onderwysersentrum in die Vaaldriehoek ........................ 8

1.1.6 Probleemstelling ........................ 10

1.1.7 Begripsomskrywing ........................ 12

1.1.7.1 Indiensopleiding ........................ 12

1.1.7.2 Swart onderwysers ........................ 13

1.1.7.3 Opvoedende onderwys ........................ 13

1.1.7.4 Die onderwysersentrum ........................ 14

1.1.7.5 Die Vaaldriehoek ........................ 15

1.1.7.6 Gedepriveerdheid of milieugestremdheid ................ 15
1.1.7.7 On- of ondergekwalifiseerd ........................... 16
1.1.8 Doel met ondersoek ................................ 16
1.1.9 Navorsingsmetode ................................. 17
1.1.9.1 Literatuurstudie ................................. 17
1.1.9.2 Onderhoudvoering ................................. 18
1.1.10 Hoofstukindeling ................................. 19
1.1.11 Samevatting ...................................... 19

H O O F S T U K 2

DIE VERWYDERING TUSSEN ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN SWART ONDERWYS ................................ 21
2.1 INLEIDING ........................................ 21
2.2 REDES VIR DIE VERWYDERING TUSSEN SWART ONDERWYSERS EN HULLE LEERLINGE ................ 24
2.2.1 Dispariteit in die RSA se onderwysbesteding en die swart leerlingbevolkingsontploffing ......................... 24
2.2.2 Kommunikasiegapings in swart onderwys en verdeeldheid in onderwysliggame van die bevolkingsgroepe ............ 29
2.2.3 Die posisie van die swart onderwyser en sy ondergekwalifiseerdheid ........................... 31
2.2.4 Verwerping van dissipline deur die milieugestremde kind en hul eise vir leerlinginspraak ...................... 33
2.2.5 Vroeë skoolverlaters en skoolplig ..................... 34
2.2.6 Nie skoolgereedheid en taalagterstand ................. 35
2.2.7 'n Toekomsverwagting en lae selfbeeld van swart leerlinge ........................................ 37
2.2.8 Matriekuitslae en druippersentasies .................... 39
2.2.9 Gedepriveerdheid as onderwysprobleem in swart skole ....................................... 41
2.2.10 Ouers se onbetrokkenheid ........................... 42
2.3 SPESIFIEKE BEHOEFTES EN PROBLEME IN DIE VAALDRIE=HOEK WAT 'N VERWYDERING TUSSEN DIE ONDERWYSER EN LEERLINGE IN SWART ONDERWYS VEROORSAAK ....... 43
2.4 SAMEVATTING ...................................... 47

## H O O F S T U K 3

DIE ONDERWYSERSENTRUM AS INSTRUMENT VIR INDIENSOPLEIDING VAN SWART ONDERWYSERS .......... 50
3.1 INLEIDING .......... 50
3.2 DIE OORSPRONG EN INTERNASIONALE BESTAAN VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM .......... 51
3.2.1 Engeland se onderwysersentrums .......... 52
3.2.2 Die Amerikaanse onderwysersentrum .......... 53
3.2.3 Die Nieu-Seelandse en Australiese onderwysersen= trums .......... 55
3.2.4 Die Japannese onderwysersentrum .......... 56
3.2.5 Die Suid-Afrikaanse onderwysersentrum .......... 57
3.2.5.1 Die Kaaplandse Onderwysersentrum .......... 57
3.2.5.2 Die Transvaalse Onderwysersentrum .......... 58
3.2.5.3 Die swart onderwysersentrum van die RSA .......... 59
3.2.5.4 Die onderwysersentrum in die Vaaldriehoek .......... 60
3.3 'N NUWE ONDERWYSBEDELING VIR DIE RSA BEHELS FUNDAMENTELE ONDERWYSHERVORMING .......... 61
3.4 DIE NUT VAN 'N ONDERWYSERSENTRUM VIR DIE ONDER= WYSERS VAN SWART LEERLINGE IN DIE RSA EN VERAL IN DIE VAALDRIEHOEK .......... 64
3.5 INDIENSOPLEIDING BY DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR DIE ONDERWYSER VAN GEDEPRIVEERDE LEERLINGE .......... 67
3.5.1 Algemeen .......... 67
3.5.2 Bestaande dienste .......... 73
3.5.3 Onderwysbestuurslede en indiensopleiding by die onderwysersentrum .......... 74
3.5.4 Akademiese indiensopleiding van onderwysers by die onderwysersentrum .......... 75
3.5.5 Persoonlikheidsontwikkeling van die onderwyser by die sentrum .......... 77
3.5.6 Indiensopleiding van swart onderwysers by die onderwy= sersentrum om metodologiese effektiwiteit

te verkry ........................................... 79

3.5.7 Indiensopleiding by die onderwysersentrum om taal- en leesvaardigheidonderrig van die swart onderwyser op standaard te bring ........................................... 84

3.6 ONDERWYSERSENTRUMS KAN DIE GEBRUIK VAN MEDIA TYDENS ONDERRIG-LEERSITUASIES IN SWART SKOLE BEKLEMTOON ........................................... 86

3.7 DIE ADVISERENDE FUNKSIE VAN 'N ONDER=WYSERSENTRUM ........................................... 90

3.8 DIE ONDERWYSERSENTRUM BIED AGTERGRONDSKENNIS AAN DIE SWART ONDERWYSER IN VERBAND MET GEDEPRIVEERDE LEERLINGE ........................................... 91

3.9 SPESIFIEKE LEIDING BY DIE ONDERWYSERSENTRUM KAN DIE ONDERWYSER HELP OM DISSIPLINE OP DIE REGTE WYSE TE HANDHAAF ........................................... 94

3.10 ONDERWYSERS BEHOORT KENNIS TE BEKOM BY DIE ONDERWYSERSENTRUM OM SINVOLLE LEIDING, OPVOEDING EN ONDERWYS AAN GEDEPRIVEERDE BEGAAFDE KINDERS TE KAN GEE ........................................... 96

3.11 DIE ONDERWYSERSENTRUM KAN IN DIE SWART WOONBUURTES 'N BYDRAE LEWER TOT GEMEENSKAPSONTWIKKELING ........................................... 99

3.12 DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR SWART ONDERWYSERS KAN BAIE BYDRA OM OUERBETROKKENHEID TE BEWERKSTELLIG ........................................... 100

3.13 SAMEVATTING ........................................... 101

H O O F S T U K 4

DIE FUNKSIONERING VAN 'N ONDERWYSERSENTRUM VIR ONDERWYSERS VAN SWART LEERLINGE IN DIE VAALDRIE=HOEK ........................................... 103

4.1 INLEIDING ........................................... 103

4.2 DIE FILOSOFIE VAN ONDERWYSERSENTRUMS VIR ONDERWYSERS VAN GEDEPRIVEERDE LEERLINGE ...... 106

4.3 DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR

SWART ONDERWYSERS IN DIE VAALDRIEHOEK ........ 110
4.3.1 Algemeen ........................................ 110
4.3.2 Koördinerende doelstellings ........................ 111
4.3.3 Sosialiserende doelstellings ........................ 112
4.3.4 Konsulterende doelstellings ........................ 113
4.3.5 Doelstellings wat lei tot vernuwing .................. 113
4.3.6 Doelstellings wat veral op die Vaaldriehoekse onderwyser= sentrum van toepassing is ........................ 115
4.4 ONDERWYSERSENTRUMADMINISTRASIE, -BELEIDMAKERS EN -BELEIDUITVOERDERS ........................ 119
4.4.1 Onderwysersentrumadministrasie ..................... 119
4.4.2 Onderwysersentrumbeleidmakers ..................... 119
4.4.2.1 Die onderwysersentrumleier ........................ 119
4.4.2.2 Die onderwysersentrumkomitee ..................... 124
4.4.3 Onderwysersentrumbeleiduitvoerders .................. 126
4.4.3.1 Die onderwysersentrumhoof ........................ 126
4.4.3.2 Die onderwysersentrumverteenwoordiger ............... 126
4.4.3.3 Vakkomitees ...................................... 127
4.4.3.4 Onderwysmedia- en biblioteekkomitee .................. 128
4.4.3.5 Sosiale komitee .................................. 129
4.4.3.6 Praktiserende onderwysers ......................... 129
4.5 FUNKSIONERING VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR ONDERWYSERS VAN GEDEPRIVEERDE LEERLINGE IN DIE VAALDRIEHOEK ........................................ 130
4.5.1 Onderwysersentrums verskil in aard en funksio- nering ............................................ 130
4.5.2 Onderwysersentrumpersoneel en -verteenwoordigers betrokke by behoeftebepalings ...................... 131
4.5.3 Verdere belangrike funksioneringsaspekte van die onderwysersentrum ......................... 135
4.5.4 Programbeplanning as hooffunksie van die onder= wysersentrum ..................................... 140
4.5.5 Onderwysers se betrokkenheid by die onderwysersen= trumaktiwiteite ................................... 144
4.5.6 Die funksionering van indiensopleiding ................ 154
4.5.6.1 Praktiese opleiding eerder as teoretiese

opleiding ........ 154
4.5.6.2 Kursusaanbieders by indiensopleidingsaktiwiteite van die onderwysersentrum ........ 155
4.5.6.3 Inhoud en metodes van aanbiedinge by die swart onderwysersentrum ........ 156
4.5.6.4 Die belangrike rol van evaluering in die funksionering van die onderwysersentrum ........ 161
4.6 FASILITEITE BY DIE ONDERWYSERSENTRUM ........ 165
4.7 GEVOLGTREKKINGS ........ 167
4.8 AANBEVELINGS EN TOEKOMSVERWAGTINGE ........ 169
4.9 SAMEVATTING ........ 174

H O O F S T U K 5

5.1 SLOTSOM ........ 178
5.2 BEPERKINGE VAN HIERDIE NAVORSING ........ 189
5.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING ........ 190

BIBLIOGRAFIE ........ 192

## LYS VAN TABELLE

2.1 Besware van swart leerlinge met hulle Onderwyssisteem ........................................ 21
2.2 Onderwyskwalifikasies van onderwysers in die RSA: Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei is uitgesluit ........................................ 23
2.3 Bevolkingsgroei van die RSA na raming (miljoene) ........................................ 26
2.4 Totale skoolgaande populasie ........................................ 26
2.5 Geraamde skoolgetalle ('000) ........................................ 27
2.6 Besteding per kapita deur die Staat op onderwys (Rm) ........................................ 28
2.7 Leerling-onderwyserverhoudings (1984) ........................................ 28
2.8 Verwagte getal matrikulante in die RSA ........................................ 40

3.1 Stigting van Kaaplandse Onderwysersentrums .............. 57
3.2 Stigting van Transvaalse onderwysersentrums .............. 58
3.3 Bestaande voltydse onderwyser-bibliotekarisposte ........... 87
3.4 Gemiddelde aantal tydskrifte wat per skool voorsien is ..... 88
3.5 Boeke wat gemiddeld per jaar uitgeneem word by sekondêre skole ........................................ 88

4.1 Onderwysers se menings oor watter persoon die grootste invloed uitoefen op die onderwysersentrum ................. 121
4.2 Onderwysersentrumbetrokkenheid van mans en dames van primêre en sekondêre skole .......................... 150
4.3 Bywoningstatistiek van die onderwysersentrum deur onderwysbestuurders ........................................ 151
4.4 Inligting vanaf evaluasievorm (reaktorvorm) ................ 163

## LYS VAN FIGURE

2.1 Sosiale determinante vir die swart kind se selfbeeld ........ 38
2.2 Matriekuitslae en universiteitstoelating vir 1986 ............. 39
2.3 Die gedepriveerdheidsirkel .................................. 42

3.1 Die nut van die onderwysersentrum ........................ 68

4.1 Funksionaliteit van die onderwysersentrum ................. 137
4.2 Maandprogram Kimberley-kring Julie 1987 ................. 142
4.3 Vraelys : reaktor ........................................... 162

ABSTRACT

IN-SERVICE TRAINING FOR BLACK TEACHERS AT A TEACHERS' CENTRE IN THE VAAL TRIANGLE

The core of the crisis in black education in the Vaal Triangle as well as throughout the Republic of South Africa can be traced back to the poor qualifications of approximately 90% of their teachers. This results in poor scholastic results in black education, maintaining an inferior self-image and poor expectations for the future, early drop-out rates in schools, the inability of teachers to educate big classes and to recognise school-readiness in Sub A. Most black students cannot express themselves fluently in a second language, especially English. Furthermore, there is a communication gap between students and teachers and between children and their parents who may not be involved in their children's academic performance.

The best solution for this crisis in black education, in the Vaal Triangle, is to provide an adequate number of teachers' centres. Underqualified teachers can expand their academic powers and become more effective as educators. Advancement of modern technology and the keen acquisition of knowledge in a society hungry for information, are big challenges to every black teacher in the RSA.

The teacher's centre is a learning laboratory where teachers can experiment with new ideas and solve professional problems together with colleagues on an informal basis. In-service training programmes at these centres can equip black teachers in such a way that it can improve the pupils' scholastic achievement and students can develop a stronger self-image and expectations for the future. More effective teachers in the Vaal Triangle can prevent the large percentage of pupil drop-outs and will be better equipped to teach big classes. Teachers' centres can

contribute towards a higher standard of bilingualism in black education and promote a better understanding of deprived children.

In-service training can assist teachers to educate in using a Christian approach. This will ensure a sense of responsibility and will enable students to build a brighter future.

HOOFSTUK 1

# ORIëNTERING

## 1.1 AKTUALITEIT VAN HIERDIE NAVORSINGSTERREIN

### 1.1.1 Aktualiteit van die studie vir die onderwysprofessie

Onderwys en opvoeding vorm 'n lotsbeslissende deel van die antropologie en besit geweldige sosiale krag. Die belangrikheid van onderwys is gesetel in die voorbereidende funksie wat dit vervul, om die jeug tot verantwoordelikheid en volwassenheid te lei. Die uiteindelike opvoedingsdoel van elke Christen behoort die religieuse terugbinding van die hart van die kind na God toe te wees en die vasbinding van die hart van die kind aan God, want dit gee rigting en betekenis aan die opvoedingshandeling (Van der Walt, 1983:54). Die samelewing stel toenemend hoër eise in 'n tegnologies-ontwikkelende wêreld en dit is noodsaaklik dat die onderwyser die kind in sy totaliteit voorberei, om op alle lewensvlakke aan te pas en 'n konstruktiewe bydrae te lewer. Die onderwyshandeling omsluit dus die menslike aktstruktuur van die kind en bied 'n unieke uitdaging aan elke beoefenaar daarvan. Hierdie navorsing is gerig op die onderwyshandeling wat in die Departement van Onderwys en Opleiding plaasvind sodat 'n konstruktiewe bydrae gelewer kan word tot verhoogde professionele effektiwiteit van die swart onderwyser.

"What nobler employment, or more valuable to the community, than that of the man who instructs the rising generation?"
(RSA, 1986b:5).

### 1.1.2 Aktualiteit van die studie vir die posisie van die onderwyser

#### 1.1.2.1 Die onderwyser se bydrae tot die intellektuele ontwikkeling van die kind

Die onderwyser is die sleutelfiguur in die behoefte aan vernuwing in die onderwys, as gevolg van sigbare tendense "ontploffings" op drie terreine van die samelewing hier te lande, naamlik:

* die bevolkingsontploffing,
* kennisontploffing, en
* die ontploffing van menslike toekomsverwagting (Calitz, 1978:3).

'n Belangrike element in die sukses van opvoedende onderwys is volgens Ornstein en Vairo (1969:1) die onderwyser. Die persoon wat die onderrigleersituasie in die klaskamer hanteer, bepaal grotendeels hierdie sukses, al is daar veelvuldige ander goed gedefinieerde voorbereidings getref.

Die kennisontploffing en vinnige veroudering van kennis, motiveer die onderwyser om telkens opnuut oor sy eie bekwaamheid en akademiese vaardigheid te besin. Dit is immers die onderwyser wat die leerling moet onderrig om dusdoende sy vakkundige kennis so uit te brei dat hy in sy studies kan vorder en dit ook later in 'n beroep kan toepas. Navorsing toon aan dat onderwysers ongeveer twee derdes van elke lesperiode praat: die meeste periodes word dus deur die onderwyser in beslag geneem (Stanton, 1987:3). Die praktiserende onderwysers in die Departement van Onderwys en Opleiding moet dus oor voldoende akademiese en professionele kwalifikasies beskik om hulle werk doeltreffend uit te voer.

### 1.1.2.2 Die onderwyser se belangrike bydrae tot die leerling se karaktervorming

Die leerling identifiseer homself met sy onderwyser. Karakter, inisiatief, gesindheid en selfbeeld word gevorm na aanleiding van die voorbeeld wat die onderwyser stel, en ook omdat die kind ontvanklik is. Banks (1972:13) beklemtoon ook hierdie sensitiewe rol wat die onderwyser naas die ouer vervul. Du Toit (1984:145) beskrywe die rol van die onderwyser naas die ouer duidelik, deur te sê dat ouer en onderwyser mekaar moet aanvul in die taak om kinders tot volwassenheid te lei, sodat hulle fisies en geestelik selfstandige besluite kan neem. Die swart kind se lewens- en wêreldbeskouing word gevorm deurdat die onderwyser as sekondêre opvoeder met die kind bemoeienis maak. Van der Walt (1983:54) stel dit duidelik dat die opvoeder presies moet weet waarheen hy met die kind op weg is in die opvoedingsituasie, sodat die kind as 'n volle mens volledig ontsluit kan word.

### 1.1.2.3 Die onderwyser betrokke by die geestelike en liggaamlike weerbaarmaking van die kind

Die onderwyser van veral die swart leerling, het 'n geweldige verantwoordelike taak om hierdie kinders geestelik en liggaamlik weerbaar te maak teen hedendaagse aanslae. Verskeie ideologieë word aan die RSA se totale jeug gepropageer om hulle weerloos te maak. Kommunisme, liberalisme, sosialisme en humanisme is maar net 'n paar van hierdie gevaarlike ideologieë waarmee die jeug in aanraking kom.

"Geestelike weerbaarheid moet as allereerste moontlikheidsvoorwaarde gesien word vir oorlewing teen die diaboliese aanval van ateïstiese magte."
(Roos, 1979:1.)

Die onderwyser is direk verantwoordelik vir die geestelike weerbaarheid van elke kind aan hom toevertrou.

Fisieke weerbaarheid het te doen met die leerling se liggaamlike gesondheid en fiksheid. Jacobs (1983:85) sien fisieke weerloosheid as onproduktiwiteit en verlies aan lewenskragtigheid.

Fisieke en geestelike weerbaarheid gaan hand aan hand; daarom moet die leerling beweeglik, vaardig en fiks wees en oor uithouvermoë beskik. Fisieke weerbaarheid sluit ook die kind se fisiese omgewing in; daarom moet die kind deur sy onderwyser geleer word om sy omgewing uit te bou, te bewaar en in stand te hou (Jacobs, 1983:1).

Die onderwyser vervul dus 'n aktuele rol om die swart leerling vir sy toekoms voor te berei en om hom geestelik en fisiek weerbaar te maak sodat hy volwassenheid met verantwoordelikheid kan bereik.

### 1.1.3 Die aktualiteit van die studie vir die dilemma van die swart onderwyser

Die rede waarom onderwys en opvoeding aan die swart leerling nie tot volle ontplooiing kan kom nie, is daaraan te wyte dat die swart onderwyser in die RSA nie aan bogenoemde belangrike opleidingskriteria voldoen nie.

Ornstein en Vairo (1969:160) vestig die aandag op die onderwyser wat nie kan voldoen aan hierdie hoë verwagtings wat die onderwysprofessie aan hom stel nie. Onderwysers wat nie oor genoegsame kwalifikasie en vakkennis beskik nie, kan die klaskamersituasie nie hanteer nie; gevolglik gooi die onderwyser tou op. Van Heerden (1986:27) ondersteun Ornstein en Vairo se sienswyse deur ook te verduidelik dat 'n ongemotiveerde onderwyser se houding in sy leerlinge se swak resultate weerspieël word.

Dit is dus veral die swart onderwyser in die RSA wat ernstige probleme ondervind. 'n Té groot persentasie onderwysers (94,6%) word as on- of onder-gekwalifiseerd beskou, dit wil sê, as kategorie C(M+3) aanvaar word as 'n minimum vereiste vir registrasie (Anon., 1986b.:5). Hierdie kritieke situasie beteken 'n heel nuwe uitdaging vir die Republiek van Suid-Afrika wat onmiddellike navorsing en aandag verg. Relly (1987:17) meen dat daar 80 000 swart onderwysers is wat net 'n standerd agt het, en daarbenewens 'n tweejarige onderwyskwalifikasie verwerf het. Sy getal sluit die Transkei, Venda, Bophuthatswana en Ciskei in.

Die RSA is 'n interessante voorbeeld waar die eise van die Derde Wêreld en 'n geïndustrialiseerde land daagliks in kombinasie aan sy inwoners gestel word. Die swart onderwyser wat die leerling moet voorberei vir 'n beroep in 'n tegnologies ontwikkelende en multi-kulturele samelewing, beskik nie oor voldoende motivering en entoesiasme nie, vanweë sy lae kwalifikasies.

Mphahlele (1985:73) beklemtoon die dispariteit in die getal leerlinge per onderwyser as die vier hoof bevolkingsgroepe bestudeer word. Die primêre skole in 1984, byvoorbeeld: 33,2:1 by die swartes teenoor 10,4:1 by blankes, 18,8:1 by kleurlinge en 14,2:1 by Indiërs. Die swart onderwyser het dus die probleem van oorvol klasse en maak individuele hulpverlening onmoontlik veral in 'n remediëringsprogram. Volgens Van der Walt (1984:7) is daar ongeveer sestig leerlinge per klas in die Vaaldriehoek se swart skole. Dit is dus nie verbasend dat baie swart onderwysers nie selfversekerd is nie, 'n lae selfbeeld het en voel dat hulle nie opgewasse vir hulle taak is nie (Bot, 1985:29).

In die Vaaldriehoek woon daar 318 295 swartes met bykans 100 swart skole wat 90 000 swart leerlinge moet akkommodeer en 'n onderwyskollege met ongeveer 450 studente. 'n Tak van Vista lei minder as 100 studente op en 'n paar nagraadse swart studente studeer vanaf 1985 aan die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO (Van der Walt, 1984:7). Volgens persoonlike onderhoude wat met onderwysers, skoolhoofde en inspekteurs gevoer is, is onvoldoende onderrigfasiliteite in hierdie snel groeiende industriële gebied 'n aktuele probleem veral betreffende

laboratoriumtoerusting, onderwysmedia, sportgeriewe en naslaanbronne in biblioteke. Die gebiede wat deur swart mense in die Vaaldriehoek bewoon word, is: Sebokeng, Sharpeville, Boipatong, Boipilong en die plaaslike gemeenskappe van Sasolburg, Parys en Meyerton.

'n Ander dilemma waarin die swart onderwyser hom bevind, is die ouderdomsverskil wat daar tussen onderwyser en leerling bestaan. Dit is opmerklik dat swart onderwysers grotendeels onder 30 jaar oud is. Volgens Van Niekerk (1983:94) is vyftig persent onderwysers van swart leerlinge jonk en dus onervare, en promoveer leerlinge in veral die laer klasse te maklik. Hierdie toedrag van sake veroorsaak 'n hoë druippersentasie by eksterne eksamens.

Die huidige situasie met betrekking tot die meeste swart onderwysers versomber die onderwysstelsel in die RSA en vra om aandag vir besinning, strategiebeplanning en probleemoplossing.

### 1.1.4 Die aktualiteit van hierdie studie vir die posisie van die swart leerling in die RSA

Gedepriveerdheid dra baie by tot die swart leerling se agterstand op skolastiese gebied in die RSA en ook in die Vaaldriehoek. Milieugestremdheid (kyk 1.1.7.6) neem in momentum toe, namate die ekonomiese druk van 'n Westerse tegnologies-georiënteerde onderwysstelsel toeneem. Die meeste swart ouers kan nie finansieel voorsien in elementêre behoeftes van hulle kinders om suksesvol op skolastiese gebied te funksioneer nie. Schoeman (1984:6) verklaar dat daar tydens 'n opname in 1983 bevind is dat minder as dertig persent swart matrikulante die weelderigheid van 'n eie tafel, stoel en lamp besit het, waarby hulle in stilte en rustigheid kon studeer.

Gebrekkige skoolgereedheid veroorsaak 'n onmiddellike agterstand wanneer formele onderrig begin (Anon., 1987b.:2). Voor skool word

swart kinders nie genoegsaam blootgestel aan die gedrukte woord nie, omdat die meeste ouers nie geld het om boeke aan te koop nie. 'n Onlangse toetsreeks wat by twee en vyftig swart onderwyskolleges uitgevoer is, het getoon dat die studente se gemiddelde leesvaardigheidsouderdom gelyk is aan die van 'n kind van nege-en-'n-half-jaar (Anon., 1985:22).

Swart skoolkinders se onderwys ly skade omdat baie betrokke is by politieke onrus sedert die begin van 1986. Aktiewe deelname van swart jeugdiges aan skoolboikotte het tot gevolg gehad dat leerlinge nie voorbereid was om die Departement van Onderwys en Opleiding se skooleksamens af te lê nie. Die slagspreuk "liberation before education" was gereeld deur swart kinders gebruik (Mischke, 1987:4).

Volgens Motau (1985:11) moet agt uit 31 swart plaasskole se leerlinge afstande van tien kilometer en meer per keer loop om by die skool te kom wat beteken dat 20 kilometer en meer per dag afgelê moet word. Die gemiddelde afstand is vyf kilometer. Doeltreffende konsentrasie en skoolprestasie vir hierdie swart kinders wat soms ly aan wanvoeding ook, is bykans onmoontlik. Die meeste kinders van swart plaasskole verlaat die skool in die vroeë standerds van die laerskool om broodwinners te word. Swart ouers is ten gunste van kinders wat kan geld begin verdien omdat plaaswerkers se lone laag is (Montau, 1985:12).

Gedepriveerdheid en vervoerprobleme strem dus die swart leerlinge van plaasskole se skolastiese vordering, terwyl ondergekwalifiseerde onderwysers en onbelangstellende ouers hierdie toestande vererger.

Daar is ander probleme van die swart leerling ten opsigte van die onderrigleersituasie in die RSA soos té groot ouderdomsverskille van leerlinge in dieselfde standerd, 'n handboektekort, tekort aan leerlingplekke, onbevredigende hoë druipsyfer en die afwesigheid van skoolplig (Van Niekerk, 1983:72-80).

Deurlopende navorsing en evaluering van onderwys as 'n geheel is noodsaaklik om opvoedende onderwys tot sy volle ontplooiing te laat kom

in 'n nuwe dinamiese RSA. Dinamies in dié sin dat onderwys en die opleiding van onderwysers van alle rasse in die RSA van die beste gehalte ter wêreld sal wees. Die huidige onderwysstelsel voorsien nie in die meeste inwoners van die RSA se behoeftes nie. Die totale bevolking van die RSA moet toegerus wees om die potensiaal van hierdie land ten volle te ontwikkel (Meerkotter 1986:16). Hierdie navorsing is gerig om die krisis van die swart onderwyser in die Vaaldriehoek en die res van die Republiek van Suid-Afrika te help oplos.

**1.1.5 Die aktualiteit van hierdie studie vir indiensopleiding van swart onderwysers by 'n onderwysersentrum in die Vaaldriehoek**

Die feit dat die meeste swart onderwysers nie voldoende gekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee nie, dra by tot hul ongemotiveerdheid en swak selfbeeld. (Vergelyk paragraaf 1.1.3.) Die hoofoplossing lê in indiensopleiding van die onderwyser om sy effektiwiteit in die klaskamer te verhoog en sy vakkennis volgens die nuutste metodologie aan te pas (Pelser, 1987b:28). Pelser (1987b:27) onderskei tussen indiensopleiding en verdere opleiding. Indiensopleiding verhoog die onderwyser se effektiwiteit in die klaskamer en versterk sy selfvertroue en motivering. Verdere opleiding behels opleiding wat die onderwyser ondergaan om sy kwalifikasies te verbeter en sodoende ook verhoging in salaris te ontvang. Die hoë eise wat aan die onderwysprofessie gestel word en die probleme waarmee veral die swart onderwyser in die huidige ontwikkelende Westerse samelewing te kampe het, noop die onderwyser om kennis te bekom om dit te kan hanteer.

Ontwikkeling en verandering in die onderwys kan grotendeels net voordelig wees, anders verouder metodologie en stagneer die onderwyser. 'n Onderwysersentrum beantwoord gedeeltelik aan hierdie behoefte van die onderwyser, naamlik om tred met die vinnige toename in kennis te hou en op die hoogte te bly van die nuutste tendense in die onderwysberoep. Die onderwyser in diens van die Departement Onderwys

en Opleiding in die Vaaldriehoek benodig onderwysersentra waar hulle indiensopleiding kan ondergaan om eie effektiwiteit in die klaskamer te verhoog en vakkennis uit te brei. Die gedagte van die onderwysersentrum is gevestig op die grondslag dat die onderwyser 'n behoefte daaraan het om sy kennis uit te ruil; dat die onderwyser sy probleme op professionele vlak met ander kollegas kan bespreek en dat kundigheid dikwels op 'n nie-formele wyse bekom kan word. Die hoofidee is dat die sentrum daar is met die doel om onderwysers op te lei deur leerinhoud en vakdidaktiese probleme met mekaar te bespreek en dusdoende beter toegerus te word. Die onderwyser is dus sy eie opleier (Jordaan, 1987).

Die Katisetso-onderwysersentrum, met mev M A Dimema as sentrumhoof het in 1987 begin funksioneer in Sebokeng (Du Preez, 1987). Daar is 'n dringende behoefte aan meer onderwysersentrums in die Vaaldriehoek, veral as in aanmerking geneem word dat hierdie toonaangewende gebied sowat 100 skole huisves (Van der Walt, 1984:7).

Die beginstadia van onderwyssentrums was klein en minderwaardig, maar die sentrums het gegroei tot die dinamiese nuwe benadering wat vandag die basis van indiensopleiding in die breedste sin vorm. Onderwysers self speel die hoofrol in besluitneming, en neem in hulle eie beskikbare tyd deel, aan die wye spektrum van aktiwiteite by die onderwysersentrum. Hierdie spontane deelname van praktiserende onderwysers is 'n duidelike bewys dat die onderwysersentrums 'n voorheen bestaande vakuum nou effektief vul (Kahn, 1979:2).

Die onderwysersentrum is die onderwyser se laboratorium waar hy kan eksperimenteer met nuwe idees om sy eie persoonlikheid in die gebruik van die kurrikulum in te vleg. Die onderwyser is ook soos Fibkins (1979:49) dit stel soos alle ander beroepsmense, en wil graag beroepstevredenheid en beroepsukses smaak. Onderwysers belewe reeds die finansiële sekuriteit wat die onderwys bied, hulle wil graag meer verantwoordelikheid dra en wil graag werk lewer van 'n meer betekenisvoller aard. Onderwysers wil graag erkenning vir hulle werk van hul werkgewer ontvang omdat hulle 'n behoefte daaraan het om gerespekteer te word en hulle wil vertrou word en weet dat hulle hul

werk goed doen. Hierdie "salaris" wat nie geld behels nie, maar hoër waardesisteme is die beloning wat die onderwyser verlang, omdat hy reeds ekonomies weerbaar is (Fibkins, 1979:50).

Die onderwyser voel geborge by die onderwysersentrum. Dis die plek waar hy selfstandig voel en waar waardering op sy aanbevelings hom aanspoor tot verdere hoogtes. Die isolasie wat dikwels tussen onderwysers bestaan vanweë die verskillende poste wat hulle beklee, verdwyn by die sentrum, en kameraadskap ontstaan tussen kollegas van verskillende skole wat andersins nooit moontlik sou wees as dit nie vir die sosiale krag van die onderwysersentrum was nie.

### 1.1.6 Probleemstelling

Die inwoners van die Republiek van Suid-Afrika gaan in die huidige tydsgewrig gebuk onder die las van verskeie krisisse wat dreig om die lewenskwaliteit van al sy inwoners te verlaag. Die krisis wat opvoeders en opleiers van onderwysers meer direk raak, is 'n krisis in die onderwys wat opnuut aandag vir besinning, strategiebeplanning en probleemoplossing vra (Calitz, 1986:1).

Die probleem wat veral die onderwysstelsel in die Vaaldriehoek skaad, is leerlinge wat "verlore" gaan, as gevolg van gedepriveerdheid en die onkundigheid by onderwysers om die situasie te hanteer. Die meeste swart onderwysers in diens van die Departement van Onderwys en Opleiding het indiensopleiding nodig om kundigheid te bekom hoe om gedepriveerde leerlinge op te voed en te onderrig. 'n Bewys van die ondergekwalifiseerdheid van swart onderwysers is dat tagtig persent van al die onderwysers in swart onderwys kwalifikasies het van standerd tien en minder (Christie, 1986:116). Die swart leerling voel al hoe meer verwyderd van sy onderwyser omdat hy nie vertroue in die professionele bekwaamheid van sy onderwyser het om hom volledig toe te rus vir die toekoms nie. Hierdie gaping tussen onderwyser en leerling in talle

gebiede in die RSA het reeds sulke ernstige afmetings aangeneem dat skole gesluit moes word omdat leerlinge hulle onderwysers en onderwysstelsels heeltemal verwerp (Viljoen:1986b).

Die onderwyser word gekonfronteer met kommerwekkende probleme soos negering van gesag, geweld in skole, sosialistiese slagspreuke, Marxistiese inslag in die onderwys, aggressie en vyandigheid teen enige vorm van gesag. Die onderwyser se beeld het verdwerg in die gemeenskap wat op sigself verdeeld en verward is.

Soos in ander dele in die RSA het die onbevredigende skolastiese prestasie van swart leerlinge ook in die Vaaldriehoek sedert die einde van 1984 toenemend verswak en 'n groter verwydering tussen onderwyser en leerling veroorsaak. Ten spyte van die onderbrekings in die gang van onderrig in die skole, skryf leerlinge hulle swak prestasie steeds toe aan swak opgeleide onderwysers en 'n ontoereikende onderwysbedeling (Christie, 1986:219-225). Ten einde gelyke onderwysgeleenthede aan alle inwoners van die RSA te kan bied, is dit noodsaaklik om die probleem van ondergekwalifiseerde onderwysers in swart onderwys die hoof te probeer bied. Die onderwyser moet seker wees dat hy presies weet waarheen hy met die swart kind op weg is, en die kind moet opsien na die onderwyser en glo daarin dat onderwys die kwaliteit van sy lewe sal verbeter. Die onderwyser moet streef daarna om toegerus te wees met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, sodat opvoedingswerk geloofsekerheid aan die swart leerling kan besorg en hy weerbaar en verantwoordelik sy plek in die samelewing van Suid-Afrika kan volstaan (Van der Walt, 1983:54).

Aangesien die onderwyser self die verantwoordelikheid het om hierdie krisis te oorbrug, kom 'n belangrike vraag na vore, naamlik hoe die onderwyser van swart leerlinge toegerus kan word om die krisis op te los en die verhouding tussen hom en die leerling ten behoewe van opvoedende onderwys te herstel.

Die navorsing wat handel rondom hierdie probleemstelling sal aandag gee aan die volgende drie aspekte:

* Watter faktore dra by tot die verwydering tussen onderwysers en leerlinge in swart onderwys?

* Hoe kan die onderwyser van swart leerlinge sy professionele effektiwiteit verhoog en sy vakkennis verbeter?

* Watter aanbevelings kan gemaak word vir die indiensopleiding van swart onderwysers in die Vaaldriehoek, en hoe moet hierdie sentrums vir indiensopleiding funksioneer om opvoedende onderwys aan swart leerlinge tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel?

### 1.1.7 Begripsomskrywing

Dit is nodig om met hierdie navorsing sewe begrippe beter te omskryf:

* indiensopleiding,
* swart onderwysers,
* onderwysersentrum,
* opvoedende onderwys,
* die Vaaldriehoek,
* gedepriveerdheid of milieugestremdheid en
* on- of ondergekwalifiseerd.

#### 1.1.7.1 Indiensopleiding

Die begrip indiensopleiding behels die verdere ontwikkeling van die diensdoenende onderwyser om op praktiese onderwysvlak, persoonlike akademiese kennisvlak en op professionele bevoegdheidsvlak meer effektiwiteit te bekom en uit te brei (Stephens, 1975:37).

#### 1.1.7.2 Swart onderwysers

Die swart onderwyser is die onderwyser wat verbonde is aan primêre en sekondêre skole in die RSA se swart woongebiede. Hulle is afkomstig van die volgende rassegroepe: Suid-Sotho, Noord-Sotho, Wes-Sotho, Tswana, Zoeloe, Venda, Swazi, Ndebele, Xhosa of Tsonga - Shangana.

#### 1.1.7.3 Opvoedende onderwys

Opvoedende onderwys betrek twee hooffigure: die leerling en sy onderwyser. Die onderwyser lewer 'n belangrike bydrae in die onderrig en opvoeding van die leerling in sy totaliteit, as geskapene in die lewenswerklikheid. Die onderwyser help die leerling vorm op akademiese, morele, kulturele, estetiese, sosiale, emosionele, liggaamlike en religieuse gebied om hom voor te berei tot 'n verantwoordelike volwassene wat sy plek in 'n beroep en in die samelewing waardig sal wees.

"Opvoeding is 'n sleutelfaktor in ontwikkeling en groei van 'n individu en van 'n gemeenskap. Daar is geen twyfel nie dat opvoeding 'n kernrol sal speel om alle Suid-Afrikaners voor te berei vir 'n vry, demokratiese toekoms."
(Steyn 1986:13.)

Opvoedende onderwys moet die kind volledig en gebalanseerd laat ontsluit met 'n gevestigde waardesisteem om as volwasse burger te help bou aan 'n gemeenskaplike vaderland. Wit en swart leerlinge moet mekaar se kulture beter leer ken en elkeen se menswaardigheid moet gerespekteer word. Die onderwyser, in die huidige bedeling in die RSA, het 'n geweldige belangrike taak om die jeug deur opvoedende onderwys tot medemenslikheid op te voed. So 'n aanname kan by elkeen toekomsverwagting, idealisme en 'n sterk selfbeeld ontwikkel. Die minderwaardigheidsgevoel by swart leerlinge en die

meerderwaardigheidsgevoel by wit leerlinge sal moet verdwyn as 'n gemeenskaplike vaderland in die vooruitsig gestel word. Opvoedende onderwys kan dit bewerkstellig as die onderwyser lewensryp en verantwoordelik genoeg is om sy deel by te dra.

### 1.1.7.4 Die onderwysersentrum

'n Onderwysersentrum is 'n opleidingseenheid wat uitsluitlik geskep is vir die praktiserende onderwyser om sy kennis met ander kollegas te deel en op die wyse nuwe kundigheid aan te leer, sodat meer effektiwiteit in die klaskamer ingevoer word. Opvoedende onderwys aan swart leerlinge kan alleenlik tot sy volle potensiaal ontwikkel word as die onderwyser bereid is om sy tekortkominge te erken en bereid is om indiensopleiding te ondergaan by die onderwysersentrum. Die hoofbegrip van die onderwysersentrum is gebaseer op die doel om opleiding vir die onderwyser, deur die onderwyser en tot die onderwyser op 'n vrywillige basis te laat plaasvind. Die onderwyser wat sy tyd opoffer om indiensopleiding by die onderwysersentrum te ondergaan, word gemotiveer tot selfstudie en ware vakkundige en professionele ontwikkeling.

"In die onderwysersentrum word onderwysers die geleentheid gebied om hulp van hulle kollegas te ontvang met die oog op die verbetering van hulle eie onderrigfunksie. Dit geskied by wyse van hulpverlening met probleme wat ondervind word, die vertroudmaking met verskillende tegnologiese hulpmiddels of die deurgee van algemene inligting en wenke ten opsigte van beter onderrigpraktyke."
(TOD, 1974:1-2.)

Vak- en standerdkomitees by die onderwysersentrum vergader op 'n gereelde basis en verskaf die onderrigtoerusting waarna die onderwyser wat probleme ondervind, soek. Onderwysers kry die geleentheid om onderwysmedia saam te vervaardig en die toepassing daarvan met mekaar

te deel. Onderwysers van verskillende skole wat dieselfde vakke aanbied, kom in aanraking met mekaar by die onderwysersentrum en bespreek metodes, reël demonstrasielesse, hou groepsbesprekings of beplan 'n kursus saam vir 'n ander gebied se onderwysersentrum wat andersoortige probleme ervaar. Die aard van 'n onderwysersentrum bewerkstellig ook 'n huislikheidsgevoel by die onderwyser want dit is 'n privaatplek waar die onderwyser geborge voel. Beginneronderwysers ondervind dikwels behuisingsprobleme en benodig ruimte om voorbereidingswerk te doen. Die onderwysersentrum is dus ook 'n werkplek wat talle geriewe besit wat die onderwyser benodig om hom suksesvol, sonder steurnisse vir die volgende skooldag voor te berei.

#### 1.1.7.5 Die Vaaldriehoek

Onderwys aan swart leerlinge vind in die Vaaldriehoek plaas by heelwat plaasskole in Meyerton, Vereeniging, Sasolburg, Vanderbijlpark en Parys. Daar is 'n groot konsentrasie van primêre en sekondêre skole in Sharpeville, Sebokeng, Evaton en Boipatong.

#### 1.1.7.6 Gedepriveerdheid of milieugestremdheid

Vanuit 'n onderwysperspektief gesien beteken gedepriveerdheid of milieugestremdheid vir die swart leerling dat hy ontneem is van die voorreg om goed te kan presteer deur ongelykwaardige onderwysgeleenthede. In die Vaaldriehoek bestaan daar nie 'n enkele swart primêre skool wat met elektriese krag voorsien is nie. Daar is dus geen goeie beligting tydens onweersdae nie en die noodsaaklike gebruik van oudio-visuele en ander elektriese apparaat is buite die kwessie. Gedepriveerdheid behels ook die ondergekwalifiseerdheid van 85% swart onderwysers, want hierdeur ontvang baie swart leerlinge nie effektiewe

onderrig wat op 'n professionele standaard is nie; gevolglik verwerp leerlinge hulle onderwysers of ontstaan daar 'n verwydering. Die meeste leerlinge ervaar hulle woongebiede as neerdrukkend waar daar tussen ongeveer twaalf en twintig mense in 'n een- of tweevertrekhuisie woon. Armoede en wanvoeding is 'n algemene verskynsel wat bydra tot swak skoolprestasie en swak riolering veroorsaak onhigiëniese toestande. Milieugestremdheid of gedepriveerdheid het dus 'n nadelige invloed op die swart leerling se skolastiese vordering.

#### 1.1.7.7 On- of ondergekwalifiseerd

On- of ondergekwalifiseerd by die swart onderwyser word beskou soos volg:
Die onderwyser mag wel oor 'n matrieksertifikaat beskik of selfs 'n kategorie C (M+3) hê, maar hy of sy is nie gekwalifiseerd in 85% van gevalle vir die spesifieke poste wat hulle beklee nie. Daar is byvoorbeeld in Parys 'n onderwyser wat vir matrieks Wiskunde gee en sy eie kwalifikasie in Wiskunde is st. 10.

### 1.1.8 Doel met die ondersoek

Die doel met hierdie ondersoek is om:

* vas te stel met watter probleme die onderwyser te kampe het wat 'n verwydering veroorsaak tussen hom en die swart leerling;

* en om riglyne te stel hoe die onderwyser beter toegerus kan word ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys, vakkennis, professionele effektiwiteit, persoonlikheidsontwikkeling, menseverhoudinge, kultuuraktiwiteite en buitemuurse afrigting om sodoende sy

onderwysverantwoordelikhede te operasionaliseer en genoemde verwydering teen te werk, en

* om duidelik omlynde aanbevelings te maak ten opsigte van die funksionering van, en indiensopleiding by onderwysersentra vir swart onderwysers in die Vaaldriehoek en ook aanbevelings vir verdere navorsing te maak.

### 1.1.9 Navorsingsmetode

Om die probleemvraag te beantwoord en in die doel met die ondersoek te slaag, sal hoofsaaklik van die volgende metodes gebruik gemaak word:

#### 1.1.9.1 Literatuurstudie

Hierdie navorsing word grootliks gebaseer op 'n literatuurstudie. Benewens primêre bronne oor die Suid-Afrikaanse onderwyskrisis sal in 'n groot mate ook van sekondêre bronne soos boeke, tydskrifartikels en koerantberigte gebruik gemaak word.

Tydskrifindekse wat geraadpleeg is, is die volgende:
**CIJE (Current index to journals in education),**
**Education index,**
**Research in education** en
**British Educational Journal.**

Daar is ook van **Thesaurus of ERIC descriptors** gebruik gemaak om korrekte trefwoorde te vind.

Vanuit hierdie indekse is oorsese en plaaslike tydskrifartikels opgespoor, bestel en geraadpleeg.

In vyf universiteitsbiblioteke is boeke gevind wat in die bibliografie genoem word en wat agtergrondskennis verleen het tot hierdie navorsing. Die biblioteke waarna verwys word, is die volgende:

- PU vir CHO
- RAU
- UP
- Wits
- UOVS en
- Transvaalse Onderwysbiblioteek te Pretoria is besoek en genoemde boeke is bestudeer.

### 1.1.9.2 Onderhoudvoering

* Weens die sensitiwiteit rondom onderhoudvoering en die poste wat hulle beklee, het die meeste amptenare versoek dat hulle nie direk in hierdie verhandeling aangehaal mag word nie. Daar is gebruik gemaak van ongestruktureerde onderhoudvoering aan die hand van etlike neergelegde vrae. Alle onderhoude is op klankband opgeneem.

* Onderhoude is gevoer met drie rektore, drie vise-rektore en drie departementshoofde by swart onderwyskolleges, verskeie assistent-direkteure, kringinspekteurs, swart skoolhoofde en swart onderwysers van die Departement van Onderwys en Opleiding. Onderhoude is gevoer met vier onderwysersentrumhoofde en ook senior amptenare in die privaatsektor in Vereeniging.

### 1.1.10 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 INLEIDING

Hoofstuk 2 DIE VERWYDERING TUSSEN ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN SWART ONDERWYS

Hoofstuk 3 DIE ONDERWYSERSENTRUM AS INSTRUMENT VIR INDIENSOPLEIDING VAN SWART ONDERWYSERS

Hoofstuk 4 DIE FUNKSIONERING VAN 'N ONDERWYSERSENTRUM VIR ONDERWYSERS VAN SWART LEERLINGE IN DIE VAALDRIEHOEK

Hoofstuk 5 OPSOMMING EN AANBEVELINGS

### 1.1.11 Samevatting

Dit het noodsaaklik geword dat swart onderwysers meer effektief en gemotiveerd moet wees in die RSA om die kind voldoende vir sy toekoms voor te berei. Daar is ook 'n groot behoefte aan navorsing op die gebied van swart onderwys, sodat onderwyskundiges kan help ontwerp aan 'n beter onderwysbedeling in 'n multikulturele RSA. Opvoedende onderwys moet daarop gerig wees om die minderwaardigheidsgevoel van die swart kind uit te skakel en die meerderwaardigheidsgevoel by die wit kinders teen te werk: sodat die totaliteit van die jeug kan help bou aan 'n nuwe toekoms, waarin alle skoolgaande kinders gelyke onderwysgeleenthede kan geniet.

Indiensopleiding vir die onderwyser van die swart leerling is nodig, sodat alle leemtes in die onderwyser se onderrigmondering, wat 'n gaping

tussen hom en die swart leerling veroorsaak, uitgeskakel kan word. In die Vaaldriehoek is daar 'n opmerklike tekort aan onderwysersentrums, waarheen onderwysers van swart leerlinge hulle kan wend met hulle professionele probleme. Die doel met hierdie navorsing is om 'n bydrae te lewer met die daarstelling van riglyne waarvolgens die onderwyser beter toegerus kan word by swart onderwysersentrums om sodoende die onderwyser se onderwysverantwoordelikhede in te skerp en te verhoog.

# H O O F S T U K 2

# DIE VERWYDERING TUSSEN ONDERWYSERS EN LEERLINGE IN SWART ONDERWYS

## 2.1 INLEIDING

In 'n ondersoek is die respondente versoek om drie hoofredes vir boikotte en betogings van swart leerlinge aan te dui. Uit die response is die volgende redes afgelei:

TABEL 2.1: BESWARE VAN SWART LEERLINGE MET HULLE ONDERWYSSISTEEM (Bot, 1985:31.)

| | |
|---|---|
| Ontevredenheid met onderwysers | 49% |
| Toepassing van lyfstraf | 10% |
| Algemene ontevredenheid | 9% |
| Slegte skoolregulasies | 8% |
| Fasiliteite ontbreek | 5% |
| Verbitterde onverantwoordelike studente | 5% |
| Ontevredenheid met die skoolhoof | 4% |
| Onbillike skoolfondse | 4% |
| Ander redes | 4% |
| Geen | 2% |


Uit die voorafgaande tabel is dit duidelik dat daar 'n verwydering tussen leerlinge en onderwysers in swart onderwys bestaan. Hierdie ontevredenheid het sy oorsprong grotendeels in die ondergekwalifiseerdheid van swart onderwysers. (Vergelyk tabel 2.1.)

Teen 1986 was ongeveer 35% blankes gegradueer met 'n professionele kwalifikasie teenoor 2% swartes, 4% kleurlinge en 25% Indiërs. (Vergelyk tabel 2.2.) Die voorafgaande gegewens is weer eens 'n bewys van die krisis in swart onderwys en waarom die verwydering tussen die swart onderwyser en die leerling 'n werklikheid is. 'n Swart kringinspekteur noem die voorbeeld van een sekondêre skool met 'n leerlingtal van 1 300 en 'n personeel van 47 waar alleenlik die hoof 'n gegradueerde is en dat by Sekondêre Skool Mgopoleng in Sasolburg daar geen personeellid is met 'n universiteitsgraad nie.

"Inadequately educated black teachers are preparing poorly educated children from which a future generation of students will emerge and, with marginal improvements, this unfortunate cycle will continue."
(Elliot, 1986:20.)

Die RSA benodig die bedrewenheid van die totale jeug, wit en swart, as 'n vooruitstrewende toekoms in die vooruitsig gestel word. Onderwys is toekomsgerig, want dit omsluit die jeug wie se potensiaal ontwikkel moet word vir hierdie land. Gesien in die lig hiervan is dit duidelik dat die swart onderwysers dringend hulp nodig het, weens die akute en aktuele probleme waarmee hulle daagliks in die praktyk te kampe het. Onderwys gaan gepaard met geloof en hoop in die toekoms en daarom moet altyd in gedagte gehou word dat dit 'n langtermynbelegging is (Hartshorne, 1986:18).

TABEL 2.2: Onderwyskwalifikasies van onderwysers in die RSA; TRANSKEI, BOPHUTHATSWANA, VENDA EN CISKEI UITGESLUIT (Anon., 1986:a:35.)




Daar bestaan ongetwyfeld 'n groot behoefte aan volledige, resente en betroubare navorsingsbevindinge ten opsigte van probleme in die swart onderwys en hoe dit spoedig opgelos en verbeter kan word, en hoe beter opleiding, beplanning en analise gekoördineer kan word. Die sleutelfiguur is beslis die swart onderwyser wat die toekoms van die swart kind in 'n tegnologiese maatskappy gepaard met politieke ontwikkelinge

moet help vorm. Volgens Frankenstein (1979:vii) hang die toekoms van die swart leerling af van die opvoeder se inisiatief om verbeeldingryk oor die onderwys en -beplanning te dink en nooit stagnasie te aanvaar nie.

"Order in education and stability in the black communities is essential for progress on the road of political reform and the accomplishment of the ideal of an equal supply of education for all population groups." (Pleming, 1986:15.)

Mopeli (1985:4) meen ook dat onderwys die kern van ontwikkeling uitmaak en dat geen steen onaangeroer gelaat moet word om alle moontlike geleenthede in die onderwys, ook vir die swart kind, te benut en uit te bou nie.

Voordat daar met probleemoplossings en bevindinge en aanbevelings na vore gekom kan word, is dit eers nodig om die probleme te identifiseer waarmee die swart onderwyser te kampe het wat 'n verwydering tussen hom en die kind veroorsaak sodat opvoedende onderwys nie tot volle ontplooiing kan kom nie.

## 2.2 REDES VIR DIE VERWYDERING TUSSEN SWART ONDERWYSERS EN HUL LEERLINGE

### 2.2.1 Dispariteit in die RSA se onderwysbesteding en die swart leerlingbevolkingsontploffing

Gilbert (1982:38) aksentueer die gevoel van ontevredenheid by belanghebbendes oor die ontoereikende kwaliteit by swart onderwys, veral as die bestaande fasiliteite bestudeer en vergelyk word met dit wat die blanke onderwys geniet. Die volgende probleme word in swart onderwys geïdentifiseer:

- laboratoriumfasiliteite is te min,
- daar is 'n handboektekort,
- fisiese ruimte ontbreek by swart onderwys,
- te min klaskamers,
- die kwaliteit van onderwys is benede peil,
- die vakke is nie beroepsgerig nie, en
- daar bestaan ook nie 'n verskeidenheid vakrigtings soos wat die blanke kind het nie.

"'n Mate van ontnugtering het ook by die ouer ingetree oor die wyse waarop die swart onderwysstelsel afsteek teenoor dié van die blanke. Daar is vir hulle 'n ooglopende verskil in fasiliteite en prestasie en hulle bemerk 'n totale uitsakking van kinders vir wie se onderwys die ouers groot offers gebring het. "
(Van der Walt, 1985:14.)

Die regering verkeer ook met sy toewysing per kapita in 'n baie moeilike posisie want die koste verbonde aan die oprigting van 4 530 klaskamers is volgens Clarke (1987:11) altesame R82 000 000 wat 'n groot besteding uit die staatskas beteken.

Die swart leerlingbevolkingsontploffing werk problematies op onderwysbesteding en -beplanning in omdat die begroting vir onderwys nie kan balanseer met die geweldige groot aanvraag nie.

Die totale bevolking van die RSA sal in die jaar 2 000 na raming tussen 44,2 en 45,2 miljoen mense tel en die geraamde bevolking vir die jaar 2020 sal tussen 58,5 en 68,1 miljoen wees.

TABEL 2.3: BEVOLKINGSGROEI VAN DIE RSA NA RAMING (MILJOENE) (Syncom, 1986:11.)

| BEVOLKINGSGROEP | 1980 | 2 000 | 2 020 |
|---|---|---|---|
| Indiërs | ,794 | 1,108 | 1,345 |
| Kleurlinge | 2,554 | 3,601 | 4,443 |
| Blankes | 4,364 | 5,817 | 6,652 |
| Swartes (hoog) | 15,892 | 34,913 | 55,700 |
| (laag) | | 33,719 | 46,125 |

Viljoen (1986a:719) meen dat die swart mense teen die jaar 2020 na raming 78% van die RSA se bevolking sal uitmaak; daarom is hulle onderwys en opleiding van deurslaggewende belang vir hulself sowel as vir alle ander mense in die RSA.

TABEL 2.4: TOTALE SKOOLGAANDE POPULASIE (Motau, 1985:16.)

| Bevolkingsgroep | 1965 | 1975 | 1983 |
|---|---|---|---|
| Swartes | 1 951 909 | 3 698 921 | 5 303 542 |
| Blankes | 730 347 | 903 062 | 986 276 |
| Kleurlinge | 435 532 | 640 476 | 769 282 |
| Indiërs | 133 347 | 184 144 | 228 737 |
| TOTAAL | 3 251 135 | 5 426 603 | 7 287 837 |

Die aantal swart leerlinge in die RSA het gegroei van 800 000 (8% van die swart bevolking) in 1953 tot naastenby 6,2 miljoen in 1984 (24% van die swart bevolking). Die swart leerlingbevolking groei jaarliks met

250 000 (RSA, 1986b:1). Syncom (1986:10) gee statistiek wat daarop dui dat die aantal blanke leerlinge, vanaf 1984 tot 2020, 'n afwaartse neiging sal toon, terwyl die aantal swart kinders op skool sal verdubbel:

TABEL 2.5: GERAAMDE SKOOLGETALLE ('000) (Syncom, 1986:10.)

| Bevolkingsgroep | | 1984 | | 2000 | | 2020 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | Getal | % | Getal | % | Getal |
| Blankes | 21 | 988 | 16 | 930 | 14 | 931 |
| Asiate | 26 | 230 | 25 | 277 | 23 | 309 |
| Kleurlinge | 28 | 780 | 25 | 900 | 23 | 1 022 |
| Swartes | 20 | 5 547 | 25 | 8 500 | 23 | 11 500 |
| (gemiddeld) | | | | | | |
| TOTAAL | | 7 545 | | 10 607 | | 13 762 |

Die groeiende getal swart leerlinge vergroot die probleem van oorvol klasse en 'n onpraktiese leerling-onderwyserverhouding. Onderwysers voel dikwels ontmoedigd weens die groot klasgroepe wat hulle moet hanteer en die leerlinge aan die ander kant voel dat hulle nie genoegsame individuele aandag ontvang nie. Differensiasie en remediëring kom ook nie tot volle ontplooiing nie, want die 85% swart onderwysers is nie voldoende gekwalifiseer vir die poste wat hulle beklee nie. Hoog begaafde swart leerlinge se potensiaal gaan grotendeels verlore en leerlinge met leerprobleme kan nie altyd die nodige professionele hulp ontvang nie. Al bogenoemde omstandighede veroorsaak 'n verwydering tussen die swart onderwyser en sy leerlinge, omdat opvoedende onderwys nie ten volle operasionaliseer nie.

Die besteding per kapita van die staat is die mees kontensieuse geskilpunt wat swart onderwys betref, en ook duidelik verstaanbaar is as na tabel 2.6 se statistiek gekyk word.

**TABEL 2.6:** BESTEDING PER KAPITA DEUR DIE STAAT OP ONDERWYS (Rm)
(Motau, 1985:16 en Syncom, 1986:17.)

| Bevolkingsgroep | 1975 | 1980 | 1983 | 1984 |
|---|---|---|---|---|
| Blankes | 605 | 1 169 | 1 385 | 1 654 |
| Asiate | 170 | 389 | 871 | 789 |
| Kleurlinge | 125 | 234 | 593 | 559 |
| Swartes | 39 | 91 | 192 | 264 |

Nog 'n area waaroor baie bespiegel word in onderwyskringe is die dispariteit in leerling-onderwyserverhoudings, want dit gaan gepaard met oorvol klasse in swart skole waarbinne individuele aandag en remediëring aan die leerling bykans onmoontlik is. Leerlinge, voel verwyderd van hul onderwysers omdat hulle deel vorm van 'n groot klasgroep en daar nie aan hulle besondere leerprobleme of spesiale talente aandag gegee word nie.

Tabel 2.7 verstrek gegewens aangaande leerling-onderwyserverhoudings.

**TABEL 2.7:** LEERLING-ONDERWYSERVERHOUDINGS (1984) (Syncom, 1986:17.)

| Bevolkingsgroep | Aantal leerlinge | Aantal onderwysers | Verhouding |
|---|---|---|---|
| Swartes | 1 679 975 | 41 460 | 1:40,5 |
| Kleurlinge | 780 000 | 29 358 | 1:26,5 |
| Asiate | 230 500 | 9 124 | 1:25,2 |
| Blank | 988 369 | 52 300 | 1:18,9 |

Makgabutlane (1987:7) wys op die tekort aan handboeke vir swart leerlinge wat bestaan ten spyte van die feit dat omstandighede weer na normaal teruggekeer het en swart leerlinge weer terug is op skool na al die onrus en betogings van vroeg 1987.

Dispariteit is nie al probleem in swart onderwys nie. Die swart onderwyser se posisie word aansienlik bemoeilik as in ag geneem word dat daar nog so baie ander probleme genoem kan word waarmee hulle te kampe het.

### 2.2.2 Kommunikasiegapings in swart onderwys en verdeeldheid in onderwysliggame van die bevolkingsgroepe

Dialoog of samesprekings het al baie waardevolle bydraes tot verbeterde menseverhoudings en verligting van politieke spanning gelewer. Kommunikasiekanale wat oop en beskikbaar is in die wêreld van die swart onderwys kan net tot die hele bevolking se voordeel strek. Die onderwyser in gedepriveerde skole sit egter met die probleem dat daar in sy stelsel heelwat kommunikasiegapings bestaan. Die klagte bestaan dat skoolhoofde en onderwysers moeilik genader kan word deur leerlinge wat probleme ervaar of klagtes het (Bot, 1985:30). By baie skole is personeelvergaderings 'n seldsame verskynsel en wanneer dit wel plaasvind, word onbenullighede bespreek. Die leerlinginspraak het tot stilstand gekom met die eise om SRC's te erken as die leerlinge se verteenwoordigende liggaam, en sodoende het daar 'n gaping in die struktuur gekom wat kommunikasie bevorder.

Leerlinge voel verwyderd van hulle onderwysers omdat behoorlike kommunikasie vanweë oorvol klasse tussen die swart onderwyser en leerlinge ontbreek. Leerlinge kan in die meeste gevalle nie met hulle probleme na hul onderwysers gaan nie, omdat daar te veel leerlinge in een klas is om te hanteer en dan volg baie skole ook die duddelsessieskoolprogram. Dubbelsessies beteken dat die

onderwysprogram wat vir een dag geskeduleer is, dubbeld aangebied word, met ander woorde 'n volgende groep leerlinge ontvang in die middag hulle onderrig.

Demotivering kan teëgewerk word as daar kommunikasie bestaan tussen die amptenare van die Departement van Onderwys en Opleiding, bedoelende dan tussen owerhede, assistent-direkteure, kringinspekteurs, skoolhoofde, departementshoofde, onderwysers en leerlinge.

Taunyane (1986:4), hoof van die Hoërskool Sebokeng en president van die Transvaalde Verenigde Swart Onderwysersassosiasie, sien gelykwaardige onderwysgeleenthede as 'n bereikbare doelstelling. Wanneer 'n oorkoepelende onderwysdepartement daargestel word vir die akkommodasie van al die bevolkingsgroepe in die RSA, sal gelykwaardige onderwysgeleenthede verwerklik kan word, maar nie daarsonder nie. De Klerk (1985:46) meld dat daar in 1985 agttien onderwysdepartemente in die RSA was, waarvan vyf na blanke opleiding en elf na swart opleiding omgesien het. Die swart onderwyser kan homself nie assosieer met die werk wat die blanke onderwyser doen nie, omdat hulle aan verskillende onderwyserverenigings en departemente behoort en hulle leerlinge gevolglik verskillende eksamens skryf.

Afgesien van die feit dat onderwysers in die RSA verdeeld is wat hulle onderwysdepartemente en onderwysersverenigings betref, gebeur ook dieselfde wat onderwysersentrums betref.

"Another example of the gross waste of available resources is the use of Teacher Centres at the training colleges, where white teachers can upgrade teaching skills, but black teachers are denied access."
(Anon., 1986a:35.)

### 2.2.3 Die posisie van die swart onderwyser en sy ondergekwalifiseerdheid

Die onderwyser se ondergekwalifiseerdheid is 'n wesentlike probleem wat die onderwys vir swartes nadelig beïnvloed (vergelyk paragraaf 1.1.7.7). De Klerk raam die getal swart onderwysers wat ondergekwalifiseerd is op meer as tagtig persent (aangehaal deur Stuart, 1986:11). Selfs die skoolbestuurslede en skoolhoofde is nie opgewasse vir hulle verantwoordelike taak om hul personeel met goeie menseverhoudinge en mensekennis te benader nie, en hulle is ook nie opgelei om krisissituasies te hanteer nie (Smith, 1972:50; Van der Walt, 1984:17). Dit is nou algemene kriteria dat onderwysers in die RSA M+ 3 (matriek plus drie jaar onderwysersopleiding) moet hê om in beide primêre en sekondêre skole te kan skoolhou. Teen die einde van 1985 was 42 016 swart onderwysers in diens van die Departement Onderwys en Opleiding laer as bogenoemde vereistes gekwalifiseer en 30 089 was nie in besit van 'n St. 10-sertifikaat nie. Wat egter die meeste kommer wek, is dat die oorgrote meerderheid onderwysers in bevorderingsposte as skoolhoofde en departementshoofde in die laaste kategorie val. In 1984 was daar 24 179 swart onderwysers werksaam by sekondêre skole waarvan 3 524 of 14,6% geen professionele kwalifikasies gehad het nie en die akademiese kwalifikasies van 1 503 of 6% was laer as matriek. Slegs 2 402 of 9,9% was gegradueerd en hulle was versprei by 1 167 sekondêre skole (Sigatory Association, 1985:8).

Swart leerlinge voel verwyderd van hulle onderwysers, omdat meeste van hulle onderwysers ondergekwalifiseerd is en hulle beleef dan hulle onderwysstelsel as minderwaardig. Hierdie verwydering tussen onderwysers en leerlinge bring ook mee dat swart leerlinge 'n lae selfbeeld en 'n swak toekomsverwagting besit.

Hoe vinniger die onderwyser in die werksveld opgelei kan word, sodat hy bekwaam voor sy klas kan staan en dat hy sy werk met bekwaamheid kan verrig as hele mens, hoe beter (Gouws, 1987).

"Oor die algemeen verkeer die swart onderwyser in 'n besonder moeilike posisie. Aan die een kant is hy in baie gevalle die natuurlike leiersfiguur wat veral van die ouer geslag met hulle besondere hoë waardering vir geleerdheid, agting en respek wegdra. Daarteenoor word hy weer veral deur die jonger geslag al te dikwels gesien as 'n instrument in die hand van die sisteem, as 'n strooipop, as 'n medewerker in 'n stelsel van onderdrukking."
(Van der Walt, 1984:13.)

Die amalgamasie van twee hoofkulture: Swart en Westers het 'n radikale invloed uitgeoefen op die waardesisteem van swart mense. Wanneer die swart oortuiging verander, hetsy as gevolg van interne of eksterne faktore, sal die swart jeug se onderwys ook outomaties verander of die potensie van verandering inhou. Tradisionele opvoeding het inisiasie van die opkomende geslag behels wat ingelyf moes word by seremoniële eeuoue stamgebruike. Die nuwe aansig van volwassewording ontplooi in 'n Westerse samelewing waar individualiteit en verantwoordelikheid en nuwe eise van welvoeglikheid geld. Verwestering het die swartes in drie groepe verdeel, naamlik die elite, die werkersklas of industriële klas en die tradisionele klas (Luthuli, 1981:10-11). Die posisie van die swart onderwyser moet 'n balans probeer handhaaf, want die swart bevolking is sterk gemeng.

Die swart onderwyser het die verantwoordelikheid om oorgangsgemeenskappe in 'n nuwe aanpassingsperiode te ondersteun, maar weens sy eie onvermoë en ondergekwalifiseerdheid is die onderwyser nie bevoeg om die stedelike leerlinge te verstaan en te onderrig sodat hy in 'n verwesterde samelewing kan inskakel nie.

Leerlinge kritiseer dikwels hulle onderwysers by swart skole, omdat hulle voel dat die onderwysers hulle probeer intimideer en verwerp dan die gesag van die onderwyser. Die skole waar swart onderwysers onderrig gee, is in swart woonbuurtes geleë waar daar dikwels spanning en geweld heers. Die alledaagse lewe in swart woonbuurtes is moeilik en dikwels onveilig. Baie swart onderwysers is bang vir hulle eie leerlinge.

Onderwysers wat ondergekwalifiseerd is, is ook ongemotiveerd en om hierdie rede ly opvoedende onderwys van duisende swart leerlinge skade. 'n Assistent-direkteur van swart onderwys in die Vaaldriehoek beskrywe die ongemotiveerde onderwyser as iemand wat direk na skool huis toe gaan en skoolhou vir die tjek aan die einde van die maand, hy gee nie huiswerk nie en kom onvoorbereid skool toe.

**2.2.4 Verwerping van dissipline deur die milieugestremde kind en hul eise vir leerlinginspraak**

Die onderwyser van die swart leerling het ook nog 'n verdere probleem wat 'n gaping tussen hom en die kind veroorsaak, naamlik dat die gesagstruktuur in swart onderwys 'n knou toegedien is.

In die meeste onderwysers se opleiding bestaan daar geen module wat die student voorberei hoe om dissipline uit te oefen en hoe om die gedepriveerde leerling beter te verstaan nie, veral gesien teen die agtergrond van die nuwe politieke bedeling in die RSA. Die grootste probleem is dat die kind glo sy onderwyser is nie bekwaam genoeg nie (Gouws, 1987).

Die prefeksisteem het in 1984 - 1986 verander. Leerlinge by sekondêre skole eis die leiding van SRC's (Student Representative Councils) omdat hulle leerlinginspraak verteenwoordig. Prefekte wat deur onderwysers verkies is word deur leerlinge verwerp (Bot, 1985:8). Die swart onderwyser se status is op die spel as die SRC's die leerlinge verteenwoordig, want die SRC's (so het baie swart leerlinge gedink) was in direkte kommunikasie met die Minister van Onderwys, en kon 'n invloed uitoefen by die aanstelling of ontslag van onderwysers.

Kinders word vanaf 'n baie vroeë leeftyd blootgestel aan politiek in die swart woonbuurtes en daagliks keer leerlinge onvervuld van die skool af terug huis toe weens die ongekwalifiseerdheid van hul onderwysers.

Hierdie toestand skep 'n gunstige klimaat vir opstand by die leerlinge. Widlake en Bell (1973:13) was veertien jaar gelede al bekommerd dat swart kinders naderhand bloedvergieting en geweld as deel van hulle alledaagse bestaan sal sien wat ongelukkig in 'n groot mate bewaarheid is.

"Vir die buitestaander is dit nie altyd maklik om hom in te dink onder watter wolk van intimidasie en vrees die swartes en sekerlik ook die onderwyser, moet lewe nie."
(Van der Walt, 1985:13.)

### 2.2.5 Vroeë skoolverlaters en skoolplig

Die navorsingsafdeling vir Onderwysbeplanning aan die UOVS het in 1984 bevind dat 129 661 swartes die skool verlaat het sonder om sub A te slaag en is dus ongeletterd. In dieselfde jaar het halfgeletterdes en ongeletterdes die skool verlaat tussen sub A en standerd twee. In totaal het 339 603 swartes die skool geletterd verlaat tussen standerd drie en matriek (Sigatory Association, 1985:8). Hierdie aanklag is ernstig gerig tot alle onderwysers en opvoeders van swart leerlinge.

"The drop-out rate is alarming by any criterion. For every 100 students entering grade one, less than 50 survive beyond standard five and only 10 reach standard ten. Of the ten who write matric, barely over one obtains a matriculation exemption certificate, four get a senior certificate and five fail."
(Laurence, 1986:3.)

Boyce (1984:39) noem syfers wat onrusbarend is, naamlik dat in 1980 48% van die totale swart bevolking geen formele skoolonderrig ontvang het nie, 38% het standerd vyf bereik, 13% het hulle in standerd ses tot matriek bevind en minder as 1% het diplomas of grade ontvang. In 1981 het 336 000 ongeletterdes van hul skole gewyk en geen statistiek bestaan in verband met die aantal kinders wat nooit eers skool toe gegaan het

nie. Die feit dat ongeletterdes en halfgeletterdes die swart skole teen 'n groot tempo verlaat, is 'n ernstige aanklag teen alle onderwysers van swart leerlinge en is ook duidelik 'n bewys van die verwydering wat daar tussen onderwyser en leerling bestaan. Daar is weinig motivering wat van die onderwyser uitgaan, omdat baie swart ondergekwalifiseerde onderwysers self ongemotiveerd in die onderwysprofessie staan.

In 1980 was daar 9 767 leerlinge van 22 jaar en ouer nog op skool en dit ondermyn die onderwyser se dissipline en kon 'n bydrae gelewer het tot skoolboikotte in swart gemeenskappe (Van Niekerk, 1983:72). Indien iemand wat te oud vir die sekondêre skool is skoolopleiding verlang, is die gewenste uitweg dan om by 'n volwasse indiensopleidingsinstansie aan te sluit. Van Niekerk (1983:56) noem dat in 1979 daar nog 4 000 leerlinge met 'n ouderdom van 24 jaar ingeskryf was in swart skole en hiervan was 139 bowendien nog in die primêre skool. Enige regdenkende sal saamstem dat dit 'n ongehoorde situasie is wat die taak van die swart onderwyser net nog verder bemoeilik.

Weliswaar is die ontwikkelingstadium nog nie bereik dat skoolplig vir die swartes ingestel kon word nie. Volgens 'n assistent-direkteur van swart onderwys is daar in 1982 in die Vaaldriehoek by Parys en in Sharpeville met skoolplig begin, maar tot op die huidige stadium is nog geen wetlike stappe geneem teen ouers wie se kinders die skool geboikot het nie. Van der Walt (1985:15) konstateer dat die vooruitsigte van skoolverlaters vir die arbeidsmark baie beperk is, daarbenewens is hierdie persone ook te jonk om goeie diens te lewer.

### 2.2.6 Nie skoolgereedheid en taalagterstand

Die onderwyser van die swart skolier staar nog die probleem van 'n taalagterstand in die gesig. Die gedepriveerde leerling leer nie behoorlik lees en praat in die eie moedertaal nie en kan daarom ook nie sukses behaal met die aanleer van Engels nie. Milieugestremde kinders word

nie blootgestel aan opvoedkundige leesmateriaal in die voorskoolse stadium nie, juis vanweë hul swak sosio-ekonomiese omstandighede (Staude, 1985:12).

"Taal is die belangrikste medium waarmee kultuur oorgedra, behou en uitgebou kan word. Die intelligente swart kind kan nie weens 'n taalagterstand en die invloed van vreemde Westerse kultuurgoedere en idiome tot optimale intelligensieaktualisering kom nie."
(Heyns, 1983:11.)

Whipple (1969:239) ontleed die taalagterstand by swart leerlinge teen die agtergrond van hulle gedepriveerdheid. Hy reken dat swart leerlinge meestal defekte luistervermoë besit, min onderwerpe onder mekaar bespreek en in gebreke bly om 'n sin te konstrueer. Druipelinge kan dalk beter presteer as hulle eksamenvrae reg vertolk en die vermoë besit om die antwoorde met beter taalversorging af te rond.

Die swart onderwyser kan nie die res van die vakke suksesvol aanbied alvorens die leerling nie op standaard is met sy twee hooftale nie.

Die onderwyser van milieugestremde leerlinge het te kampe met die knellende probleem van ontoereikende en gebrekkige skoolgereedheid van die kinders as gevolg van sosiale, kulturele en milieugedepriveerdheid in terme van die vereistes wat 'n Westerse tegnologies-geöriënteerde onderwysstelsel stel (Van Niekerk, 1983:98). Onderwysers van sub A en B ondervind 'n hoë druippersentasie as gevolg van swart kinders wat nie opgewasse is vir formele primêre skoolonderrig nie, omdat hulle aanvanklik nie skoolryp was nie. Daar bestaan die gevaar dat druipelinge se hele akademiese toekoms geruïneer kan word omdat hulle met 'n mislukte poging begin (Anon., 1987:2).

Deurdat van die swart leerlinge in hul aanvangsjaar nie skoolryp, en dus nie opgewasse vir formele primêre skoolonderrig is nie, word die onderwyser dikwels blameer vir die kind se mislukking. Die druipeling wat dan sy jaar moet herhaal, staan negatief en verwyderd teenoor sy

onderwyser en behaal weer eens nie sukses vanweë sy wantroue en swak selfbeeld nie.

### 2.2.7 'n Toekomsverwagting en lae selfbeeld van swart leerlinge

Ouers van gedepriveerde kinders ontwikkel nie rasionele en geordende lewenspatrone by hulle kinders nie. Hul lewens word gestuur deur die gelukselement van 'n toevallig beskikbare nuwe betrekking en noukeurige toekomsbeplanning ontbreek. Indien toekomsplanne wel bestaan, is dit wankelrig en word maklik laer op die prioriteitslys geskuif.

Die feit dat swart ouers meestal nie idealisties is nie, veroorsaak dat leerlinge ook nie aspirasies het waarmee hulle kan identifiseer nie (Ginsburg, 1972:60).


Werkloosheid demotiveer die milieugestremde aansienlik wat gewoonlik uitkristalliseer in onrus en vatbaarheid vir negatiewe idiologieë (Bot, 1985:4). 'n Swart skoolhoof stel dit duidelik dat baie betrekkings geslote vir die swartman is en daarom belemmerend inwerk op die leerling se toekomsverwagting. Aptekers kan byvoorbeeld in Sebokeng vergeefs probeer om 'n eie selfstandige sakeonderneming te inisieer en moet noodgedwonge aan 'n hospitaal verbonde wees.

Die dilemma van die swart onderwyser bestaan in die feit dat die leerling bewus is van die plafon bokant sy toekomsverwagting.

"As iemand uiteindelik matriek behaal en hy kry nie dadelik 'n werk of 'n werk wat hy meen by hom pas nie en hy vergelyk bowendien sy inkomste met die van ander wat veel minder opleiding as hy gehad het, kan 'n mens die frustrasie en soms ergernis begryp."
(Van der Walt, 1985:11.)

Die volgende model (2.1) is baie insiggewend en duidelik ten opsigte van determinante wat bydra tot die swart leerling se lae selfbeeld.

FIGUUR 2.1: SOSIALE DETERMINANTE VIR DIE SWART KIND SE SELFBEELD (Banks, 1972:8.)





Die meeste swart onderwysers voel nie opgewasse om hierdie lae selfbeeld van leerlinge te probeer ophef nie, omdat onderwysersopleiding hulle nie voorberei nie en die nodige lewenservaring en mensekennis ontbreek om die gedepriveerde leerling te onderskraag.

### 2.2.8 Matriekuitslae en druippersentasies

Elliot (1986:20) beklemtoon die afname in die getal leerlinge wat universiteitstoelating verkry het aangesien daar 'n opmerklike daling die afgelope tien jaar te bespeur is. Hierdie daling impliseer 'n afname van 33% tot minder as 10% leerlinge wat universiteitstoelating verwerf het - syfers wat nie geïgnoreer kan word nie.

FIGUUR 2.2: MATRIEKUITSLAE EN UNIVERSITEITSTOELATING VIR 1986 (Pleming, 1987:11.)




Bogenoemde diagram weerspieël die dispariteit wat heers tussen die verskillende bevolkingsgroepe se standaard van onderwys. Die

onderskeie bevolkingsgroepe skryf almal verskillende eindeksamens, alhoewel die kernsillabusse en moderering dieselfde is.

"Black candidates write the Department of Education and Training's Senior Certificate examination, coloured candidates write the exams of the Department of Education and Culture, Indians write the exams from the Department of Education and Culture, House of Delegates. White pupils write examinations set by the provincial education departments."
(Pleming, 1987:11.)

Pleming (1987:11) se statistiek in figuur 2.2 wat die afname in universiteitstoelating by swart skoliere beklemtoon, kan ook die gevolg van ondergekwalifiseerdheid van meer as 80% van swart onderwysers wees.

Tabel 2.8 toon die verwagte swart kompeterende prestasie vir die toekoms van die RSA aan (Raine, (1987:10.)

TABEL 2.8: VERWAGTE GETAL MATRIKULANTE IN DIE RSA (Raine, 1987:10.)

| Jaar | Blank | Swart | Kleurlinge | Asiate | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1985 | 56 264 | 37 130 | 8 306 | 9 894 | 111 594 |
| 1990 | 62 954 | 71 937 | 11 948 | 12 906 | 159 745 |
| 1995 | 52 422 | 123 835 | 15 001 | 12 825 | 204 063 |
| 2000 | 54 520 | 186 922 | 19 392 | 14 439 | 275 273 |

Swak matriekuitslae en verminderde universiteitstoelatingskandidate veroorsaak 'n verwydering tussen swart onderwysers en hulle leerlinge. Veral in sekondêre skole beleef swart skoliere hulle skoolopleiding as minderwaardig, omdat daar nie voldoende gekwalifiseerde onderwysers is om hulle effektief te onderrig nie. By een sekondêre skool in die Vaaldriehoek is die hoof die enigste gegradueerde persoon in 'n personeel wat uit vyftig onderwysers bestaan.

### 2.2.9 Gedepriveerdheid as onderwysprobleem in swart skole


Gedepriveerde leerlinge vorder gewoonlik nie akademies na wense op skool nie. Oorvol huise beroof swart kinders van privaatheid waar hulle ongestoord kan huiswerk doen en studeer.

Gedepriveerdheid in swart skole bemoeilik die taak van die onderwyser aangesien hierdie leerlinge akademiese vertraging openbaar, dissiplineprobleme veroorsaak, meestal skoolversuimers is, kortstondige konsentrasievermoë besit en op 'n vroeë ouderdom die skool verlaat. Ornstein en Vairo (1969:199) meen dat gedepriveerde leerlinge baie op die teenwoordige aangewese is en nie toekomsgerig is nie, hulle word beïndruk deur fisieke krag, hulle is onseker van hulself en besit 'n lae selfbeeld wat gepaard gaan met ongemotiveerdheid. Die onderwyser se taak word verder bemoeilik deurdat die meeste gedepriveerde leerlinge aan wanvoeding ly en higiënies verwaarloos is.

Chazan en Williams, (1978:1) beklemtoon ook die sensitiewe posisie van milieugestremde kinders omdat hulle vormingsjare weinig emosionele stabiliteit of kulturele stimulasie bevat en die nagevolge van hulle gedepriveerdheid kan op verskillende vlakke van hul lewenswerklikheid waargeneem word. Selfs die eerstejaarstudent by die swart onderwyskollege is in sommige gevalle gedepriveerd, omdat sy verwysingsraamwerk mank gaan om hom voor te berei vir 'n studietydperk aan 'n professionele inrigting. Dit is om hierdie rede dat swart onderwyskolleges afrondingskursusse en kultuuraktiwiteite aanbied om studente se verwysingsraamwerke te versterk en gedepriveerdheid te verminder (Gouws, 1987).

Birch en Gussow, (1970:16) teken 'n gedepriveerdheidsirkel wat uitvalle op skool insluit wat dan oorskakel na oneffektiwiteit en selfs traak-my-nie-agtigheid en gewoonlik gepaard gaan met wanvoeding wat in werkloosheid eindig.

FIGUUR 2.3: DIE GEDEPRIVEERDHEIDSIRKEL (Birch en Gussow, 1970:16.)




Die onderwyser van die gedepriveerde leerling sal goed opgelei moet wees om al bogenoemde probleme te oorbrug, sodat hierdie volwassewordende ook sy bydrae sal kan lewer om die RSA te bou. Die onderwyser van milieugestremdes sal geduld en begrip aan die dag moet lê en sal uiterste pogings moet aanwend om dié leerling se verwysingsraamwerk te verstewig en denkpatrone te ontwikkel, om leerlinge se selfbeeld te versterk en hulle 'n toekomsperspektief te help dáárstel.

### 2.2.10 Ouers se onbetrokkenheid

Die laaste maar nie die minste nie, is die belangrike probleem van swart leerlinge se oueronbetrokkenheid waarmee die onderwyser te doen het. Hierdie probleem het ontaard in 'n maatskaplike probleem waar die ouer totaal geïsoleerd staan, ten opsigte van die skool waarin sy kind is. Die ouer is nie ingeskakel by die skoolsituasie nie en weens

werkomstandighede is dit ook nie vir die ouer moontlik om kommunikasie met die skool te behou nie. Baie min werkgewers sal verstaan as die huishulp die Saterdag afvra omdat hul kind 'n basaar in Sebokeng het (Gouws, 1987).

"No matter how much you do inside the school, you can make virtually no impact at all without the informed support of the home. The family, peer group, and neighbourhood, whether you like it or not, are the true and influential educators."
(Majoribanks, 1979:16.)

## 2.3 SPESIFIEKE BEHOEFTES EN PROBLEME IN DIE VAALDRIEHOEK WAT 'N VERWYDERING TUSSEN DIE ONDERWYSER EN LEERLINGE IN SWART ONDERWYS VEROORSAAK

Die meeste probleme wat reeds genoem is onder die vorige twee hoofpunte kom ook in die Vaaldriehoek voor. Daar is ook 'n paar eiesoortige probleme wat hier genoem kan word weens die beroepsaanvraag in die Vaaldriehoek wat tegnologiese eise stel.

Die totale inwonertal in die Vaaldriehoek is 479 547 waarvan 318 295 swart is. Die swart leerlingtal word geraam op 90 000 (Van der Walt, 1985:7). Die honderd skole vir swartes in die Vaaldriehoek is onvoldoende om in die aanvraag te voorsien. Die onderwysersentrum is eers in die begin van 1987 begin om al hierdie swart onderwysers met hulle professionele probleme te help.

Die Onderwyserskollege Sebokeng het in 1982 eers as volwaardige onderwyskollege begin funksioneer. Op die oomblik is die studentetal 787, terwyl die kollege maar net 720 studente kan hanteer.

In 1985 is daar 'n interessante opname in die Vaaldriehoek in Sebokeng gemaak. Minder as tien persent van daardie jaar se finalejaarstudente

van die Onderwyskollege Sebokeng het poste in Sebokeng aanvaar. Die res van die kandidate word deur Soweto gewerf en as gekwalifiseerde onderwysers kry studente vinnig bevorderingsposte. Die studenteraadsvoorsitter van 1985 van die Onderwyskollege Sebokeng, mnr. Clayton Mohapi, was weliswaar met 'n opleiding van een jaar, hoof van 'n klein laerskool gewees. Nadat hy sy opleiding op die derde vlak voltooi het, het hy 'n hoofpos in Sasolburg gekry. Mnr. Mohapi is nou 'n hoofpos by 'n komprehensiewe skool op posvlak vyf aangebied (Gouws, 1987). Sebokeng behou dus nie die onderwysstudente wat by die plaaslike onderwyskollege hul studies voltooi nie.

Volgens 'n swart kringinspekteur in die Vaaldriehoek, ry sowat tweehonderd swart kinders elke Saterdag van Sebokeng na Johannesburg om van nege tot twaalf ekstra klasse in Wiskunde en Engels by te woon. Die koste daaraan verbonde is twintig rand per maand en die vervoer kos hulle ongeveer tien rand per Saterdag. Indien daar by hulle skole opgeleide onderwysers was wat hierdie twee vakke effektief kon aanbied, sou hierdie tweehonderd leerlinge nie al dié moeite hoef te doen nie. Die onderwysers in hierdie vakke by hulle skole het dus die leerlinge se vertroue verloor, omdat hulle nie aan die gevraagde vereistes vir spesifieke vakonderrig kan voldoen nie.

Die politieke onrus het ook die onderwyser se posisie aansienlik bemoeilik en het sy dissipline ondermyn. By een skool in Sharpeville is daar sedert 1980 ses onderskeie skoolhoofde opeenvolgend aangestel.

Die onderwyser was meegesleur in die sterk politieke stroom wat in die Vaaldriehoek in September 1984 tot uitbarsting gekom het toe 120 000 studente klasse geboikot het in reaksie op die verhoogde huishuur (Meerkotter, 1986:1). Die swart leerling en student het in opstand teen sy huidige skoolsituasie gekom en begin vra na 'n alternatiewe onderwys.

Suid-Sotho's is oorheersend verteenwoordig in die Vaaldriehoek, maar daar is ook heelwat Zoeloes, Xhosas, Tswanas en Noord-Sotho's.

"Deur die proses van verstedeliking verslap hierdie etniese bewustheid en verband versnel. Onder die jonger geslag bestaan soms 'n heftige weersin teenoor die tuislande en enige assosiasie daarmee."
(Van der Walt, 1985:7.)

'n Skoolhoof in die Vaaldriehoek het voorgestel dat die onderwysers die huidige geslag kinders op skool deeglik moet bestudeer, en kennis moet neem wat hulle graag wil hê en waarvan hulle nie hou nie; hiervolgens kan dan die mees positiewe aspekte vir die onderwys ontgin word.

Van der Walt (1985:20) noem die ontstellende feit dat daar in die Vaaldriehoek nie 'n enkele skool op primêre vlak is wat met elektrisiteit voorsien is nie. Daar is baie ander voorbeelde wat in hierdie navorsing genoem kan word om die dispariteit in onderwys in die Vaaldriehoek te bewys, maar daar word volstaan met bogenoemde gegewe.

By swart skole bestaan daar weinig gevalle waar persoonlike lêers vir individuele leerlinge gehou word; gevolglik kan geen persoonlike aandagverlening plaasvind as probleme sou ontstaan nie. Opvoedkundige leiding vir swart leerlinge operasionaliseer in baie gevalle nie effektief nie. Van der Walt (1985:16) kom by die kern van die hele kommunikasieprobleem uit:

"Waar gebrekkige kommunikasie (of selfs die totale afwesigheid daarvan) keer op keer na vore tree as dié onderliggende faktor agter die onluste in die Vaaldriehoek, is dit ongelukkig ook die geval in die onderwys, sy dit in 'n geringer mate."

Visser (1986:21) beklemtoon die feit dat daar feitlik geen swartes in die RSA se groot orkeste speel nie. Musiek ontbreek as eksamenvak in die sekondêre skool vir standerd nege en matriek. Daar is dus 'n groot tekortkoming in die vak Musiek. Leerlinge ondervind baiekeer dat daar geen kultuuraktiwiteite deur onderwysers van swart skole in die Vaaldriehoek geïnisieer word nie. Debatte, redenaarskompetisies, konserte, operettes, koorsang, voordrag, kunsuitstallings, stokperdjie-uitstallings, musiekfeeste en vryetydsbestedingvoorligting vind in enkele

geïsoleerde gevalle plaas. Smith (1972:46) voel dat swart leerlinge 'n selfrespek moet opbou met 'n waardering vir die eie kultuurerfenis. Die swart leerling moet weet waar hulle vandaan kom en wie hulle is. Smiddags is die swart kind verveeld en bring sy vrye tyd op 'n passiewe of negatiewe wyse deur (Van der Walt, 1984:20).

'n Swart skoolhoof in Vanderbijlpark sê hy wonder hoeveel swart kinders in die Vaaldriehoek kan swem, want geen skool in die Vaaldriehoek het sulke fasiliteite nie. Tennis en krieket is net so onbekend en by uitsondering is daar swart kinders wat hierdie sportsoorte kan beoefen. Daar bestaan weinig of geen geleentheid vir die swart leerling om aan georganiseerde buitemuurse bedrywighede deel te neem nie. Hierdie aktiwiteite is baie belangrik vir die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. Bophelong het byvoorbeeld volgens Van der Walt (1985:25) nie eens 'n hoërskool nie.

'n Baie groot geïdentifiseerde probleem in die Vaaldriehoek is die feit dat die swart sekondêre skole matrikulante produseer wat nie voldoen aan die beroepsvereistes wat die fabriek en industrie stel nie. Die kurrikulum van die sekondêre skool bevat bykans geen kennisvolume wat die privaatsektor in die Vaaldriehoek verlang nie. Die kennis waarmee die swart matrikulant die hoërskool verlaat, is nie relevant vir die hedendaagse beroepswêreld nie; gevolglik gebeur dit dikwels dat matrikulante werkloos is en/of afgekeur word vir indiensopleiding by reusestaalondernemings in die Vaaldriehoek.

Die oorgrote meerderheid swart onderwysers in die Vaaldriehoek kan hierdie leerlinge nie voldoende voorberei en van beroepsvoorligting voorsien nie. Hulle is ondergekwalifiseerd en benodig professionele hulp om hulle effektiwiteit te verhoog en om opvoedende onderwys in die Vaaldriehoek te maksimaliseer. Hierdie situasie is grotendeels verantwoordelik vir die verdere verwydering tussen onderwyser en leerling in swart onderwys.

## 2.4 SAMEVATTING

Daar bestaan 'n kommerwekkende verwydering tussen onderwysers en leerlinge in swart onderwys. Die krisis in swart onderwys word hoofsaaklik geaksentueer deur die ondergekwalifiseerdheid (kyk paragraaf 1.1.7.7) van meer as tagtig persent van praktiserende swart onderwysers. Die swart leerlingbevolkingsontploffing vermeerder die probleme waarmee die onderwyser te kampe het, want dit gee aanleiding tot oorvol klasse en 'n onrealistiese leerling-onderwyserverhouding. Die verwydering tussen die onderwyser en swart leerling vergroot hierdeur, omdat die onderwyser nie individuele aandag kan verleen nie en nie professioneel en effektief kan onderrig gee nie.

Behoorlike effektiewe kommunikasie tussen onderwysers en leerlinge ontbreek in die meeste klaskamersituasies in swart onderwys, omdat daar gewoonlik soos hierbo genoem, te veel leerlinge in een klas is om te hanteer. Dikwels verwerp leerlinge ook die onderwyser se toepassing van dissipline, omdat die tradisionele hoë waardering vir geleerdheid verander het in 'n gevoel van wantroue teenoor die swart onderwyser wat in diens staan van 'n stelsel van onderdrukking.

Die verwydering tussen leerlinge en hulle onderwysers word geaksentueer deur die kommerwekkende getalle ongeletterde en halfgeletterde leerlinge wat die swart skole verlaat. Werkloosheid staar hierdie swart kinders in die gesig, omdat hulle té jonk en onervare is om goeie diens te lewer. Die ontwikkelingstadium is ook nog nie bereik dat skoolplig vir swartes ingestel kan word nie. Weinig motivering gaan van die swart onderwyserskorps uit om al hulle leerlinge op skool te behou, omdat baie onderwysers ondergekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee en dus self ongemotiveerd is.

Wat onderwyser en leerlinge ook verder van mekaar distansieer, is die knellende probleem van ontoereikende en gebrekkige skoolgereedheid by baie swart leerlinge. Deurdat leerlinge in hul aanvangsjaar nie opgewasse was vir formele primêre skoolonderrig nie, moet sulke leerlinge die jaar

herhaal. Onderwysers word dikwels blameer vir leerlinge se mislukkings, en baie swart druipelinge staan negatief en verwyderd teenoor onderwysers. Deurdat milieugestremde (kyk paragraaf 1.1.7.6) kinders nie blootgestel word aan opvoedkundige leesmateriaal in hulle kleuterjare nie, beleef die meeste swart leerlinge 'n nypende taalagterstand sodat hulle nie tot optimale intelligensieaktualisering kan kom nie. Oueronbetrokkenheid by leerlinge se skolastiese vordering vererger bogenoemde milieugestremde leerling se posisie.

'n Determinant wat bydra tot die verwydering tussen onderwysers en leerlinge in swart onderwys is die lae selfbeeld wat leerlinge handhaaf en die swak toekomsverwagting wat hulle koester. Meer as tagtig persent swart onderwysers is nie opgewasse om hulle onderwysverantwoordelikhede suksesvol te operasionaliseer nie en kundigheid ontbreek om gedepriveerde leerlinge met hulle tekortkominge te onderskraag.

Swak matriekuitslae en 'n vermindering in getalle swart leerlinge wat universiteitstoelating verkry, vererger die verwydering tussen leerlinge en onderwysers, veral op sekondêre skole. Leerlinge beleef hulle onderwysstelsel as minderwaardig omdat gekwalifiseerde onderwysers yl gesaai is om swart leerlinge effektief vir hulle toekoms voor te berei.

Bogenoemde probleme kom ook in die Vaaldriehoek voor wat die verwydering tussen onderwysers en leerlinge by swart skole 'n lewenswerklikheid maak. Verdere besondere probleme wat in hierdie streek geïdentifiseer is tussen onderwyser en leerling is opvoedkundige leiding wat nie ten volle realiseer nie, kultuurontwikkeling verdien nie die nodige aandag nie en beroepsvoorligting is meestal gebrekkig. Liggaamlike opvoeding en sportafrigting vind nie bevredigend plaas in die Vaaldriehoek nie en daar is ook 'n groot behoefte aan gekwalifiseerde onderwysers.

Die huidige onkontroleerbare bevolkingsaanwas, die kapitalistiese stelsel en die kennisontploffing is in 'n mindere of meerdere mate die hoofprobleem in die swart skoolsituasie. Die probleem is gesitueerd in

die verwydering wat daar bestaan tussen onderwyser en swart leerlinge wat veroorsaak dat opvoedende onderwys nie effektief plaasvind nie.

# HOOFSTUK 3

# DIE ONDERWYSERSENTRUM AS INSTRUMENT VIR INDIENSOPLEIDING VAN SWART ONDERWYSERS

## 3.1 INLEIDING

Die RSA, soos die hele wêreld, verkeer in 'n dinamiese tydsgewrig in die geskiedenis van die mensdom en die volle potensiaal van die kennisrewolusie moet ontgin word, om ineen te skakel met die tegnologiese ontwikkeling wat weer op sy beurt aangevuur word deur verbeterde onderwysmetodes (Powell, 1984:12).

Die onderwyser van gedepriveerde leerlinge het unieke professionele probleme, soos dit in hoofstuk twee uiteengesit is. Hierdie onderrigleersituasie vereis 'n ander vorm van besinning as byvoorbeeld dié van onderwysers in die blanke skole. Juis vanweë hierdie uniekheid behoort die onderwysersentrum vir swart onderwysers verskillend te funksioneer as dié van die blanke alhoewel ooreenkomste op sommige vlakke kan voorkom.

"Every teacher is in some respects : - like all other teachers, - like some other teachers, - like no other teachers."
(Hunt, 1978:100.)

In Brittanje, die VSA, Australië, Nieu-Seeland en Japan is die onderwysersentrum reeds 'n onlosmaaklike faset van indiensopleiding en die onderwysprofessie. Die tyd het nou aangebreek dat hierdie aangeleentheid in die RSA onmiddellike aandag ontvang om die onderwyser van swart leerlinge wat 'n onderwyskrisis beleef en veelvuldige professionele probleme ervaar tot hulp te kom.

Die RSA behoort aan te sluit by die wêreldwye soektog na fundamentele hervorming in die onderwysstelsel wat meebring dat hierdie onderwyshervorming eerder moet toespits op die skepping van nuwe strukture en nuwe inhoude wat meer behels as net geboue en leerplanne. Onderwys het 'n lewenslange noodsaaklikheid geword wat 'n verantwoordelikheid op die gemeenskap lê om sy toekomstige burgers van basiese vermoëns te voorsien.

Die funksionaliteit van onderwysersentrums het nog nie deeglik posgevat by die Departement Onderwys en Opleiding nie en dit skyn asof die beplanners daarvan ook heelwat wissel (Jordaan, 1987). Die dringendheid van indiensopleiding sal 'n veel ernstiger poging vra veral as in gedagte gehou word dat 'n groot persentasie swart onderwysers ondergekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee. Die eerste beginsel in die Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA (1983) en in die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake (Wet 76 van 1984) lui:

"Gelyke onderwysgeleenthede met insluiting van gelyke onderwysstandaarde sal vir elke inwoner ongeag ras, kleur, geloof of geslag deur die Staat doelgerig nagestreef word."

Indien daar gestreef word om bogenoemde onderneming so gou moontlik te verwesenlik, sal die Regering aandag moet skenk aan 'n stelsel van deurlopende onderwys ook wat die opleiding van onderwysers betref. Onderwysersentrums vir onderwysers van gedepriveerde leerlinge sal dan ook in die toekoms meer aandag behoort te kry, om die effektiwiteit en professionaliteit van die swart onderwyskorps op 'n hoër vlak te bring.

## 3.2 DIE OORSPRONG EN INTERNASIONALE BESTAAN VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM

Alhoewel die onderwysberoep omtrent so oud soos die mensdom self is, het onderwysersentrums maar die afgelope dertig jaar ontwikkel

(Redknap, 1977:13). Die hele gedagte is in Engeland geïnisieer en vandag is onderwysersentrums wêreldwyd in gebruik.

### 3.2.1 Engeland se onderwysersentrums

Rondom 1720 het onderwysers soos Henry Dixon kursusse vir onderwysers beplan om volgens Redknap (1977:13) die onderwysstandaard in Engeland te verbeter. Hierdie poging was nie baie suksesvol nie. In die negentiende eeu het onderwysers 'n poging aangewend om betrokke te raak by indiensopleiding, maar die doel daaragter was eerder om hul inspektoraat te beïndruk. Die eerste noemenswaardige stap in Engeland het plaasgevind in 1888, toe die Onderwyskundige Ontwikkelingsraad gestig is. Hierdie raad het beleid gevorm en het begin met onderwyser-geïnisieerde indiensopleidingsprogramme (Redknap, 1977:2).

In 1881 het leerling-onderwysersentrums die lig in Engeland gesien, wat as die voorloper van die huidige onderwysersentrum beskou kan word. Kinders het hier opleiding ontvang om onderwyser te word, maar in 1939 is hierdie tipe sentrums gesluit toe sekondêre onderwys meer uitgebrei het (Redknap, 1977:3).

Brittanje was dus die toonaangewer op die gebied van onderwysersentrums wat snel vanaf 1965 gegroei het (Weindling et al., 1983:15).

In 1967 het in Engeland die "Nuffield Mathematics Project" vir laerskole ontstaan met die oprigting van verskeie onderwysersentrums. Volgens Gelbenoit (1979:35) het hulle van die staanspoor af op kurrikulumontwikkeling gekonsentreer. Binne die bestek van een dekade het meer as seshonderd onderwysersentrums die lig gesien.

Die Engelse model van 'n onderwysersentrum is gerig op aangenaamheid en samekoms van klein groepies onderwysers van die omgewing, wat

gewerk het sonder kontrole om op informele wyse oplossings en beter werkmetodes te vind (Adams, 1975:4). Die inspekteurs en professore in die onderwys word effens weggehou van die sentrums. Die Britse onderwysersentrum het 'n vriendelike atmosfeer en bied kameraadskap. Die wen-verloorelement word uitgeskakel in hierdie sentrums sodat die onderwyser byna nooit mislukking ervaar nie.

Elke gebied se sentrum het 'n eie beleid en werkpatroon gehad wat heeltemal van die volgende buursentrum kon verskil. Onderwysers het gevoel dat hulle konkrete en praktiese lesvoorbeelde nodig het wat hulle in die klaskamer kan gebruik, en dan wou hulle ook wegkom van daaglikse spanning as hulle die onderwysersentrum besoek (Devaney, 1979:18). Die Britse sentrum het die volgende drie hoofdienste gelewer:

* indiensopleiding om aktuele, fundamentele kennis te bekom en om onderwysprobleme op te los,

* sosiale byeenkoms en interaksie van onderwysers en

* kurrikulumontwikkeling (Caldwell, 1979:518).

Die aantal onderwysersentrums in Engeland word huidiglik op meer as 800 geraam.

### 3.2.2 Die Amerikaanse onderwysersentrum

In die sewentigerjare het die eerste onderwysersentrums begin opskiet in Amerika, nadat positiewe waarnemings van die Britse onderwysersentrums gedoen is. Die nodige veranderings is aangebring om by die Verenigde State van Amerika se spesifieke indiensopleidingsbehoeftes aan te pas. Die Amerikaanse onderwysstelsel is gedesentraliseerd en beïnvloed dus die aard van die onderwysersentrum.

Die Amerikaanse onderwysersentrum is beter gestruktureerd as die Britse sentrum, en moedig intellektuele gesprekvoering aan om onderwysers se professionalisme te verhoog en klaskamerprobleme op te los (Feiman, 1978:vii). Hierdie sentrums in Amerika is baie betrokke by onderwysstudente se opleiding en verskaf selfs opgradering en moedig navorsing en kritiese waarneming aan. Die doelstellings van 'n sentrum in Amerika hang ook baie af van wie die sentrum finansier. Sommige sentrums is aan universiteite se navorsingsprogramme gekoppel, terwyl andere deur skooldistrikte se onderwysowerhede beheer word (Caldwell, 1979:518). Die Amerikaanse onderwyser se status is nie so beskermd soos in Brittanje nie, en daarom kan die onderwyser nie met aanbevelings kom wat summier aanvaar word in verband met verandering en kurrikulumwysigings nie. Onderwysers het al hulle poste verloor omdat hulle te individualisties was. Julius (1976:25) verduidelik dat daar dikwels by Amerikaanse onderwysersentra 'n vergoeding gegee word. Kollegekrediete, selfs salarisverhoging word vir die onderwyser aangebied, wat betrokke is by die indiensopleiding van die onderwysersentrum.

Die aktiwiteite van die onderwysersentrum in die VSA is ook baie meer gekompliseerd as dié van die Britse sentrum, omdat dit poog om indiensopleiding aan onderwysers te voorsien, leiding aan skoolhoofde te verskaf, aanbevelings aan kollegedosente en universiteitslektore te maak, opgradering te behartig, onderwysstudente op te lei, ouers te betrek, amptenare van onderwysdepartemente betrokke te kry en amptelike professionele organisasie te beplan (Harty, 1984a:410).

Weens die gedesentraliseerdheid van die onderwysstelsel, het Amerikaanse skoolrade dus groot seggenskap oor die klaskamerpraktyk. Die ouergemeenskap lewer ook 'n groot inset in die onderwys van hul kinders, en dit veroorsaak soms spanning tussen ouer en onderwyser. Universiteitspersoneel en vakspesialiste is grotendeels betrokke by die indiensopleiding van die Amerikaanse onderwysersentrum. Daar is ook in 'n geringer mate onderwysers by die sentrumaktiwiteite betrokke maar meer diegene wat by verdere studie betrokke is (Redknap, 1977:90).

Caldwell (1979:518) se begripsomskrywing vir 'n onderwysersentrum ontleen hy van die Amerikaanse Publieke Wet 94 - 482, artikel 532 wat lui dat 'n onderwysersentrum enige liggaam of plek is, wat onderwysers in een van die state met hulp bedien en deur plaaslike persone beheer word. Die onderwysers wat die onderwysersentrum besoek kan:

* kurrikulumontwikkeling en navorsing doen en

* indiensopleiding behartig.

Die VSA besit vandag meer as 4 500 onderwysersentrums.

### 3.2.3 Die Nieu-Seelandse en Australiese onderwysersentrums

Onderwysersentrums in Nieu-Seeland en Australië het ongeveer 'n dekade gelede ontstaan, en in 1982 was daar alreeds 31 onderwysersentrums in Australië. Australiese onderwysersentrums verskil van mekaar ten opsigte van beleid en benadering tot indiensopleiding. Die hoofmotivering vir die stigting van onderwysersentra was om 'n hulpbron dáár te stel waaruit onderwysbehoeftes en gemeenskapsbehoeftes aangevul kon word. Onderwyssentrumpersoneel het ook daadwerklik begin werk aan onderwysontwikkelingsprojekte, wat oorspronklik besprekings behels het tussen onderwysers wat dieselfde vak onderrig (Munnik, 1984:31-32).

Munnik (1984:32-34) het vasgestel dat onderwysersentrums soos byvoorbeeld "The Integrated Education Resources Centre" in 'n voorstad van Beaconsfield in Fremantle, soos volg te werk gegaan het om onderwyserbetrokkenheid te verseker: hulle het in 'n ou skoolgebou veelvuldige fasiliteite beskikbaar gestel by dié sentrum, naamlik:

* die onderwysersentrum;

* die kantoor vir die hoofinspekteur van onderwys;

* kantore vir vakadviseurs;

* 'n oudio-visuele sentrum;

* 'n voorskoolse kinderhulpsentrum en

* 'n geïntegreerde onderwyshulpsentrum.

Munnik (1984:37) merk ook op dat die onderwysersentrums in Nieu-Seeland eers as eksperimenteel beskou was, maar konsensus is bereik dat dit 'n groot sukses is. Die beginsel van Australiese sentrums berus op twee hoofgedagtes:

* om onderwysers se professionele toereikendheid te verbreed op alle onderwysvlakke en

* om onderwys as sulks te promoveer deur interaksie met ander geïnterresseerde groepe.

### 3.2.4 Die Japannese onderwysersentrum

Volgens Taylor (1979:136) verkies die Japannese onderwysers om enkelvak-onderwysersentrums te hê. Die Japannese onderwysersentrum verskil van dié van ander lande in die mate dat hulle glo dat wanneer 'n onderwyser indiensopleiding ondergaan hy/sy van skoolonderrig vrygestel moet word. Die duur van kursusse in Japan varieer van 'n paar dae tot 'n maand. Die Japannese onderwysersentrum spits hom toe op laboratoriumtegnieke en nuwe onderwysmetodes. Van hierdie onderwysers wat indiensopleidingkursusse deurloop het, word verwag om seminare te lei om ander onderwysers kundig te maak.

### 3.2.5 Die Suid-Afrikaanse onderwysersentrum

Bosman (1984:17-18) verstrek heelwat gegewens in verband met die Suid-Afrikaanse onderwysersentrums. Die Onderwysdepartement van Kaapland was in 1973 die voorloper met die stigting van verskillende sentrums:

#### 3.2.5.1 Die Kaaplandse Onderwysersentrum

TABEL 3.1: STIGTING VAN KAAPLANDSE ONDERWYSERSENTRUMS (Bosman, 1984:17-18.)

* Kaapstad .................................. Stigtingsdatum: 1973
* Port Elizabeth ........................... Stigtingsdatum: 1975
* Oos Londen .............................. Stigtingsdatum: 1976
* Kimberley ................................ Stigtingsdatum: 1977
* Oudtshoorn .............................. Stigtingsdatum: 1981
* Parow ..................................... Stigtingsdatum: 1983

Die Kaaplandse onderwysersentrum poog om multidimensioneel in hul professionele steun te wees ten opsigte van ontwikkeling in metodologie, tegnologie, buitemuurse onderwys, rekenaaronderrig en die hoogbegaafde kind (KAAP, 1984:18). Kaaplandse sentra is op die onderwyspraktyk gerig sodat onderwysers van verskillende skole by mekaar kan leer en sodat indiensopleiding op informele wyse kan plaasvind. Die doelstellings van hierdie onderwysersentrums wentel om die ontwikkeling van 'n professionele span wat behulpsaam kan wees met indiensopleiding en ander reëlings by die sentrums. Nog 'n doelstelling van die Kaaplandse sentrums is om onderwysdoeltreffendheid te verhoog en om 'n atmosfeer van samewerking en belangstelling te skep. Indiensopleidingsprogramme word geëvalueer en onderwysers word van raad voorsien. Nuwe idees

in onderwysmetodologie word gedeel by die Kaaplandse sentrums en personeelontwikkelingsaktiwiteite word aan onderwysbestuurslede bekend gestel (Meintjes, 1984:268).

#### 3.2.5.2 Die Transvaalse Onderwysersentrum

Die Transvaalse Onderwysdepartement het gedurende 1981 onderwysersentrums begin stig en wel op die volgende plekke:

**TABEL 3.2:** STIGTING VAN TRANSVAALSE ONDERWYSERSENTRUMS (Bosman, 1984:17-18.)

* **Pretoria** - as verlengstuk van die Onderwyskollege Pretoria.
* **Johannesburg** - as verlengstuk van die Johannesburg College of Education.
* **Boksburg** - as verlengstuk van die Onderwyskollege Goudstad.
* **Middelburg** - as verlengstuk van die Pretoria College of Education.
* **Pietersburg** - as verlengstuk van die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding.
* **Potchefstroom** - as verlengstuk van die Onderwyskollege Potchefstroom.

Bosman (1984:71) som die onderliggende filosofie van die Transvaalse onderwysersentrum soos volg op:

- by die sentrum word voorsiening gemaak vir die probleme en behoeftes van onderwysers in die professie,

- die daarstelling van 'n infrastruktuur wat interaksie tussen praktiserende onderwysers op alle vlakke bewerkstellig,

- kommunikasie tussen onderwysinstellings,

- die positiewe eksploitering van al die vaardighede, kennis en metodologie van onderwysers en

- die voordeel van die onderwysersentrum se neutraliteit waar onderwysers in 'n geborge omgewing indiensopleiding kan ondergaan en hul effektiwiteit as onderwysers kan verhoog.

Die benadering van die Transvaalse onderwysersentrums is gerig daarop dat die indiensopleiding by die onderwysersentrum daar is om opleiding vir die onderwyser, tot die onderwyser en deur die onderwyser op 'n vrywillige basis te laat plaasvind (Jordaan, 1987).

#### 3.2.5.3 Die swart onderwysersentrum van die RSA

Die Departement van Onderwys en Opleiding het 'n rukkie later as die Transvaalse en Kaaplandse Onderwysdepartemente tot die arena van onderwysersentrums toegetree. In 1984 is die eerste sentrum, naamlik die E M Mokatsane-onderwysersentrum in Ikageng in Potchefstroom-Noordkring begin. Die tweede onderwysersentrum, Tlhatlhelelo in Jouberton Potchefstroom Suidkring, het in Januarie 1986 begin funksioneer. Vierhonderd en vyftig onderwysers kan in Tlhatlhelelo-onderwysersentrum geakkommodeer word.

Ongeveer 219 swart onderwysers van Jouberton, 97 van Kanana en 94 van Khuma en omliggende plaasgemeenskappe en mynskoolpersoneel besoek die Tlhatlhelelo-onderwysersentrum. Maruping (1985) verduidelik dat die swart onderwysersentrum op informele wyse funksioneer, dat

onderwysers van verskillende skole met mekaar kommunikeer en tydens indiensopleiding 'n ondersteunende opvoedkundige opleiding geniet.

Motlhasedi (1987) het die onderwysertal van die Potchefstroom -Ikageng-omgewing wat deur die Ikageng-onderwysersentrum bedien word op ±354 gestel, waarby ook 210 plaasskoolonderwysers gevoeg moet word. Daar word gekonsentreer op vakkomitees, wat individueel ten minste een keer per kwartaal byeenkom en beplanning doen, oor probleme gesels en aanbieders van programme en aktiwiteite kies. Besoeke en bydraes aan hierdie onderwysersentrums is vrywillig en swart onderwysers kry die geleentheid om hulle eie onderwysmedia te vervaardig in die onderwysmedialokaal, waar materiaal gratis beskikbaar gestel word. Die onderwysersentrum van die Departement van Onderwys en Opleiding se doelstelling is dus om spesifieke onderwysers met hulle spesifieke probleme te help. Die onderwyser bepaal self sy eie behoeftes en probleemareas.

### 3.2.5.4 Die onderwysersentrum in die Vaaldriehoek

Die onderwysers van swart en bruin leerlinge in Vereeniging, Rust Ter Vaal, Sasolburg, Vanderbijlpark, Evaton, Sharpeville, Sebokeng en Boipatong het 'n groot behoefte aan indiensopleiding. Gouws (1987) het tydens 'n mondelinge onderhoud die behoefte aan onderwysersentrums beklemtoon. Die onderwysersentrums wat moet kom in 'n dinamiese streek soos die Vaaldriehoek met sy industriële klimaat en groot bevolking, kan 'n groot bydrae lewer om opvoedende onderwys aan swart kinders tot volle ontplooiing te laat kom.

In 1987 het een onderwysersentrum in Sebokeng die lig gesien, naamlik die Katisetso-onderwysersentrum. Een sentrum vir ±3 500 swart onderwysers in die Vaaldriehoek is onvoldoende, aangesien 'n sentrum hoogstens aan 300 onderwysers suksesvolle indiensopleiding kan bied (Jordaan, 1987).

## 3.3 'N NUWE ONDERWYSBEDELING VIR DIE RSA BEHELS FUNDAMENTELE ONDERWYSHERVORMING

'n Nuwe soort toekomsverwagting moet by die swart leerling gekweek word om betekenis aan die onderwys en opvoeding te verleen, sodat die onderwyser beroepsbevrediging kan beleef en lewenskwaliteit van opvoeder en opvoedeling verhoog. Grondliggende hervorming is nie 'n proses wat van bo af geïnisieer moet word nie, maar vereis ook eksperimentering en verandering op skool en op gemeenskapsvlak. Dispariteite in swart onderwys, wat goed in die De Lange-verslag beskryf word, moet verdwyn en aandag moet aan praktiese oplossings geskenk word, tesame met inagneming van die vinnige groei van die swart bevolking en die sterk beweging na verstedeliking.

Taylor (1978:120) meen dat die onderwysstyl van die onderwyser moet verander. Verder moet die onderwyser ook sy benaderingswyse van die onderwys verander, naamlik dat die blote vermeerdering van kennis nie bydra tot onderwyshervorming en -verbetering nie. Hierdie nuwe benaderingwyse van onderwys kom tot uiting in die daaglikse klaskamerpraktyk, waar die onderwyser nuwe metodes en vakkennis wat hy/sy deur indiensopleiding bemeester het, toepas.

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (1979:3-10) het verskeie aanbevelings vir 'n nuwe onderwysopset in die RSA gemaak wat min of meer op die volgende beginsels berus:

- gelyke onderwysgeleenthede met supplementêre hulpbronne vir gedepriveerde groepe;

- kurrikula moet nie net taalvaardighede, wiskundige en wetenskaplike inhoude bevat nie, maar ook kritiese waarneming van die samelewingsverbande stimuleer en waardering aanmoedig vir die ander volke in die RSA se musiek, godsdiens, kuns, literatuur en geskiedenis;

- 'n komprehensiewe program vir volwasse onderwys in kulturele en beroepsgerigte vlakke met besondere aandag aan geletterdheid en getallekennis vir diegene wat nie daaroor beskik nie;

- behoorlike kontrole van alle skole in die land se onderwysstandaarde;

- inspektoraat moet effektief inspeksie doen;

- herverspreiding van hulpbronne waar daar 'n groot konsentrasie bestaan;

- oorweging moet geskenk word aan verpligte indiensopleiding veral vir onderwysers van gedepriveerde leerlinge;

- 'n herwaardasie van huidige onderwysstandaarde en kurrikula in verband met toekomstige behoeftebepalings;

- dit sal nodig wees vir leerlinge om van hul moedertaalonderrig in die primêre onderwysfase na Engels en Afrikaans as onderrigmedium oor te skakel, en

- swart universiteite moet aktief betrokke wees in die opgraderingsprogramme vir swart onderwysers en die verbetering van kwaliteit in swart onderwys.

Indien bogenoemde aanbevelings aanvaar word, sal die swart onderwysersentrum die volgende belangrike bydraes kan lewer:

- waardering vir ander volkere in die RSA se kultuurgoedere;

- die komprehensiewe program vir volwasse onderwys, en

- verpligte indiensopleiding vir onderwysers van gedepriveerde leerlinge.

Van Wyk (1981:41) stel 'n belangrike doelstelling vir deurlopende onderwys: die onderwyser moet deur onderwysersentrums bygestaan word sodat hy sy onderwysmetodologie optimaal kan ontwikkel. Die aanpassingsvermoë van 'n gemeenskap is net so belangrik soos lewenskragtigheid en selfvertroue om die politieke en sosiale druk te absorbeer, om dusdoende op 'n verantwoordelike wyse uiting aan emosies te gee en goeie samewerking met medemense te hê.

In die daarstelling van 'n onderwysstruktuur in die RSA met gelykwaardige onderwysgeleenthede vir almal kan die swart onderwysersentrum 'n belangrike funksie vervul. Die oorgrote meerderheid van onderwysers het nie sistematiese, komplekse opleiding ontvang om met hedendaagse krisissituasies, veeleisende beroepsverwagtinge, diplomatiese menseverhoudings, gedepriveerde agterstande, politieke onrus, swak selfbeeldprojeksies en ongemotiveerde leerlinge op professionele wyse gemoeid te raak nie.

"Education is more than a sum total of actions meant to help the individual toward self-realization. Education means optimistic hope, sometimes even hope against hope, in the power to restore lost or impaired dispositions and abilities."
(Frankenstein, 1979:v.)

Huidiglik is dit baie moeilik vir enige onderwyser om met 'n enkele professionele onderwyskwalifikasie in die onderwys tred te hou en sinvol gestalte te gee aan opvoedende onderwys. Die oplossing is voortgesette onderwys in 'n snelveranderende lewensbestaan vir elke individu wat met onderwys gemoeid is (Porter, 1975:90). Die onderwyser van gedepriveerde leerlinge se taak is aansienlik moeiliker as die gewone onderwyser s'n, omdat hy nog ook moet kompenseer vir dispariteit en diskriminasie en die onderwystaak dus veeleisender raak. Hiervoor is die onderwyser van swart leerlinge nie altyd voorberei in sy aanvangsopleiding nie (Rawls, 1971:101).

Van Wyk (1981:46) sien die rolvertolking van die onderwyser in die nuwe onderwysstruktuur van die RSA as 'n konsultant by wie die leerlinge

belangrike beginsels van self-evaluering, beplanning, doelgerigtheid en die vermoë om voortdurend te verbeter, kan aankweek. Die onderwyser tree dus op as adviseur en koördineerder en as navorsingsgids wanneer die leerlinge 'n behoefte daaraan het. Die onderwysersentrum kan weer in hierdie rolvertolking die onderwyser van nut wees, waar hy die geleentheid kry om by ander kollegas te leer en dus nie geïsoleerd met sy eie veeleisende taak hoef te worstel nie.

Stagnasie is ook 'n probleem wat Redknap (1977:25) teen waarsku, want onderwysers wat hul diplomas twintig jaar gelede verwerf het, is oor die algemeen nie baie entoesiasties as nuwe metodes ter sprake kom nie. Die onderwysersentrum kan dié onderwysers aanspoor tot nuwe denkrigtings om sodoende met die kennisontploffing en nuwe eise wat die industrie en beroepswêreld stel, tred te hou. Van Wyk (1981:34) spel die basiese idee korrek uit dat die mens sy hele lewe lank lerend moet wees en vanaf geboorte tot by die dood nuwe vaardighede moet aanleer.

## 3.4 DIE NUT VAN 'N ONDERWYSERSENTRUM VIR DIE ONDERWYSERS VAN SWART LEERLINGE IN DIE RSA EN VERAL IN DIE VAALDRIEHOEK

Die onderwyser van swart leerlinge voel nie meer geïsoleerd en ontmoedig by die onderwysersentrum nie, want hy ontdek dat daar ander kollegas is wat met dieselfde probleme worstel as hyself en hy verklaar homself bereid om nuwe denkrigtings saam met sy leerling te eksploreer (Whipple, 1969:236).

Brand (1975:179) noem veelvuldige voordele van die onderwysersentrum wat aanvullend by aanvangsopleiding intree. Hierdie voordele sluit in dat 'n verskeidenheid "Ekspertise" saamgetrek word by die onderwysersentrum soos paraprofessionele personeel, opleidingsbeamptes by industrië, lektore, prokureurs, dokters en vele meer, om tot selfontwikkeling, onderwysvaardighede, toereikendheid, leerstofbemeestering, affektiewe en instruktiewe leermetodes,

organisatoriese ontwikkelingsmetodes, kurrikulumontwikkeling en navorsing by te dra.

Ashton et al., (1983:75) beskryf die nut van onderwysersentrums soos volg:

- die geleentheid om 'n objektiewe indruk van studiemateriaal te kry;

- die geleentheid vir gesprekvoering met jongmense buite die onderwysmilieu;

- die noodsaaklikheidsbesef om leeswerk en navorsing tot voordeel van onderwys te organiseer en dit te monitor,

- die geleentheid om samesprekings te evalueer en die vordering te bemerk;

- die voordeel om voor kollegas op te tree en konstruktiewe kritiek aan te hoor, en

- die geleentheid om andere te sien skoolhou en waar te neem, en om leerlinge te analiseer en vordering te monitor.

Die onderwysersentrum voorsien dus ruim in professionele behoeftes van onderwysers en bied aan hulle die geleentheid om gemeenskaplike behoeftes te bespreek, oplossings te kry, gedagtes te wissel, werk te verdeel, wenke aan te bied, kontak te maak met ervare onderwysers en onderwys- en vakadviseurs te sien optree. By die onderwysersentrum kan onderwysers sosiaal oor 'n koppie tee gesels oor knelpunte en kan professionele advies inwin, sonder die gewig van die hiërargie waarvan die onderwyser so intens bewus is in sy skoolopset.

Die onderwyser kan in sy vrye tyd besoek aflê by die plaaslike onderwysersentrum, sonder om te voel dat hy aan evaluasie onderworpe is en kompeterend moet optree. Die onderwyser wat nooit die geleentheid by die skool kry om as leier op te tree nie, kan by die onderwysersentrum

deel van die sentrumkomitee word, en kan 'n waardevolle rol vervul in die programaanbieding of as onderwyssentrumverteenwoordiger by sy betrokke skool. Die entoesiastiese onderwyser kan op die wyse tred hou met nuwe ontwikkelinge en kan optimale vakkennisoordrag laat geskied en kan sodoende in aanmerking kom vir prestasie-erkenning of bevordering.

Brand (1975:170) meen dat die onderwysersentrum die geïsoleerdheid van die onderwyser in sy beroep kan teëwerk. Brand (1975:170) meld ook dat die ontwikkeling van onderwysmedia wat die onderwyser in staat stel om meer effektief in die klaskamer te onderrig deur die onderwysersentrum bewerkstellig kan word. Die onderwysersentrum verleen toegang aan die onderwyser tot die mees modernste apparaat waaroor sy betrokke skool dalk nie beskik nie.

Die onderwyser kan homself meer krities evalueer as sy voorbeeldles op videoband vertoon word en die goed bedoelde kritiek van kollegas kan alleenlik 'n positiewe bydrae lewer. Dit kan gebeur dat onderwysers self die inisiatief neem om lesse te herstruktureer sonder dat voorskriftelik te werk gegaan word.

Die waarde wat onderwysersentrums inhou, veral vir die onderwysers van gedepriveerde leerlinge, kan nie oorskat word nie. Baie onderwysers beskik nie oor 'n uitgebreide boekery nie en selfs swart skole se biblioteekvoorraad is dikwels ontoereikend; gevolglik maak onderwysers graag van die onderwyssentrum se biblioteek gebruik vir hul daaglikse lesbeplanning en voorbereiding van hulle lesse. Die onderwysersentrums beskik oor nuttige boeke en veral die vakliteratuur bied nuttige materiaal vir lesvoorbereiding. Die onderwysers kry ook by die onderwysersentrum geleentheid om in die rustige atmosfeer van die biblioteek selfstudie, voorbereiding en toepaslike leeswerk te doen.

Talle onderwysers, veral beginneronderwysers, ondervind ernstige probleme om geskikte huisvesting of losies te bekom. Soms is die geriewe tot hulle beskikking ontoereikend en bestaan daar min privaatheid. 'n Belangrike funksie van die onderwysersentrum is dus dat geriewe aan

die onderwyser van die swart leerling beskikbaar gestel word, wat dikwels 'n welkome uitkoms bied waar daar werkruimte ontbreek.


Ashton **et al.**, (1983:20) bied 'n baie funksionele voorstelling van die onderwysersentrum en die nut daarvan duidelik aan: (sien bladsy 68)

## 3.5 INDIENSOPLEIDING BY DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR DIE ONDERWYSER VAN GEDEPRIVEERDE LEERLINGE

### 3.5.1 Algemeen

Die opleiding en afronding van die onderwyser behels die hele mens, met ander woorde, al die bestaanswyses van die mens wat onder andere die religieuse, kognitiewe, effektiewe, estetiese, morele, kulturele, sosiale, emosionele en liggaamlike insluit. Die opleiding van die onderwyser sluit in 'n deeglike vakkennis, vakdidaktiek, onderwystegnologie, remediëring, oudiovisuele apparaat, kennis van vernuwing en navorsing. Indiensopleidingskursusse vir onderwysers sal daarop gerig moet wees om die onderwyser beter toe te rus om sy onderwysverantwoordelikhede meer doeltreffend te kan vervul. Die ideaal wat nagestreef word, is dat elke onderwyser in swart onderwys veral as professionele persoon sal groei in beide kennis en in onderwyskundigheid (Calitz, 1986:12).

FIGUUR 3.1: DIE NUT VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM (Ashton, 1983:20.)



Indiensopleiding moet nuwe gesigsvelde vir die onderwyser ontsluit wat by die onderwysersentrum moontlik gemaak word deur nuwe verwantskappe wat gesmee word en nuwe interpretasies wat gegee word. Uit die onderwyser se ervaringsveld dra hy ook kennis aan kollegas oor, en lewer sodoende 'n belangrike bydrae in die onderwysersentrumopleiding. Indiensopleiding stel elke onderwyser in staat om tred te hou met veranderende omstandighede en die hoëre eise wat aan die onderwysprofessie gestel word.

Jordaan (1987) beskou die indiensopleiding wat by die onderwysersentrum plaasvind as essensieel, veral omdat die oorgrote meerderheid van swart onderwysers nie oor voldoende vakkennis beskik om hulself op 'n bekwame wyse in hulle vakonderrig te verantwoord nie. Die beplanning by die onderwysersentrum sal dus aanvanklik klem lê op uitbreiding van suiwer vakkennis om op dié wyse die leerlinge te bevoordeel. Dit is ook baie belangrik dat onderwysers op informele wyse by die onderwysersentrum vergader en te kommunikeer met ander onderwysers. Op die wyse kan probleme in die vakonderrig bespreek word om sodoende die versekering te kry dat hy/sy darem nie die enigste persoon is wat met soortgelyke probleme sukkel nie.

Dit is belangrik dat die personeel van die onderwysersentrum en kursusaanbieders kennis sal dra van hoe individuele onderwysers ontwikkel en hoe hulle professionele ontwikkeling by die onderwysersentrum verder verhoog kan word. Hunt (1978:100) wys op ses wesenstrekke wat belangrik is om insig in die onderwyser se ontwikkelingsproses te kry:

- Identifisering: Wie is die onderwyser wat sentrum toe kom?

- Intensie: Wat is die onderwyser se oogmerke?

- Gesindheid: Wat is die onderwyser se benadering?

- Kennis: Wat is die onderwyser se kennisvlak?

- Bevoegdheid: Wat is die onderwyser se bekwaamheid en wat kan die persoon alles doen?

- Aksie: Wat is die onderwyser besig om te doen en wat wil hy doen?

Dit is dus noodsaaklik dat daar eers kennis opgedoen moet word aangaande die onderwyser voordat indiensopleiding suksesvol kan geskied. Dit sal ook die moeite werd wees om vas te stel hoe onderwysers se leermetodes hulle onderrigmetodes beïnvloed. Die sinvolheid van indiensopleidingskursusse is van die grootste belang, anders demotiveer dit die onderwyser wat van sy tyd afgestaan het om na die sentrum toe te kom vir verbetering van sy professionele vaardigheid.

Pelser (1987a) meld dat indiensopleiding manifesteer in beter klaskamerpraktyke, beter kommunikasie met leerlinge, beter voordrag van leerstof, sinvoller oordrag van kennis, beter eksamenuitslae. Die belangrikste afskopplek by die swart onderwysersentrum is om die onderwysers in die omgewing van die sentrum se vertroue te wen, en op 'n gemaklik informele wyse met hulle te kommunikeer en hulle belangstelling in die sentrumopset te prikkel. Die onderwysersentrum moet 'n plek wees waar opleiding vir die onderwyser deur die onderwyser en tot die onderwyser onder begeleiding beskikbaar is. Die informele onderwysersentrumonderrig laat die swart onderwyser belangrik voel, dit is prikkelend, prakties, en op waarnemingsvermoë gerig. Dit sal raadsaam wees om die swart onderwyser so gou as moontlik self te betrek by die sentrumaktiwiteite en om sy menswaardigheid te erken.

Pelser (1987a) sê dat ideologie sterk ter sprake kom en dat swart mense uit die aard van hulle wese gevoelsmense is. Die indiensopleier kan die swart onderwysers wel doeltreffend oplei as die opleier hulle eers as mens erken, hul vertroue gewen het en hul samewerking verkry het.

Daarna sal die onderwysers in die omgewing van die onderwysersentrum hulself met die sentrum begin identifiseer en sal toegewydheid en betrokkenheid die vrug op die menswaardige beginsel en koörperatiewe waardes wees.

'n Ander belangrike aspek van die sukses van indiensopleiding by die onderwysersentrum sal wees om ook die vertroue van die gebied se assistent-direkteur, kringinspekteurs en veral skoolhoofde te kry. Die bestuurslui moet die sentrum aanvaar alvorens die onderwyser betrek word. Deurlopende persoonlike kontak op alle vlakke van onderwyshiërargie is belangrik as die onderwysersentrumpersoneel in hulle gemeenskaplike doel wil slaag. Die einddoel van die sentrum is om betrokkenheid te laat ontwikkel in toegewyde, entoesiastiese onderwysers wat almal help uitbou aan kollegas se onderwyspotensiaal.

Van Heerden (1986:27) noem 'n paar winste wat indiensopleiding vir die onderwyser kan inhou:

- groei van professionalisme wat waargeneem kan word in onderwysmetodes, karakter en gedragskode wat vanuit motivering, produktiwiteit en gesindheid sigbaar word;

- toegewydheid en motivering wat 'n intense belangstelling in eie vakrigting kweek sonder gedurige toesig en kontrole, die gereelde lees van studiegidse om altyd 'n beter kennis na te streef en om vrywilliglik betrokke by indiensopleiding te raak;

- gesindheid sal verbeter en in die onderwyser se werk manifesteer, sy selfbeeld, sy menseverhoudings en die onderwyser se benadering ten opsigte van die leerlinge sal verbeter;

- kwalifikasies sal verbeter omdat indiensopleiding hiertoe aansporing verleen en die onderwyser graag op die hoogte van sy vak sal wil bly en goed voorbereid by die skool sal opdaag in sy daaglikse pligsvervulling;

- indiensopleiding sal die onderwyser se gebruik van hulpmiddels verbeter aangesien die onderwysersentrum die geleentheid en die middele bied om selfvervaardiging aan te moedig;

- taalvaardigheid sal aansienlik verbeter as die onderwyser kursusaanbiedinge by die onderwysersentrum volg waarby die leerlinge ook indirek sal baat;

- selfvertroue word gekweek by indiensopleiding en dit dwing weer medekollegas en leerlinge se respek af en lei tot 'n algehele positiwiteit;

- nog 'n wins wat indiensopleiding vir die onderwyser inhou is lojaliteit, want die onderwyser leer om nooit iemand te bespreek in sy afwesigheid nie en om verskille op 'n verantwoordelike en bedaarde wyse uit die weg te ruim, en om

- produktiwiteit te verhoog van elke onderwyser wat bereid is om indiensopleiding te ondergaan, sodat hy 'n aanwins vir enige skool sal wees waar hy 'n pos beklee.

Vir Ornstein en Vairo (169:190) lê daar 'n groot bate in die feit dat onderwysers se lesaanbieding by die onderwysersentrum op film vasgelê word. Die onderwyser het dan die geleentheid om homself te sien skoolhou en die foute wat hy maak, reg te stel sonder dat dit teen hom tel. Onderwysers kry die geleentheid om na mekaar se lesse te kyk, en konstruktiewe bydraes te maak wat tot die verbetering van lesaanbieding kan lei.

Die swart onderwyser het die verantwoordelike taak om oorgangsgemeenskappe in sy gebied te steun in 'n nuwe aanpassingsperiode. Hierin kan die onderwysersentrum die ondergekwalifiseerde swart onderwyser onderrig om die stedelike leerling beter te verstaan en op te voed, sodat hy in 'n verwesterde samelewing kan inpas en sodoende kan aan opvoedende onderwys groter gestalte gegee word.

### 3.5.2 Bestaande dienste

In die Vaaldriehoek word daar onder andere indiensopleiding by die Onderwyskollege Sebokeng, die technikons te Vanderbijlpark en Vereeniging, Vista Universiteit in Sebokeng, die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO en die Katisetso-onderwysersentrum in Sebokeng aangebied. Katisetso-onderwysersentrum het in 1987 begin funksioneer en lewer al 'n belangrike bydrae tot indiensopleiding van swart onderwysers in die Vaaldriehoek. Daar is egter nog 'n groot behoefte in die Vaaldriehoek aan onderwysersentra, aangesien een sentrum maar ongeveer tweehonderd tot driehonderd onderwysers kan bedien terwyl daar ongeveer 'n honderd swart skole in die Vaaldriehoek is.

By Vista en by die Vaaldriehoekkampus vind akademiese opleiding plaas. Vista lei minder as 100 swart studente op en 'n paar nagraadse swart studente studeer vanaf 1985 aan die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO (Van der Walt, 1984:7). Die Onderwyskollege Sebokeng behartig vanjaar die opleiding van ongeveer 787 swart onderwysstudente, maar hoofsaaklik vir sertifisering na aanvangsopleiding. 'n Klein groepie onderwysers studeer ook aan die Onderwyskollege Sebokeng om hulle kwalifikasies te verbeter.

Die swart onderwysersentrums kan effektiewe indiensopleiding van alle swart onderwysers behartig, wat bereid sal wees om van hulle vrye tyd af te staan en na die nabygeleë onderwysersentrum te gaan om meer kundigheid te bekom. Onderwysbestuurslede kan die voorbeeld stel om sentrumaktiwiteite te steun. Onderwysers kan baat as hulle betrokke raak by onderwysersentrumopleiding deurdat hulle persoonlikheidsontwikkeling ondergaan en 'n akademiese vakkennis bekom. Swart onderwysers kan ook voordeel trek by indiensopleidingsaktiwiteite van die plaaslike onderwysersentrum deur metodologiese effektiwiteit te bekom en op die hoogte met die nuutste taal- en leesvaardigheidsonderrigtegnieke te kom.

### 3.5.3 Onderwysbestuurslede en indiensopleiding by die onderwysersentrum

Die onderwysbestuurslede van onderwys sluit die hiërargie van die skool in, naamlik inspekteurs, skoolhoofde, adjunk-hoofde, departementshoofde en meriete-onderwysers. Onderwysbestuurslede benodig ook indiensopleiding om effektief leiding aan ander onderwysers te kan gee, om krisissituasies te kan hanteer, om verstandige besluitneming toe te pas, om sistematiese probleemoplossing te kan doen, en om bevoegdheid in toesighoudende hoedanigheid te bekom. Onderwysbestuurslede het ook 'n behoefte daaraan om 'n persoonlike leierskapstyl te ontwikkel, om sensitiwiteit te ontwikkel vir die dinamika van kommunikasie, hoe om groepwerk aan te moedig en hoe om personeellede te motiveer. Bot (1985:34) beklemtoon die belangrike rol van die skoolhoof by die effektiewe funksionering van 'n skool en om goeie menseverhoudinge te behou. Die skoolhoof moet gesaghebbend kan optree, maar moet ook die personeel se samewerking en respek geniet en hiervoor is opleiding noodsaaklik. Van der Walt (1984:17) het bevind dat baie swart skoolhoofde nie in die minste voorbereid is vir die verantwoordelike leierstaak wat op hulle wag nie, omdat hulle nie die nodige opleiding daarvoor ontvang het nie. Taba en Elkins (1969:263)beklemtoon die skoolhoof se rol as dié van goeie spanwerk en 'n bron van sterkte in enige skoolopset. Skoolhoofde erken dikwels dat, behalwe kennis van hulle eie vak, hulle nie genoeg kennis het van al die vakke wat in hul skole aangebied word nie en met spesiale verwysing na leesonderrig in die primêre skole (Whipple, 1969:263). As skoolhoofde professionele leiers by hulle skole wil wees, moet hulle ook bereid wees om indiensopleiding by die onderwysersentrum of elders waar dit gereël mag word by te woon, om sodoende hulle kennis op te knap en op die hoogte van nuwe kennis te bly. Dit is veral belangrik dat skoolhoofde en onderwysbestuurslede van skole vir gedepriveerde leerlinge indiensopleiding ondergaan, aangesien die onderwys en opvoeding van diesulke leerlinge meer kompleks van aard is as in gewone skole. Hoofde kan van onskatbare waarde in swart skole wees as hulle onderwysers met professionele probleme ondersteun, en hulle aanmoedig om onderwysersentrumopleiding

by te woon en selfs ook hulle kwalifikasies te verbeter. Onderwyskwaliteit in swart skole kan aansienlik verbeter word en onderwysers se selfvertroue kan verstewig word as die skoolbestuurslede opgelei is om hierdie belangrike funksie te vervul, en hul personeel by te staan (Bot, 1985:34).

### 3.5.4 Akademiese indiensopleiding van onderwysers by die onderwysersentrum

Akademiese indiensopleiding geskied op intermediêre en gevorderde vlakke. Die intermediêre indiensopleiding maak voorsiening vir swart onderwysers wat 'n standerd 8-toelatingsvlak bereik het en 'n opknappingskursus verlang om kennisverheldering te ondergaan, alvorens hulle na 'n volgende studiefase oorgaan (Murphy, 1986:10). Die gevorderde indiensopleiding vir swart onderwysers by die onderwysersentrum het ten doel om kandidate te help voorberei om hulle seniorsertifikaateksamen te skryf, want die onus om kwalifikasies te verbeter rus nog altyd op die onderwyser self. Gevorderde indiensopleiding het verdere onderrigvertakkings wat die gebrekkige vakkennis van die oorgrote meerderheid swart onderwysers kan help aanvul, en hulle vanselfsprekend beter kan toerus op hulle onderskeie vakgebiede. Die hulp van vakinspekteurs kan hier by die onderwysersentrum ingeroep word om almal op die hoogte van die nuutste denkrigtings en feitemateriaal te bring. In enige professionele beroep is volgehoue groei baie belangrik en in die onderwysprofessie is dit lotsbeslissend. Die onderwysersentrum leen hom ideaal daartoe om onderwysers met akademiese kennis toe te rus, asook om onderwysers tot selfstudie en ware vakkundige groei te motiveer.

Behalwe die akademiese vakkennis wat die onderwyser by die onderwysersentrum bekom, kan die aanbiedinge ook só deur die sentrumhoof beplan word dat daar voorsiening gemaak word vir onderwysers wat belangstel om kwalifikasies deur middel van afstandonderrig te verbeter

deur hulle met studiemetodes en analise van wat van hulle verwag word, te help (Murphy, 1986:19). Baie swart onderwysers het leiding nodig ten opsigte van studiemetodes en studieprogrambeplannings en hoe om selfmotivering en deursettingsvermoë aan die dag te lê. Die onderwysersentrum kan 'n bydrae lewer om onderwysers toe te lig aangaande navorsingsmetodes en hoe om sekere inligting te bekom as daar oor sekere onderwerpe nie boekmateriaal beskikbaar is nie.

Duckers (1975:155) plaas ook die onus op die verantwoordelikheidsbesef van die onderwyser self, omdat hy indiensopleidingsprogramme hoog aanskryf. Alle sukses hang nog steeds af van die vordering wat die onderwyser self maak en wil maak, om 'n verbeterde onderwysstatus te verwerf. Calitz (1986:13) beklemtoon die groot verantwoordelikheid wat opleiers as onderwysvennote het om opleidingsideale by die onderwysersentrum tot verwesenliking te laat kom. Hierdie opleiers moet voortdurend op die voorpunt bly met betrekking tot navorsing, beplanning, koördinering, aktuele opleiding en algemene vernuwingsbewustheid.

Indiensopleiding by die onderwysersentrum, veral op akademiese vlak, beteken vir die onderwyser professionele ontwikkeling en die besef dring dan tot die onderwyser deur dat 'n mens nooit ophou leer nie, dat professionalisme in die onderwys voortdurende navorsing en studie en indiensopleiding beteken (Dean, 1975:63). Die leergebeure is 'n lewenslange taak wat verfyning en wysigings ondergaan om altyd beter kwaliteit na te streef in die onderwysmilieu. Die wanbalans ten opsigte van lewenstyl wat daar soms in die woongebiede bestaan, maak dit vir die swart onderwyser nodig om die balans te handhaaf en die voorbeeld te stel, sodat die leerlinge ook in krisissituasies om die regte raad na hul onderwyser kan opsien. Hierdie eienskappe is egter nie aangebore nie en moet deur volhardende indiensopleiding by die onderwysersentrum verkry word. By elke onderwyser vind die leergebeure verskillend plaas: die een kan op sy eie suksesvol leer, die volgende een leer dalk die beste deur kursusse by te woon, 'n ander weer leer deur met kollegas te kommunikeer, sommiges het 'n verskeidenheid leergeleenthede nodig om optimaal te leer. Baie onderwysers verkies groepwerk om te leer,

daar is ook onderwysers wat gesofistikeerde apparaat verkies, soos byvoorbeeld die video-opnemer om te leer. Daar is ook leergeleenthede buite die skoolmilieu; onderwysers kan 'n vol en interessante lewe lei deur rond te reis, baie te lees, radio te luister en opvoedkundige programme op televisie te volg. Die onderwysersentrumleier moet van hierdie verskille kennis te neem, en behoort voorsiening vir onderwysers se verskillende leermetodes in die sentrumaanbiedinge te maak.

### 3.5.5 Persoonlikheidsontwikkeling van die onderwyser by die sentrum

Onderwysers van swart leerlinge benodig nie net 'n akkumulasie van vaardighede om gestalte aan opvoedende onderwys te gee nie. Onderwysers het behoefte om uitdrukking aan hul gevoel te gee; om te beweeg, om te skryf, om te skep, om te dans, om te beleef in onbedreigde, nie-spanningsvolle situasies (Rogers, 1976:412). Juis om hierdie rede moet die onderwyser selfvertroue, selfrespek, selfdissipline en geloof hê in dit wat hulle aanpak. 'n Persoonlike lewensfilosofie is iets waaraan nog min swart onderwysers gedink het en boonop baie min van weet. Die onderwysersentrum kan 'n bydrae lewer tot die persoonlike ontwikkeling van die swart onderwyser deur kursusse oor selfbeeldontwikkeling en die stimulering van 'n eie lewensfilosofie aan te bied. Baie swart onderwysers, soos hulle leerlinge, is onbewus van hulle talente en benodig die stimulasie om dit te ontwikkel en 'n ondersoekende ingesteldheid aan te leer.

Melbo en Martin (1969:266-268) wys daarop dat die onderwyser van die gedepriveerde leerlinge dikwels moedeloos en ongemotiveerd raak as gevolg van hul veeleisende taak, en dat hulle voel hulle bereik nie die kinders nie. Dit is weer eens hier waar die onderwyser om hulp kan aanklop by die onderwysersentrum waar hy individueel of in 'n groep gehelp kan word. Die onderwysersentrumleier kan inisiatief aan die dag lê om 'n aanbieding by sy sentrum vir swart onderwysers aan te bied om persoonlike groei te stimuleer en die selfbeeld op te bou. Grootskaalse

onderneming by die sentrum om persoonlike groei te stimuleer kan so interessant ontwikkel dat baie meer onderwysers aanbiedinge sal wil bywoon, as hulle net besef dat daar iets meer gedoen word as net gewone indiensopleiding.

Die onderwyser leer ook by die sentrum hoe hy gedragspatrone by sy leerlinge kan vaslê. Boonop kan hy help bou aan moraal en sedelikheid om sodoende 'n selftrots en respek vir besit te kweek wat dikwels by swart skoliere ontbreek. Die leerling ontvang 'n groot persentasie van sy waardesisteem vanuit sy onderwys en skoolmilieu (Grobler, 1985:21).

"Teaching is the mother of all professions. The education and nurturing teachers give pupils, must stand them in good stead for their future careers. And teachers cannot do this unless they have a sense of their own worth."
(Murphy, 1986:7.)

Die onderwysersentrum kan onderwysers aanmoedig om doelwitte vir hulself te formuleer wat lang- asook korttermyndoelwitte kan insluit. Dit gee 'n gevoel van eie waarde aan die onderwyser en gee hom selfvertroue om sy daaglikse werk met meer selfstandigheid en 'n gevoel van geborgenheid te verrig, omdat hy weet dat die sentrum altyd nog daar is as hy weer moedeloos word. Doelgerigtheid was nog altyd 'n goeie basis van enige onderwysgebeurlikheid en die swart onderwyser moet weet waarheen hy in sy beroep en met sy leerlinge op pad is.

Roux (1986:22-24) beklemtoon die belangrikheid van selfkennis en realistiese besluitneming by die swart leerling wat tuisgebring moet word deur die onderwyser se onderhoudvoering. Hierdie oriëntering van leerlinge deur die onderwyser verg noukeurige mensekennis, sowel as professionele kennis. Juis hierdie kennis het al dikwels by onderwysers ontbreek wat deur indiensopleiding by die sentrum aangevul kan word.

### 3.5.6 Indiensopleiding van swart onderwysers by die onderwysersentrum om metodologiese effektiwiteit te verkry

Ondergekwalifiseerde swart onderwysers is waarskynlik 'n belangrike oorsaak vir die ontstellende hoë druipsyfer by swart leerlinge. Die taak van die onderwysersentrum is om deur middel van indiensopleiding die onderwyser akademies en metodologies beter toe te rus, sodat die vakkennis wat die onderwyser by die sentrum bekom op die doeltreffendste moontlike manier aan die leerlinge oorgedra kan word en dit dan kan lei tot 'n beter onderwysstandaard.

Samesprekings met kollegas wat met dieselfde probleme worstel, dra by tot kritiese introspeksie en sodoende lewer die onderwysersentrum 'n bydrae tot die optimale ontwikkeling van die onderwyser in die klaskamer (Jordaan, 1987).

Onderwysersentrums moet heeltemal outonoom bestaan en moet onderwysers uit die omgewing vir dagkursusse of weekkursusse betrek, waar hulle opgelei moet word om die nuwe sekondêre skoolsillabusse wat geïmplementeer word, te kan hanteer. Die swart onderwysers wat begin skoolhou, is geheel en al nie bevoeg om nuwe sillabusse effektief te hanteer nie (Gouws, 1987). Onderwysers sal ook baie beter resultate in die klaskamer kry, as hulle bereid is om tyd na skool af te staan om op informele wyse met hulle leerlinge kennis te maak.

"What one has in mind are essay competitions, debates, excursions, visits to schools of other groups, music and hobbies societies etcetara. The main aim of such programmes would be to counter the impoverishment and isolation of ghetto education."
(Bot, 1985:35.)

Personeel van die swart onderwysstelsel by die onderwysersentrum moet leer hoe om geskiedenis uit 'n ander meer aanvaarbare perspektief vir swart leerlinge aan te bied. Die leerlinge moet aanvoel dat hulle kultuurgroep net so aanvaarbaar is as die ander bevolkingsgroepe in die

RSA en leerlinge moet 'n waardering vir die eie ontwikkel wat sal bydra tot 'n positiewe selfbeeld (Smith, 1972:51).

Calitz (1986:11) meen dat klaskamerbestuursvaardighede en die onderrig van vaktipiese vaardighede 'n prominente plek in opleiding van onderwysers moet verkry. Baie swart onderwysers sal ook opgelei moet word om 'n professionele onderwysvisie te ontwikkel, sodat onderwys in sy geheel en ook gedeeltes daarvan begryp kan word. Om onderwys aan gedepriveerde leerlinge tot volle reg te laat kom, is dit belangrik dat die onderwyser die klaskamer aantreklik maak en ook van die leerlinge se werk uitstal en positiewe kritiek lewer. Dit skep 'n gevoel van menswaardigheid en ook die besef dat goeie werk beloon sal word (Ornstein en Vairo, 1969:150). Die meeste gedepriveerde leerlinge woon skole in woongebiede by wat nie so modern en aantreklik soos baie gewone skole is nie. Boonop is klaskamerversiering vir hulle besonder belangrik (Chernow en Chernow, 1973:20).

By swart skole gaan daar weinig aan op sportgebied, veral as dit vergelyk moet word met die blanke skole waar gedurig sportbedrywighede plaasvind. Die onderwysersentrum het hier 'n baie belangrike taak te vervul, naamlik om die vak Liggaamlike Opvoeding by swart skole te beklemtoon. 'n Reeks kursusse vir die onderwysers wat verantwoordelik is vir Liggaamlike Opvoeding kan by die onderwysersentrum aangebied word om hulle beter toe te rus en te motiveer om daadwerklik iets te begin doen. Baie swart skoliere het smiddags nie iets om hulself mee besig te hou nie en raak sodoende maklik die prooi van straatbendes en leeglêers.

Daar bestaan 'n groot behoefte aan skoolvoorligting en die regte beroepsleiding aan swart leerlinge. Die onderwysersentrum het hierin 'n groot verantwoordelikheid om toe te sien dat onderwysers, veral van sekondêre skole, die nodige metodologie bemeester om voldoende en regte leiding aan skoolverlaters en ander hoërskoolleerlinge te gee. Daar sal veral aandag gegee moet word aan persoonlikheidsvoorligting, opvoedkundige voorligting, en dan veral beroepsvoorligting.

Daar vind te veel in die onderrig dressering en handboekgebondenheid in die klaskamer plaas. Die onderwyser is nog te gebonde aan ou uitgetrapte onderwysmetodes. Die tyd het aangebreek, soos White (1986:28)dit ook duidelik stel, dat kreatiewe denke by die leerling aangewakker word. Daar moet 'n klemverskuiwing van die heel konkrete na die meer abstrakte kom. Kreatiewe denkwyses bevorder die lewenskwaliteit en stimuleer nuwe interessante aktiwiteite in die klaskamer. Die onderwysersentrum kan hier kosbare aanbiedinge reël vir swart onderwysers aangesien dit nog 'n braak veld is op byna alle vakgebiede. Lesaanbiedinge kan ook op verskillende maniere plaasvind om die aandag en belangstelling van leerlinge te behou. Die eerste stap sal wees om die leerling te leer om noukeurig waar te neem, daarna moet die leerling sy waarnemings in sy eie woorde neerskryf,en derdens moet die leerling leer om in groepverband samesprekings te hou en gedagtes te wissel.

Fraser (1985:34) doen aan die hand dat die moderne metodiek in die onderrig van veral die natuurwetenskappe toegepas word, wat 'n eksperimentele benadering beklemtoon wat probleemoplossingsvaardighede, kritiese denkvermoë en ander hoër kognitiewe vaardighede op die proef stel. Onderwysers in die vak Wiskunde en Biologie kan ook ruim van hierdie wenk gebruik maak in swart skole, omdat onderwysers te dikwels daarop konsentreer om net die eksploratiewe vermoëns van die leerlinge te ontwikkel. 'n Ontdekkende of ondersoekende demonstrasieles word as onderrigmetode gebruik met die doel om leerlinge tot die ontdekking van spesifieke eienskappe te laat kom.

Onderwysers moet altyd in gedagte hou dat met hul onderwysmetodiek in die klaskamer, hulle die swart leerlinge moet voorberei om in te skakel in 'n snel ontwikkelende moderne gemeenskap sodat hulle:

* selfontwikkeling sal toepas;

* mens-, lewens- en hanteringsbekwaamhede sal bemeester;

* die vermoë sal bemeester om in taal en syfers te kommunikeer;

* die funksionering van die gemeenskap waarvan hulle deel is te verstaan, en

* die vermoë sal ontwikkel om te dink, te leer, te ontdek, te redeneer, probleme op te los en te skep (Syncom, 1986:20).

Die onderwyser van swart leerlinge het 'n groot verantwoordelikheid om opvoedende onderwys tot volle reg te laat kom, omdat die meerderheid leerlinge gedepriveerd is, en 'n swak selfbeeld en toekomsverwagting het, en dikwels ongemotiveerd is sodat skoolverlating op 'n vroeë ouderdom voorkom en werkloosheid dikwels die einddilemma is. Indiensopleiding by veral die onderwysersentrum kan die onderwyser professioneel toerus om sy onderwystaak meer effektief te vervul, as hy bereid sal wees om van sy vrye tyd af te staan en op 'n vrywillige basis by die onderwyssentrumaktiwiteite in te skakel en sy probleme aan die sentrumleier uit te spel. Die onderwyser se onderwysmetodologie sal meer professioneel raak en dit op sigself sal meer selfvertroue en geloofwaardigheid bring in die persoonlikheid van die onderwyser. Die eietydse tegnologiese ontwikkeling vind so snel plaas dat die onderwys geneig is om verouderd en tradisioneel te bly. Die onderwyser van swart leerlinge moet die verantwoordelikheid op homself neem om vernuwingsrigtings te eksploreer en op die voorpunt van ontwikkeling te bly. Die onderwysersentrum is daar vir die onderwyser om sy eie behoeftebepaling te kan doen en verder te kan deelneem aan programbeplanning en aktiwiteitsontwerpe.

Onderwystegnologie wat reeds in 'n gevorderde stadium is, sal van die onderwyser in die RSA al hoe meer kennis op hierdie gebied vra. Die onderwysersentrum sal kursusse moet beplan vir onderwysers van gedepriveerde leerlinge om die onderwyskorps se onderwysmetodologie in verhouding met die ontwikkeling te bring.

Onderwysers sal moet kennis neem dat die toekoms al hoe meer rekenaargeoriënteerd en -afhanklik gaan word, sodat indiensopleiding 'n

noodsaaklikheid sal word. Onderwysersentrumpersoneel sal self ook kursusse by die kundiges moet deurloop om leiding op hierdie gebied te kan gee.

Le Roux (1987) beklemtoon die belangrikheid van onderwysmedia by die indiensopleiding van onderwysers by onderwysersentrums. Indien die onderwysersentrum oor genoeg fondse beskik kan 'n video-ateljee ingerig word wat voorsiening maak vir mikro-onderwys. Hier word onderwysers gehelp om hulle metodologiese onderwysbenadering as hulle lesgee te verbeter. 'n Taallaboratorium sal ook essensieel by die swart onderwysersentrum wees omdat daar nog baie taalkennistekorte by onderwysers is, en die taallaboratorium kan taalonderrig en -standaard van onderwysers op die vereiste vlak bring. Die oudiobanddiens kan aan die mediasentrum gekoppel word en kan 'n gemeenskaplike diens lewer wat weer 'n inkomste vir die onderwysersentrum kan beteken. Die oudiobanddiens maak bandopnames van suksesvolle kursusse en relevante materiaal wat skole dan weer teen 'n geringe koste van die sentrum kan aankoop om in hulle mediasentrum se naslaanafdeling vir onderwysers beskikbaar te stel. Die onderwysersentrum kan ook 'n versameling opbou van kleurskyfies en goeie gehalte transparante om onderwysers in hulle vakaanbiedinge te help.

Onderwysmediavervaardiging by die onderwysersentrum spoor die belangstellende onderwyser van gedepriveerde leerlinge aan om sy eie onderwysmedia by die sentrum te kom maak en in sy lesaanbieding te gebruik. Gewoonlik help die sentrum onderwysers wat miskien nie self die materiaal kan bekom nie om dan gratis of teen 'n geringe koste sy eie onderrigmedia te vervaardig. Die onderwyssentrum kan byvoorbeeld ook ten opsigte van taalonderrig onderrigmedia vervaardig wat dan na skole versprei kan word wat geïnteresseerd is (Howe, 1983:53).

"Hulpmiddels moet self deur die betrokke onderwysers gemaak word en dit dek 'n wye spektrum wat strek vanaf reprografiese produkte, oudiovisuele middels soos films, skyfies, transparante en bandopnames, tot by die maak van hout- en metaalmodelle. Dit sluit ook biblioteekdienste in."

(Van Wyk, 1981:23.) Al hierdie materiale en hulpmiddels kan in die onderwysersentrum se mediasentrum opgeneem word en beskikbaar wees aan onderwysers deur middel van 'n leendiens.

### 3.5.7 Indiensopleiding by die onderwysersentrum om taal- en leesvaardigheidonderrig van die swart onderwyser op standaard te bring

Taal as 'n medium van onderrig en kommunikasie is in die RSA in die onderwys van swart leerlinge 'n probleem. Die meeste swart mense is net taalvaardig in hulle moedertaal; Afrikaans en Engels is vir meeste van hulle 'n derde of vierde taal. In alledaagse taalgebruik het die meeste swart leerlinge geen probleem nie, maar wanneer dit oor wetenskapsbegrippe gaan, raak die swart leerlinge verlore en baie swart onderwysers se taalvaardigheid is swak (Pelser, 1987). Die hele problematiek is in die feit geleë dat taalonderrig in die senior gedeelte van die primêre skool en die hele sekondêre skoolonderrig in Engels geskied wat nie die swart mense se moedertaal is nie. Dit is veral Whipple (1969:239-241) wat klem lê op die gedepriveerde leerling se gestremde taalgebruik as hy standaard Engels moet praat. Hulle toon uitvalle in luisterpotensiaal, vokale stimulasie ontbreek en gebrekkige sinkonstruksie kom voor.

"The poor child's language is a poor vehicle for thought. This limits the generality and abstraction of thought and forces it into stereotyped channels, preventing the child from verbalizing his unique relationship with the environment. And in school his curiosity is limited and focused only on events which can be understood in a simple way."
(Ginsburg, 1972:62).

Die onderwysersentrum kan die taalonderwyser asook die hoërskoolonderwyser hier leiding gee. Die sentrumonderrig kan die swart leerling se taalkennis op die vereiste akademiese vlak bring sodat die leerlinge 'n meer uitgebreide taalvaardigheid kan bekom. Dit sal ook

meehelp om hul denkprosesse op 'n hoër standaard te bring, en uiteindelik hul skolastiese prestasie sal bevoordeel. Labov **et al.**, (1968:41) beveel 'n soepel taalonderrigmetodologie aan en dat die onderwyser gedepriveerde kinders se verwysingsraamwerk moet verstaan om sukses te behaal. Daarbenewens moet hulle gedragspatrone bestudeer word en die leerlinge se vertroue moet gewen word.

Leerlinge by swart skole verklaar dat hulle nie so baie met Engels as spreektaal in aanraking kom as wat nodig is nie, en dit is 'n direkte vingerwysing na die onderwyser van die leerlinge. Geen onderwyser, hoe ondergekwalifiseerd hy ook al mag wees, en hoe gedepriveerd sy leerlinge ook mag wees, kan verskonings bied vir swart leerlinge se swak standaard in Engels nie solank hy weet hoe om 'n batterybandmasjien te hanteer (Lampen, 1985:4). Grondliggende verklarings wat vir hierdie toedrag van sake aangevoer kan word, is eerstens dat onderwysers van swart skole nie onderwysersentrums het waar hulle met hulle professionele probleme kan gaan aanklop nie. Tweedens aanvaar die onderwysers by swart skole nog nie dat met die onderrig van Engels daar meer op 'n mondelinge benadering gekonsentreer moet word nie. Baie onderwysers het nog 'n diktatoriale benadering van klasgee en moet nog die gevoel van werkbevrediging smaak deur 'n benadering waar kreatiwiteit gestimuleer word.

Die onderwysersentrum kan swart onderwysers baie behulpsaam wees met taalonderrigkursusse; daardeur kan die hantering teenoor taalonderrig positief verander.

"The teacher must find means to break down this wall by building up the child's confidence in his ability to express himself in English."
(Lampen, 1985:8.)

'n Baie belangrike faset van die swart leerling se taalvaardigheid is sy potensiaal om met insig vlot en duidelik te lees. Dit het al gebeur dat leerlinge tydens aflegging van eksamens eksamenvrae verkeerd vertolk het en foutiewelik beantwoord het, en sodoende waardevolle punte verloor het. Whipple (1969:240) merk op dat die kind besef dat hy deur te lees

sy kennisvolume kan vermeerder en ook gesprekvoering kan bevorder. Daar is ook die onbekende wêreld van algemene en besondere kennis wat bereikbaar word deur boeke te lees. Selfs voorskoolse kinders kom al met die ongeskrewe taal in aanraking as hulle speel, ondersoek, kunsmateriaal hanteer en 'n simpatieke volwasse opvoeder teenwoordig het. Baie gedepriveerde kinders het nie die voorreg om deelname aan sulke opbouende vormingsprogramme te hê nie, en dit maak die uitdaging vir die swart onderwyser veral in die junior primêre fase des te groter, omdat hierdie kinders meesal met 'n taalagterstand die laerskool binnekom. Leesonderrig is veelfasettig en regverdig 'n studie op sy eie wat baie aktueel in die onderwysersentrumprogram ingesluit kan word.

Leesgereedheid by jong kinders omsluit die totale ontwikkeling van die kind en word beïnvloed deur sy emosionele gesteldheid, fisieke gesondheid, kognitiewe ontwikkeling en visuele diskriminasie. Indiensopleiding by die onderwysersentrum kan interessante werkgroepresultate oplewer wat met alle sentrums gedeel kan word om leesonderrig in swart skole ten volle te ontwikkel.

## 3.6 ONDERWYSERSENTRUMS KAN DIE GEBRUIK VAN MEDIA TYDENS ONDERRIG-LEERSITUASIES IN SWART SKOLE BEKLEMTOON

Die invloed van televisie op die jeug is onberekenbaar; dit maak 'n aanslag op die visuele en die ouditiewe waarneming deur middel van helder en opwindende aanbiedinge. Hierdie leerlinge sit vandag nog op die skoolbanke en ontvang hulle opleiding deur middel van die lesingmetode en gedrukte materiaal. Daar moet gedink word aan metodes om onderwys aantrekliker te maak en voordeel moet geneem word uit onderwystegnologiese metodes om 'n kommunikasierewolusie tot stand te bring (Peterson, 1975:13).

Onderwysmedia is van die uiterste belang vir die onderwysgebeure. Deur die behoorlike integrering van onderwysmedia in lesse word daar moontlikhede geskep wat vir onderrig en leer bevorderlik is.

Geen doeltreffende onderrig kan plaasvind as die onderwyser nie van onderwysmedia gebruik maak om sy kennis te verbreed nie, anders gaan hy bloot uit die handboek werk (Le Roux, 1987). Met die opstel van eksamenvraestelle word daar toenemend verwag dat insigvrae gevra word en nie net memoriseervrae nie. Die onderwyser moet dus nuwe horisonne ontgin en 'n breër kennis bekom, want ook in sy vakdidaktiek moet insig by die leerlinge tuisgebring word. Die onderwyser is die sleutelfiguur in die verbeeldingryke ontginning van mediamateriaalaanwending in die onderrigleersituasie en leerlinge sal waarneem, luister, kyk, aantekeninge maak, besprekings voer en inligting verwerk om vakverryking toe te pas (Loch, 1986:17).

Overduin en De Wit (1986:809) het dispariteit weer duidelik beklemtoon met statistiese gegewe van voltydse onderwyser-bibliotekarisposte:

TABEL 3.3: BESTAANDE VOLTYDSE ONDERWYSER-BIBLIOTEKARISPOSTE (Overduin en De Wit, 1986:809.)

| | |
|---|---|
| Oranje-Vrystaat | 42% |
| Transvaal | 94% |
| Natal | 61% |
| Kaapprovinsie | 42% |
| Indiërs | 88% |
| Kleurlinge | 38% |
| Swartes | 23% |

**TABEL 3.4: GEMIDDELDE AANTAL TYDSKRIFTE WAT PER SKOOL VOORSIEN IS (Overduin en De Wit, 1986:815.)**

| | |
|---|---|
| Oranje-Vrystaat | 20 |
| Transvaal | 35 |
| Natal | 31 |
| Kaapprovinsie | 10 |
| Indiërs | 23 |
| Kleurlinge | 11 |
| Swartes | 8 |

Die volgende statistiek wat Overduin en De Wit (1986:817) verstrek, is 'n ernstige vingerwysing na die onderwysers van swart leerlinge, veral in sekondêre skole, wat die leesgewoontes van leerlinge weerspieël met die aantal boeke wat hulle gemiddeld per jaar uitneem.

**TABEL 3.5: BOEKE WAT GEMIDDELD PER JAAR UITGENEEM WORD BY SEKONDêRE SKOLE (Overduin en De Wit, 1986:817.)**

| | |
|---|---|
| Oranje-Vrystaat | 10 |
| Transvaal | 5 |
| Natal | 16 |
| Kaapprovinsie | 10 |
| Indiërs | 13 |
| Kleurlinge | 4 |
| Swartes | 1 |

"Daar bestaan tans egter geen infrastruktuur binne die Departement Onderwys en Opleiding vir die lewering van 'n inligtingsdiens vir die ondersteuning van so 'n gesentraliseerde indiensopleidingsprogram vir swart onderwysers nie."
(Le Roux, 1986:1.)

Hierdie navorsing sal ontoereikend wees om swart onderwysersentrums in elke kring aan te beveel as daar nie ook aandag gegee word aan parallelle ondersteuning van 'n inligtingsdiens om die indiensopleiding van swart onderwysers in die RSA tot volle ontplooiing te laat kom nie. Die swart onderwyser het aanvullende inligting nodig om sy daaglikse onderwysprogram sinvol te laat verloop. Hy moet ook sy leerlinge sinvol voorberei op 'n Westerse tegnologiese samelewing waarin die afgestudeerde 'n beroep moet beklee en verantwoordelike burgerskap moet beklee.

Die indiensopleidingstaak word bemoeilik deur die afwesigheid van 'n inligtingsinfrastruktuur vir swart onderwysers om suksesvolle taakverrigting van potensiële gebruikers daar te stel. Daar is ook die styging van boekpryse en die hoë inflasiekoste en die devaluasie van die Rand wat die agterstand vergroot. Dit is 'n feit dat die ingewikkeldheid van die Suid-Afrikaanse samelewing, wat uit 'n derde wêreld- en eerste wêreldkomponent bestaan, baie afhanklik van inligting is.

Le Roux (1986:56) bepleit met reg die volledige integrering van Sabinet wat 'n Suid-Afrikaanse bibliografiese en inligtingsnetwerk verteenwoordig. Hierdie netwerk verteenwoordig 'n gemeenskaplike gerekenariseerde bibliografiese databasisstelsel vir biblioteke- en inligtingsentrums met landswye toegang. 'n Miljoen of meer masjienleesbare rekords wat byna alle tipes inligtingsmateriaal verteenwoordig, is in Sabinet vervat. Die regering behoort dus te kyk na 'n moontlike inligtingsdiens vir swart onderwysers wat tans nie bestaan nie, sodat inligting op 'n ekonomiese manier aan 'n wye gebruikerskorps beskikbaar gestel kan word. Die onderwysersentrum kan ook druk uitoefen om hierdie belangrike naslaannetwerk vir swart onderwysers 'n werklikheid te laat word.

## 3.7 DIE ADVISERENDE FUNKSIE VAN 'N ONDERWYSERSENTRUM

Die onderwysersentrum bied 'n veilige hawe aan die onderwyser omdat dit neutrale gebied is wat aan die onderwyser, vir die onderwyser en tot die onderwyser se beskikking daargestel is. Hiërargie en professionele rangorde bestaan nie by die sentrum nie. Die onderwyser kan met sy probleme kom, sonder om gepenaliseer te word en sonder dat daar 'n aantekening op sy lêer gemaak word wat later weer met merietetoekennings teen hom kan tel. Daar word dikwels uitstallings van bekende uitgewers gereël om vir die onderwyser 'n breër visie te gee oor resente materiaal in sy vakgebied. Die sentrumleier versamel dikwels relevante materiaal wat vir die groei van professionalisme by onderwysers bevorderlik is. Die onderwyser het dikwels advies nodig, en die sentrumleier tree dikwels hier na vore om aanbevelings te maak wat tot voordeel van die onderwyser strek. Die onderwysersentrumleier is in staat tot sinvolle advies omdat hy oor 'n lang tydperk die behoeftes van onderwysers geanaliseer het en in konteks geplaas het en weet wat werklik die behoeftes is.

Die onderwyser wat sy probleem vermeld, word simpatiek aangehoor en sy versoeke word nooit geïgnoreer nie, anders sal die onderwysersentrum nie in sy doel slaag nie. Baie swart onderwysers het gereelde ondersteuning nodig om hulle professionalisme te bevorder en daardeur die onderrig te verbeter. Die hoofdoel van die onderwysersentrum is die bevordering van effektiwiteit by onderwysers om opvoedende onderwys ten volle te ontwikkel (Jordaan, 1987).

Dean (1975:70-80) lê sterk klem op groepwerk by onderwysers en hoe om hulle geïnteresseerd te maak, sodat hulle op 'n permanente basis by die groepwerk kan inskakel waar elke lid 'n individuele bydrae kan maak en tot verdere navorsing geprikkel kan word. Op sekondêre onderwysvlak sal daar veral na gemeenskaplike vakgerigte probleme en na kurrikulumontwikkeling gekyk word. Die onderwysersentrumleier moet altyd as eerste prioriteit die behoeftes en krisisse van onderwysers stel wat aan sy deur om hulp kom aanklop. Die onderwyser wat om hulp vra

by die onderwysersentrum behoort nooit met leë hande terug te keer na sy skool toe nie, anders dien die sentrum geen doel nie. Die onderwyser moet altyd voel dat hy 'n vraag by die onderwysersentrum kan vra en dat hy altyd 'n antwoord sal kry, omdat daar kollegas is wat alreeds met dieselfde probleme as hyself geworstel het.

## 3.8 DIE ONDERWYSERSENTRUM BIED AGTERGRONDSKENNIS AAN DIE SWART ONDERWYSER IN VERBAND MET GEDEPRIVEERDE LEERLINGE

In die lig van die swart leerlinge se verwestering en gedepriveerdheid is dit nodig dat die onderwyser voldoende agtergrondskennis van sy tipe leerlinge opdoen, om doeltreffende onderwys en opvoeding te laat geskied. Dit is ook nodig dat die onderwyser oor behoorlike mensekennis beskik sodat hy sy leerlinge met takt en simpatie kan hanteer.

Gedepriveerd beteken om byvoorbeeld in gebiede wat neerdrukkend voorkom te bly. Verder is diesulkes van voorregte ontneem en vanuit 'n onderwysperspektief gesien, het hulle nie soos ander kinders in die RSA gelykwaardige onderwysgeleenthede om goed te presteer nie.

Die onderwysersentrum kan 'n rol speel om die onderwyser toe te rus met die regte gesindheid teenoor sy leerlinge, sodat die verhouding tussen die swart leerling en onderwyser van goeie gehalte kan wees. Bepaalde kursusse met as uitgangspunt die professionele groei en ontwikkeling van die onderwyser, kan by die sentrum aangebied word (Jordaan, 1987).

"In addition to knowledge, the teacher needs skills. Perhaps the most important of these is the ability to observe and interpret human behaviour and to respond to it." (Dean, 1975:64.) Die onderwyser moet kennis hê van hoe die kind ontwikkel, en veral hoe hulle in groepe optree, en dat gedepriveerde leerlinge dikwels weens hulle beperkte taalkode nie oor uitdrukkingsvermoë beskik nie.

Adams (1975:221) voel dat daar selfs onderwysers kan wees wat graag 'n kursus in Psigologie of Sosiologie sal wil volg om beter professionele agtergrondskennis op te doen om met hulle leerlinge te werk. Dit is heeltemal moontlik dat sulke kursusse deur die onderwysersentrumleier gereël kan word as die onderwysers 'n behoefte daaraan het.

Die onderwyser moet kompenseer vir gedepriveerdheid, omdat die ouers dikwels onbetrokke of selfs heeltemal afwesig is, en buitendien soms erger gedepriveerd as die kinders is. Die leerlinge se kultuur en wêreldbeskouing moet in ag geneem word en moet nie deur die onderwyser as minderwaardig bestempel word omdat die leerling se kultuur verskil van die ander volkere s'n nie (Marjoribanks, 1979:17).

"Students don't trust either teachers or peers. This trust must be developed. When teachers learn which situations are explosive, what to do to prevent them, they can cultivate in their students an interest in finding out more about themselves as human beings with feelings."
(Taba en Elkins, 1969:250.)

As gevolg van die veranderende wêreld waarin die onderwyser en leerling hul bevind het onderwys en opvoeding 'n veeleisende taak geword. Die swart onderwyser behoort nooit volkome toegerus te voel nie, want hy werk met 'n gekompliseerde moderne jeug wat verwesterd geraak het en 'n veeleisende poging van die onderwyser vra. Die kind twyfel oor die egtheid en sinvolheid van eie bestaan en openbaar 'n swak selfbeeld en waaghouding, en ondervind probleme om te kommunikeer en met mense 'n verhouding aan te knoop. Die onderwysersentrum kan leiding verskaf aan die swart onderwyser oor hoe hy die leerling se affiliasiebehoeftes kan bevredig. Die onderwyser kan ook indiensopleiding ondergaan oor prosedures om die leerling by massadeelname te betrek (TOD, 1987:1-2).

Van Wyk (1981:47) stel voor dat die onderwyser saam met sy kollegas by die onderwysersentrum leer hoe om normatief en effektief by veranderinge en vernuwings aan te pas, en dat die verhouding tussen leerling en onderwyser een van samewerking moet wees. Indiensopleiding gaan in die toekoms al hoe meer in aanvraag wees, en hierdie tipe van

kursus wat handel oor gedepriveerde leerlinge en hoe om hulle te hanteer, behoort nie net deur onderwysers bygewoon te word nie, maar ook deur onderwysbestuurslede en ouers. Kursusse by die onderwysersentrum behoort meer wysheid en effektiwiteit ten opsigte van die hantering van die swart leerling te bring (Adams, 1975:222).

"Teachers seem either incompetent or indifferent. Some people think these children are doomed, and as they pass from grade to grade their plight will most likely be intensified. Most teachers are unaware of their students' strategies or how they think or feel."
(Ornstein en Vairo, 1969:2).

Daar is die volgende ongewenste faktore in ons samelewing teenwoordig wat opvoedende onderwys strem en waarvan die swart onderwyser moet kennis neem byvoorbeeld:

- die ongebondenheid van die samelewing;

- die moderne verplaasbaarheid of beweeglikheid van die mens;

- die ondermyning van gesag en ontsag in die verhouding tussen mense, en

- die seksualisering van die lewe (TOD, 1987:1).

Melbo en Martin (1969:285) beskrywe 'n paar tipiese kenmerke van gedepriveerde leerlinge, naamlik dat hulle 'n akademiese agterstand het en meestal onder hul vermoë presteer, hulle het 'n beperkte taalkode, is dikwels rusteloos met 'n kort aandagspan. Hierdie leerlinge is emosioneel onstabiel en onvoorspelbaar, hulle is outisties georiënteerd, hulle toon konseptuele uitvalle en kry ook nie die regte dieët en genoeg slaap nie. Van hierdie verskynsels moet die onderwyser kennis neem en by die onderwysersentrum oplossings gaan soek om gedepriveerde leerlinge op te hef met simpatieke gesagsleiding en opbouende tug. Hierdeur kan hulle in hul uniekheid en hul beperkinge gelei word tot 'n gelukkige goedaangepaste gebalanseerde volwasse lewe.

Kursusse wat by swart onderwysersentrums aangebied word, kan die onderwysers leer hoe om gedragsprobleme van gedepriveerde leerlinge te hanteer, en om nie terug te sit en die politiek of die samelewing te blameer nie, maar om hand uit die mou te steek en daadwerklik iets self te probeer doen (Kovin et al., 1981:10).

De Wet (1986:35) vra hoekom die leerlinge meer van een vak as van 'n ander hou, en kom tot die gevolgtrekking dat die voorkeurvak se onderwyser die kuns bemeester het om interpersoonlike kommunikasie met sy leerlinge te handhaaf, en 'n baie goeie verstandhouding met hulle het. Die onpopulêre vak se onderwyser daarenteen, is onbetrokke by sy leerlinge en hulle probleme, en is gedistansieerd van leerlinge se geestelike en liggaamlike welstand.

Die meeste swart onderwysers ervaar probleme met effektiewe onderrig en so 'n groot opvoedingsbehoefte is aanwesig by meeste swart leerlinge dat 'n mens net kan hoop dat die onderwysersentrum betyds hierdie twee ongebalanseerde pole kan sinkroniseer.

## 3.9 SPESIFIEKE LEIDING BY DIE ONDERWYSERSENTRUM KAN DIE ONDERWYSER HELP OM DISSIPLINE OP DIE REGTE WYSE TE HANDHAAF

Gedepriveerde leerlinge daag baiekeer op verskeie woordelose maniere die onderwyser uit en beproef sy geduld tot die uiterste, en dan is dit noodsaaklik dat die onderwyser presies moet weet hoe om sulke situasies te hanteer. 'n Kursus in die handhawing van dissipline sal sommige antwoorde verskaf waarna die onderwyser soek, as hy bereid is om van sy vrye tyd op te offer en die kursus by die onderwysersentrum by te woon. Opvoedende en opbouende gesagsleiding is nie aangebore by onderwysers nie, en hierdie bevoegdheid sal net deur indiensopleiding verkry kan word.

Volgens Ornstein en Vairo (1969:168) kan aggressie by swart leerlinge dieperliggende oorsake hê. Die rede hiervoor kan wees omdat leerlinge dalk nie leerinhoude verstaan nie en opstandig is om die skool by te woon. Die leerling kan ook voel dat die standaard van werkopdragte buite sy vermoë is; daar kan ook 'n persoonlikheidskonflik tussen onderwyser en leerling ontstaan. Verder het die leerling dalk alreeds gedruip en vrees nog 'n terugslag en besit 'n swak selfbeeld en ondervind probleme by die ouerhuis.

Die swart kind het 'n behoefte om iemand te wees,erkenning te ontvang of sukses te ervaar. Binne groepsverband word kinders die geleentheid gebied om hulle selfbeeld te ontwikkel. Dit is belangrik vir die onderwyser om hierdie leerlinge wat dissiplinêre probleme lewer by groepsaktiwiteite te betrek wat hulle dan die geleentheid tot sukseservaring en erkenning sal bied. Dit is belangrik dat die onderwyser geleenthede skep waar die kind belangrik en aanvaarbaar voel. Groepsbesprekings by die onderwysersentrum kan heelwat oorspronklike idees na vore bring wat van groot waarde kan wees van hoe om goeie dissipline te bevorder deur die leerlinge se affiliasiebehoeftes te bevredig(TOD, 1987:2).

Massadeelname beteken dat die onderwyser probeer om soveel as moontlik bevoegde leerlinge in die skool by 'n sport- of kultuuraktiwiteit te betrek. Massadeelname in sport- of kultuuraktiwiteite bring gevolglik mee dat leerlinge hul talente ontdek waarvan hulle nie voorheen bewus was nie, 'n gesonde kompetisiegees word bevorder, leerlinge leer om hul vrye tyd sinvol te bestee en boonop verskaf dit plesier.

De Wet (1986:35) praat van die onderwyser wat opsetlik gewild by sy leerlinge wil wees deur met hulle maats te wil wees. Sodoende verloor hierdie onderwyser sy dissiplinêre houvas op die klas. Geen effektiewe leer kan plaasvind as die onderwyser nie in beheer van sy klas is nie. Die leerlinge sal ook al hoe meer ongedissiplineerd word, want hulle sal in 'n toenemende mate die onderwyser toets om sy reaksie te peil. Só 'n onderwyser sou nie in hierdie strik getrap het, as hy 'n kursus by

die onderwysersentrum in die handhawing van dissipline bygewoon het nie.

"Discipline doesn't have to be a bitter thing. On the contrary, it can be a fruitful learning experience."
(Chernow en Chernow, 1973:37.)

Die swart onderwyser het 'n verdere probleem wat sy dissipline benadeel, en dit is oorvol klasse. Dit is baie ontmoedigend en 'n besoek aan die onderwysersentrum waar met kollegas oor die probleem beraadslaag kan word, werp soms baie vrugte af. Dikwels vind sulke gesprekke informeel oor 'n koppie tee plaas, wanneer daar 'n ontspanne atmosfeer heers en die onderwyser nie aan 'n onderwyshiërargie onderworpe is nie.

## 3.10 ONDERWYSERS BEHOORT KENNIS TE BEKOM BY DIE ONDERWYSERSENTRUM OM SINVOLLE LEIDING, OPVOEDING EN ONDERWYS AAN GEDEPRIVEERDE BEGAAFDE KINDERS TE KAN GEE

Die potensiaal van gedepriveerde begaafde leerlinge in swart skole gaan onstellend baie verlore omdat hulle nooit geïdentifiseer word nie en deurdat ondergekwalifiseerde onderwysers 'n minderwaardige vakonderrig aanbied en dikwels onvoorbereid klasgee. Die twee woorde "gedepriveerd" en "begaafd" is so teenstrydig met mekaar, want die konnotasie wat aan gedepriveerdheid geheg word is gefrustreerdheid, negatiewe selfbeeld, ontneem van voorregte, ongemotiveerdheid en outisties, terwyl begaafd weer laat dink aan hoë prestasie, kreatiwiteit, talentvolheid en gemotiveerdheid (Thomas, 1973:193). Die onderwysersentrumpersoneel het 'n baie verantwoordelike taak, eerstens om ondergekwalifiseerde onderwysers in die opvanggebied te identifiseer. Tweedens, om onderwysers te motiveer om na die sentrum toe op 'n vrywillige basis te kom. Derdens, om 'n program saam te stel hoe om sinvolle leiding, opvoedende onderwys aan gedepriveerde, begaafde,

swart leerlinge te gee en vierdens om behoorlike opvolgwerk na die kursus te doen.

'n Kenmerk van gedepriveerde begaafde kinders is hul multi-potensialiteit wat meebring dat hulle begaafd in verskeie rigtings is en dat hulle aanleg veelfasettig is, wat 'n beroepskeuse baie moeilik maak veral as die ouers se ondersteuning ontbreek en intellektuele beroepsvoorligting deur 'n bevoegde onderwyser ook ontbreek (Moore, 1978:332-333). Beroepsvoorligting aan begaafde leerlinge verskil aansienlik van dié van ander leerlinge, aangesien die meer uitdagende en onafhanklike beroepe aan die begaafde leerlinge voorgehou sal word.

Die onderwysersentrum sal ook voorsiening moet maak vir die voedingsarea se departementshoofde van Opvoedkundige Leiding om indiensopleiding te voorsien, sodat behoorlike beroepsvoorligting by swart skole sal geskied veral aan begaafde gedepriveerde leerlinge. Daar kan ook deur hierdie departementshoofde op primêre en sekondêre skole geleenthede geskep word vir die begaafde leerlinge wat 'n intellektuele uitdaging bied, soos byvoorbeeld interskoolvasvrawedstryde, kreatiewe probleemoploskompetisies en wetenskapsdebatte (Torrance, 1974:4). Tot onlangs het baie min onderwyskundiges besef dat die intellektueel begaafde leerlinge eiesoortige probleme ervaar, en dat voorsiening deur die klasonderwyser in hierdie begaafde leerlinge se behoeftes 'n definitiewe uitdaging aan die skoolhoof en die vakonderwyser rig (Pinellie, 1973:199). Die RSA het al die beskikbare begaafde talent in tegnologie en industrie nodig om die land se potensiaal uit te bou. Elke gedepriveerde leerling se bydrae wat in hierdie verband verlore raak, beteken ook 'n wesenlike verlies vir die RSA.

Daar bestaan tot op datum nog net drie swart onderwysersentrums in die RSA waarvan een nog in die beginstadium is. As daar na die geweldige nood in swart onderwys gekyk word, en as in aanmerking geneem word hoe baie swart onderwysers ondergekwalifiseerd en selfs ongekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee, dan is die behoefte aan baie meer swart onderwysersentrums duidelik. Moore (1978:335) is baie positief en entoesiasties oor die gedepriveerde, begaafde,swart leerling en het

betrokke geraak by spesiale programme en seminare wat vir hierdie leerlinge met verreikende resultate aangebied was. By die identifisering van begaafde leerlinge is die leerlinge in drie kategorieë ingedeel, naamlik begaafde intellek, begaafde leiers en begaafde kunstenaars. Vanaf hierdie vertrekpunt is aangepaste programme verder aangebied. Die onderwysersentrum kan met belangstellende onderwysers, departementshoofde en skoolhoofde 'n interessante navorsingsprogram aanpak wat die begaafde, gedepriveerde, swart leerling kan stimuleer en aanspoor.

'n Algemene fout wat onderwysers begaan, is om die begaafde leerling te gebruik om rond te stuur,net nog twintig somme van dieselfde soort te doen, selfstandige leeswerk te doen en dan verbaas te wees as hierdie leerling ontaard in 'n gedragsprobleemgeval. Dit gebeur ook dat die begaafde leerling ongemaklike vrae aan die onderwyser stel, wat hy nie bevoeg is om te beantwoord nie, en dan is 'n afjak die beste uitweg. Dit is ook geen wonder dat baie begaafde leerlinge verveeld, gefrustreerd, vermoeid, misplaas en ongewild voel en boonop dagdroom en soms van die skool af wegbly nie (Thomas, 1973:194). Hierdie leerlinge het bepaald 'n dringende behoefte aan hulp vir die daarstelling van gevorderde doelwitte, die deurloping van stimulerende onderwysaanbiedinge, prikkelende sosiale interaksie, kognitiewe transaksies, beter beroepsvoorligtingstegnieke en hoë vlak taalontwikkeling. Pinellie (1973:199) beveel aan dat naslaanwerke en gevorderde tegnologiese apparaat aan begaafde, gedepriveerde leerlinge beskikbaar gestel word sodat hulle hul uitsonderlike talente kan ontwikkel.

Die onderwysersentrum kan help beplan aan aktiwiteite waarby begaafde, gedepriveerde, swart leerlinge kan baat. Dit kan so gereël word dat 'n groep saam met 'n prokureur die hof besoek en dan hul vrae aan hom stel. 'n Ander groep kan die noodgevalleafdeling by 'n hospitaal besoek, ander kan die maatskaplike werkster vergesel na besoekpunte. 'n Volgende groep begaafdes kan die lughawe besoek en met die lughaweargitek 'n onderhoud voer en selfs ook die vliegtuigwerktuigkundiges ondervra as so 'n besoek vooraf gereël kan

word. Die begaafde leerlinge kan selfs individuele opdragte ontvang om in 'n bepaalde tyd sekere beroepe te verken en dan terug te rapporteer aan 'n gesamentlike vergadering, sodat ander leerlinge ook in die verband inligting kan bekom. Interessante data en evalueringsmetodes kan saam met sulke sessies geïntegreer word om die hele aktiwiteit meer sinvol en afgerond te maak (Moore, 1978:336).

## 3.11 DIE ONDERWYSERSENTRUM KAN IN DIE SWART WOONBUURTES 'N BYDRAE LEWER TOT GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Pelser (1987a) rapporteer hoe die Kollege vir Voortgesette Opleiding Soshanguve na die gemeenskap toe uitbeweeg het en dat 'n geweldige spontane reaksie verkry is. Die gemeenskap kan naderhand ook die onderwysersentrum benut en as 'n deel van hul eie beskou, as die sentrumpersoneel bereid is om hierdie ekstra moeite te doen. Saterdae kom daar vanuit Soshanguve byvoorbeeld ongeveer driehonderd vrouens na die kollege om die een of ander kursus of opleiding of samespreking by te woon. Die gemeenskap kan self by sulke geleenthede bepaal wat hulle behoeftes is en dan kan die onderwysersentrumleier bepaal wie hy/sy in hierdie program gaan betrek en hoe die aanbieding gaan verloop. Hierdie diens wat die onderwysersentrum lewer, kan geweldig bevredigend wees vir almal wat daarby betrokke wil raak, en dit het die potensiaal vir baie moontlikhede.

"There were many people who were hungry for education, people who could not read or write but eager to learn. The domestic workers were desperate for education."
(Ngcobo, 1987:9).

Die moontlikheid bestaan dat ouers wat geletterdheid verwerf het, ook meer geïnteresseerd in hulle kinders se akademiese vordering en meer betrokke by skoolaktiwiteite sal raak. Die onderwysersentra kan as koppelpunte tussen skool en gemeenskap dien en kan die gemeenskap ook

meer onder die besef van die belangrike funksie van die skool en onderwysersentrum bring (Van Wyk, 1981:40). 'n Goed toegeruste biblioteek kan tot die gemeenskap se beskikking gestel word by die onderwysersentrum en opvoedkundige films kan by die sentrum op 'n gereelde basis vertoon word en sodoende bydra tot gemeenskapsontwikkeling. Die onderwysersentrum kan die misverstand wat tussen die swart ouer en skoolowerheid bestaan uit die weg ruim (Jordaan, 1987).

Daar is legio moontlikhede van die wyses waarop gemeenskapsontwikkeling by die sentrum kan plaasvind. Dit sal hoofsaaklik van die vindingrykheid van die sentrumhoof en die onderwyserkorps wat die sentrum besoek afhang. Die feit dat daar dan op ongewone ure nog aktiwiteite by die onderwysersentrum plaasvind, versterk ook die sentrum se sekuriteit en bring 'n bewustheid van die waardevolle werk wat by die sentrum gedoen word (Howe, 1983:58). Sodoende word dan deurlopende onderwys aan die hele gemeenskap verskaf (Van Wyk, 1981:32).

Ons het ongelukkig in die RSA die situasie van 'n paternalistiese verhouding tussen wit en swart geskep. Die grootste persentasie kommunikasie wat ons met mekaar het, is dié van huishulp of tuinjong. Die oomblik wat 'n blanke 'n swart kollega ontmoet, sien hulle mekaar in 'n totaal ander lig. Dit het hoog tyd geword dat onderwysersentrums hierdie wedersydse kennismaking en kommunikasie uitbrei en ontwikkel, en dit sal goed korreleer met gemeenskapsontwikkeling (Gouws, 1987).

## 3.12 DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR SWART ONDERWYSERS KAN BAIE BYDRA OM OUERBETROKKENHEID TE BEWERKSTELLIG

"Georganiseerde betrokkenheid by skoolsake gee die ouer die kans om meer oor sy kind te leer en om sy eie stempel op die onderwys af te druk."
(Heyns, 1986:15.)

Dinkskrums by die onderwysersentrum kan die swart onderwysers geweldig baie help hoe om ouers meer betrokke by skoolaktiwiteite te kry. Die sentrumleier kan self hierdie ideewisselings inisieer, en onderwyssentrumleiers kan bymekaar kom om hierdie aktuele probleem in swart skole te help oplos.

Dit is baie belangrik dat daar 'n vennootskap tussen die ouer en onderwyser sal bestaan, want dit kan net tot voordeel strek van die toekoms van die leerling en sy suksesvolle deurloping van sy onderwysloopbaan. Die onderwysersentrum kan hierdie vennootskap aanwakker en bevorder. Onderwysers kan met indiensopleiding by die sentrum leer om ouers ook meer na die skool uit te nooi en om die ouers te besoek om hul kind se vordering te bespreek, en hoe om meer agtergrondskennis van die leerlinge op te doen. Onderwysers kan by die onderwysersentrum van die leerlinge se werk uitstal en die ouers nooi om daarna te kom kyk, of hulle kan massa-uitvoerings in die gemeenskap gee of by die onderwysersentrumperseel vertonings hou, om die ouers se belangstelling gaande te maak. Onderwysers en onderwysbestuurslede kan leer tydens indiensopleidingskursusse by die onderwysersentrum hoe om skool-, gemeenskap- en omgewingsprojekte aan te pak en hoe om verbeterings aan te bring en die ouers so betrokke te kry. Die belangrikste is dat daar dialoog tussen die onderwyser en die swart ouer moet bestaan (Majoribanks, 1979:131-132).

## 3.13 SAMEVATTING

Die onderwysersentrum vir swart onderwysers sal dinamies funksioneer as die voedingsarea se onderwysers die sentrumbedrywighede steun en toegewyd betrokke bly, om hulle eie effektiwiteit te verbeter en hul vakkennis op standaard te hou. Die sentrum benodig egter ook 'n breër verwysingsraamwerk as net onderwysers. Die onderwysbestuurslede moet ook die onderwysersentrum steun en verkoop. Tersiêre inrigtings se kundiges moet ook met hulle navorsingskennis die sentrumaanbiedinge

verryk, en die ouers en ander lede van die gemeenskap kan baie groot voordeel trek uit die onderwysersentrum se gemeenskapsdienste (Brügelmann, 1978:50).

Die meeste probleme van swart onderwysers kan by die onderwysersentrum opgelos word as die onderwysers gewillig is om hulle vrye tyd af te staan, en die relevante aanbiedinge by die sentrum by te woon. Onderwysers kan hulle eie kennis met ander kollegas deel, sodat kruisbestuiwing op effektiewe wyse kan plaasvind. Die onderwyser sal 'n beter begrip hê van gedepriveerde leerlinge se probleme en hoe opvoedende onderwys tot volle ontplooiing kan kom. Die onderwysersentrum sal ook toerusting verleen aan onderwysers om gedepriveerde leerlinge wat begaafd is na behore te lei, op te voed en sinvolle onderwys te gee. Ouerbetrokkenheid sal bevorder word, en die selfbeeld van leerlinge en onderwysers sal versterk word en sodoende sal akademiese prestasie verhoog word. Leerlinge sal 'n meer uitgebreide taalkode bekom en onderwysers sal toegerus wees met effektiewer metodologie en sal meer professioneel skoolhou. Die onderwyser sal besef dat die onderwysersentrum daar is vir die onderwyser, tot die onderwyser en deur die onderwyser om sy totaliteit as professionele onderwyser op te hef en uit te bou.

# HOOFSTUK 4

## DIE FUNKSIONERING VAN 'N ONDERWYSERSENTRUM VIR ONDERWYSERS VAN SWART LEERLINGE IN DIE VAALDRIEHOEK

### 4.1 INLEIDING

Die onderwysersentrum in swart onderwys se funksie is hoofsaaklik om die onderwyser met nuwe kundighede toe te rus. Dusdoende kan meer effektiwiteit in die klaskamer ingevoer word, en die onder- of ongekwalifiseerde swart onderwyser kan opvoedende onderwys aan die leerlinge tot sy volle potensiaal laat ontwikkel. Die onderwysersentrum speel dus geen rol in die verkryging van kwalifikasies nie. Dit plaas dus die onderwysersentrum in die regte verhouding tot ander onderwyseropleidingsinstellings. Bogenoemde indiensopleidingsinstansies hanteer onderwyseropleiding in die normale konteks van kwalifikasieverwerwing. Daar vind geen duplisering by die onderwysersentrum plaas nie, aangesien die indiensopleiding by die onderwysersentrum op 'n vrywillige basis geskied en kursusse fluktueer na gelang die onderwysers hulle eie professionele behoeftes identifiseer. Die feit dat onderwysersentrums in blanke onderwys onafhanklik funksioneer, maar ook tog gekoppel is aan onderwyskolleges, is 'n duidelike bewys dat onderwyskolleges en onderwysersentrums nie dieselfde rol vertolk nie. Aangesien die onderwysersopleiding by die Onderwyskollege Sebokeng net drie jaar duur, sal indiensopleiding by onderwysersentra in die Vaaldriehoek 'n belangrike bydrae kan lewer om onderwyseffektiwiteit by swart primêre en sekondêre skole te verhoog.

Die onderwysersentrumontwerp vir die onderwyser van swart leerlinge in die Vaaldriehoek sal nie noodwendig in die Noord-Kaap suksesvol

funksioneer nie. Aanpassings sal gemaak moet word om by die behoeftes van elke streek aan te pas wanneer onderwysersentra gestig word.

Die stigting van onderwysersentra in die RSA berus nie by die onderwyserskorps nie, maar by die verskillende onderwysdepartemente (Van Wyk, 1981:88). As in aanmerking geneem word dat daar in die Vaaldriehoek ongeveer 'n honderd skole vir swartes is wat ongeveer 3 500 onderwysers insluit, en dat meer as driekwart ondergekwalifiseerde onderwysers in swart onderwys werksaam is, is dit dringend noodsaaklik dat die Departement van Onderwys en Opleiding dit onder die regering se aandag bring dat indiensopleiding in bogenoemde gebied, by 'n goed toegeruste en goed georganiseerde onderwysersentrum behoort plaas te vind (Gouws, 1987).

Daar bestaan nie die minste twyfel dat elke swart skool se personeel, ook in die Vaaldriehoek, wil saamwerk by 'n onderwysersentrum van hulle eie nie (Jordaan, 1987). Deur voorsiening vir personeel van beide sekondêre en primêre skole by dieselfde sentrum te maak, kan baie probleme uitgestryk word wat dikwels ontstaan met leerlinge se oorskakeling van laer- na hoërskool, asook ander sillabusprobleme en gemeenskaplike besinning oor leerlinge se skolastiese vordering.

Baie jong onderwysers beskik nie oor die nodige fasiliteite tuis nie, omdat daar baie inwoners in een huis woon en die huisies maar baie klein is. Daar is dus nie privaatheid nie, en dikwels ontbreek 'n gerieflike tafel of lessenaar om by te werk, sodat dit nie moontlik vir die onderwyser is om sy werk behoorlik vir die volgende dag voor te berei nie. Die meeste swart skole beskik ook nie oor die noodsaaklikste onderwysmedia nie en dikwels ontbreek selfs standaardtoerusting. Baie swart onderwysers besit nie 'n uitgebreide boekery nie. Hierdie bogenoemde tekortkominge in die professionele lewe van die onderwyser van gedepriveerde leerlinge kan deur die onderwysersentrum in 'n groot mate aangevul word. Die heel belangrikste funksie wat die sentrum vervul, is naamlik indiensopleiding aan 'n onderwyserskorps wat grotendeels ondergekwalifiseerd is (Motlhasedi, 1987).

Die onderwysers kry die geleentheid in die onderwysersentrum om hul eie behoeftes te bepaal, hulp van kollegas te ontvang, vir die volgende dag voor te berei, onderwysmedia te vervaardig, indiensopleiding te ondergaan en ook sosiaal met ander onderwysers oor dieselfde probleme te verkeer. Al hierdie onderwyskundige gebeurlikhede geskied met die oog op die verbetering van die swart onderwyser se onderrigfunksie en effektiwiteit en die vertroudmaking met verskillende tegnologiese onderwysmedia. Die onderwysersentrum help met die deurgee van algemene inligting en wenke om opvoedende onderwys ten volle te operasionaliseer.

Indien daar goed toegeruste onderwysersentra in elke kring in die RSA gevestig kan word, kan onderwysdoeltreffendheid aan gedepriveerde leerlinge bevorder word, en kan 'n infrastruktuur beskikbaar gestel word om ook in die onderwysers se behoefte aan sosialisering te voorsien. Hierdeur kan onderwysers van verskillende skole bymekaar leer en informele indiensopleiding kan die probleem van ondergekwalifiseerdheid uitskakel (Meintjes, 1984:267).

"In a world of startingly rapid change, educationalists often have to decide between traditional beliefs and methods and new ideas and technology. Teachers are invariably caught in this conflict of ideas, and it is surely no coincidence that the sudden popularity of the teachers' centre concept should have arisen in such a time of indecision and crisis." (Williams, 1981:131.)

Morant (1978:202) beskryf die winste wat die opleiding en die teenwoordigheid van 'n onderwysersentrum vir onderwysers inhou in die voedingsarea van so 'n sentrum wat ook op die Vaaldriehoek betrekking het:

- die geografiese ligging van sentrums maak hulle bereikbaar vir baie onderwysers in die gebied;

- die kontrole en beplanning word deur onderwysers self, of deur komitees uitgevoer wat grotendeels verteenwoordiging uit die onderwysergeledere het;

- korttermynbehoeftes van onderwysers kan onmiddellike aandag by die onderwysersentrum kry;

- die terrein van die sentrum dien as neutrale gebied vir alle onderwysers, inspekteurs, dosente en ander lede uit die onderwyskringe waar hiërargie geen rol speel nie, en

- onderwysersentrumleiers kan deskundiges kies om luister te verleen aan vakgebiede of belangstellingsrigtings van onderwysers om kennis mee te deel en kundigheid oor te dra.

Aangesien die Vaaldriehoek se hoofkaraktertrek dié van industrialisasie is, sal die onderwysersentrum van swart onderwysers ook by hierdie veeleisende werkgewer aaneenskakeling moet vind en aanpassings in hul eie onderwysstyl maak om aan die samelewing se behoeftes te voldoen (Kahn, 1976:100). 'n Herwaardering van huidige onderwysstandaarde en kurrikula is nodig, in verband met toekomstige behoeftebepalings in die Vaaldriehoek. Skoolverlaters is byvoorbeeld té jonk om goeie diens in die industrie of privaatsektor in die Vaaldriehoek te lewer. Onderwysers sal ook indiensopleiding moet ontvang, sodat nuwe hoërskoolsillabusse reg geïnterpreteer kan word.

## 4.2 DIE FILOSOFIE VAN ONDERWYSERSENTRUMS VIR ONDERWYSERS VAN GEDEPRIVEERDE LEERLINGE

Die onderwyser van gedepriveerde leerlinge behoort, as hy die onderwysersentrum besoek, 'n selfontleding te doen van sy eie tekortkominge, talente en sy eie onderwysstyl. Die onderwyser behoort op die hoogte te kom van sy eie modus operandi. Hy moet weet waarheen

hy met sy leerlinge op pad is. Sy onderwysdoelstellinge moet duidelik omlyn word en hy moet gevoelig wees vir verandering. Wat baie belangrik is, is die insig wat die onderwyser by die sentrum verkry. Die hele effektiwiteitsopset in die mondering van die onderwyser moet alles deel vorm van die belangrike taak om die swart jeug vir volwassenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing voor te berei (Dean, 1975:64).

Om gestalte aan bogenoemde bewuswording by die onderwyser van gedepriveerde leerlinge te gee, is dit nodig dat die onderwyser wat die onderwysersentrum besoek ook deeglik kennis sal neem en deel sal word van die filosofie van die onderwysersentrum. Volgens Jordaan (1987) se filosofie van die swart onderwysersentrum is dit duidelik dat die idee seëvier dat die onderwyser onderwysbehoeftes het. Die onderwyser het 'n behoefte om sy kennis uit te ruil, sy probleme met kollegas op professionele vlak te bespreek, en kundighede op 'n nie-formele wyse oor 'n koppie tee onder mekaar uit te ruil. Die filosofie van die onderwysersentrum lê in die feit dat die sentrum daar is om opleiding vir die onderwyer, deur die onderwyser en tot die onderwyser te verstrek. Die onderwyser is dus sy eie opleier en die departementele instansie neem heeltemal 'n agtergrondsposisie in. Daar is dus by die onderwysersentrum geen sprake van 'n eenrigtingopleiding nie, dit wil sê, vanaf departementele kant na die vlak van die onderwyser toe nie (Jordaan, 1987).

Die hele gedagte agter die filosofie van die onderwysersentrum vir onderwysers van gedepriveerde leerlinge is gegrond op 'n motiveringsbasis om uit te lewe dit waaraan elke onderwyser behoort te glo. Elke onderwyser glo daaraan om deur middel van effektiewe, opvoedende, rigtinggewende, verantwoordelike onderwys, die swart leerling voor te berei om sy plek as volwasse burger van die RSA in te neem en aan 'n gemeenskaplike vaderland te help bou. Hierdie swart leerlinge moet 'n sterk selfbeeld ontwikkel, 'n doelgerigte toekomsperspektief vorm en respek verkry vir die eie kultuur. Die swart leerlinge moet ook vir die kulture van ander volke in die land respek hê, byvoorbeeld hulle musiek, kuns, literatuur, godsdiens en

geskiedenis. Die swart leerlinge moet verantwoordelikheid help dra en hulle moet ook 'n ewigheidsvisie bekom om sin te gee aan alles wat hier op aarde plaasvind. Dit is dus nodig dat die swart onderwyser definitiewe begrippe vorm van dit wat noodsaaklik is vir die persoonlikheidsontwikkeling van sy leerlinge. Dit is ook belangrik dat hyself 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing sal handhaaf in sy werk, en dat hy vaste norme en waardes sal besit wat sy leerlinge se respek sal afdwing. Die doelstelling van die onderwysersentrum sluit ook in 'n begrip vir die gedepriveerdheid van die leerlinge en om die onderwyser voor te berei om dit te verstaan en sodoende gestalte aan opvoedende onderwys te gee (Jordaan, 1987).

Die formulering van 'n filosofie vra dinkwerk, besinning, praatwerk, beplanning en evaluering. Dan moet hierdie filosofie van die onderwysersentrum in die Vaaldriehoek ook in visuele vorm gestalte vind en moet dit uitgedra word deur middel van die aktiwiteite wat by die sentrum plaasvind (Buxton, 1979:31).

'n Belangrike deel van die filosofie van die sentrum is dat die onderwyser daar ontspanne moet voel, en dat kompeterende of spanningsvolle situasies geweer moet word, sodat selfontwikkeling en professionele groei in 'n ontspanne atmosfeer verwerklik kan word (Devaney, 1976:413).

'n Ander belangrike faset van die onderwysersentrum se filosofie veral in 'n industriële gebied, is dat die onderwyser die geleentheid moet kry om navorsing by die sentrum te doen. Dit sal altyd nodig bly omdat die onderwyser van veral die swart leerlinge moet konsentreer daarop om hul leerlinge in totaliteit op te voed. Beroepsbeoefening behels tog altyd die opdoen van nuwe kennis, die toepassing van nuwe onderwystegnieke en om die kind vir 'n toekoms waar omstandighede snel verander voor te berei. Geweldige hoë eise word dus aan die onderwyser gestel; gevolglik moet die onderwysersentrum 'n ingeboude meganisme hê wat die onderwyser in sy beroepsbeoefening kan steun. Die indiensopleiding by die sentrum sal ook die professionalisering van die onderwysberoep beklemtoon en die onderwyser van deurlopende onderwys as lewensstyl bewus maak (Van Wyk, 1981:1-2).

San Jose (1979:45) voeg die volgende by die filosofie van 'n onderwysersentrum, naamlik dat die onderwysersentrumpersoneel daarna moet streef om die beste gekwalifiseerde onderwyskundiges na die sentrum toe te lok. Die sentrum sal energieke, selfstandige, kollegiale, onselfsugtige onderwysers wat almal 'n betere toekoms vir swart onderwys in die Vaaldriehoek as doelstelling het verwelkom.

Om te filosofeer beteken ook om te droom, maar die realisme moet nooit uit die oog verloor word nie. Aangesien daar so 'n groot persentasie van swart onderwysers is wat ondergekwalifiseerd is in Vanderbijlpark, Sasolburg, Vereeniging en Meyerton, sal die sentrumaanbiedinge aanvanklik wentel om vakinhoudelike en metodologiese vaardighede. Daar moet ook altyd in gedagte gehou word dat dit tyd neem vir persone om te verander en te ontwikkel. Die beste indiensopleidingsmetode sal heel waarskynlik die konkreet operasionele manier van aanbieding wees, wat gepaard gaan met heelwat interaksie en stimulering en motivering (Buxton, 1979:30). Die verbetering van algemene toestande in swart onderwys kan alleenlik plaasvind as die onderwyser bereid is om saam te werk en vrywilliglik van sy tyd op te offer om indiensopleiding by die sentrum te inisieer en te ondergaan en deel van die filosofie van sy betrokke sentrum te word.

"A philosophical basis serves to evaluate the quality of the program. The philosophic view thereby helps the staff and in turn the participants to develop a detachment by which to make program decisions."
(Buxton, 1979:42.)

## 4.3 DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR SWART ONDERWYSERS IN DIE VAALDRIEHOEK

### 4.3.1 Algemeen

Duidelik omlynde doelstellings vorm die fundamentele uitgangspunt vir die effektiewe organisering en bestuur van elke onderwysersentrum en hierdie doelstellings gee ook rigting aan sinvolle evaluering van sentrumaktiwiteite. Die formulering van doelstellings gee 'n beter insig in die lang- en korttermyndoelstellings van die sentrum. Doelstellings bevorder kontinuïteit en gee geleentheid om prioriteite te stel, nadat die veelvuldige programversoeke van die onderwysers ontvang is. Doelstellings help die sentrumhoof om perspektief te behou (Carpenter, 1979:172).

Die onderwysersentrum vir die onderwysers van gedepriveerde leerlinge se hoofdoelstelling is om die krisis in swart onderwys te help oplos. Dit behels die indiensopleiding van ongeveer tagtig persent ondergekwalifiseerde swart onderwysers in Vanderbijlpark, Vereeniging, Sasolburg, Parys en Meyerton, sodat die swart leerling die beste kan ontvang wat die onderwysstelsel kan bied. Gereelde en geordende studiegroepvergaderings is noodsaaklik en die sinvolle aanbieding van 'n onderwysersentrumprogram wat die onderwysstandaard in die Vaaldriehoek sal verhoog (Jordaan, 1987).

Die onderwysersentrum is gerig op indiensopleiding vir die praktiserende onderwysers waarheen hulle vrywilliglik kan kom. Belangstelling en gewilligheid aan die onderwyser se kant is nodig, om dit wat die sentrum bied, tot die verhoging van onderwysdoeltreffendheid te gebruik. Die doel is dus om die onderwyser in swart onderwys beter vir sy taak in die onderwys toe te rus, deurdat hulle hulp by die sentrum ontvang om hul vakkennis te verbeter, oplossings vir probleme te vind wat hulle in die praktyk ervaar, behoeftes en leemtes te identifiseer asook om

kundigheid met ander te deel. Die doel van die byeenkomste by die onderwysersentrum is een van gee en neem waar apparatuur en programmatuur beskikbaar gestel word en waar programme ook regstreeks op die onderwyspraktyk gerig is (Howe, 1983:48).

Die werk by die onderwysersentrum in die Vaaldriehoek sal nie regstreeks lei tot enige voorskriftelikheid nie; daarom vervang dié indiensopleiding nie oriënterings-, streek- en gedesentraliseerde kursusse van die betrokke onderwysdepartement nie. Elke onderwysersentrum se doelstelling behoort te wees om 'n beeld van kwaliteit uit te straal wat die tydsbesteding van onderwysers die moeite werd sal maak, sodat hulle die onderwysersentrum sal adverteer by kollegas wat nog nie die sentrum besoek het nie. Die vertroue wat die onderwysers in die onderwysersentrum in hulle voedingsarea het, waarborg die sukses van die sentrum (Howe, 1983:54).

Die onderwysersentrum se sukses sal grotendeels deur duidelik omlynde doelstellings bepaal word. Die swart onderwysersentrum se doelstellings kan in 'n mindere of meerdere mate soos volg gekategoriseer word: koördinering, sosialisering, onderhoudvoering en om vernuwende oogmerke beter toe te lig.

#### 4.3.2 Koördinerende doelstellings

Die koördinerende doelstellings(Meintjes, 1984:268; Priselac en Priselac, 1975:90) behels min of meer die volgende sake:

- Die verbetering van kommunikasie tussen die verskillende onderwysinstansies;

- weldeurdagte behoeftebepaling en sinvolle programbeplanning ten opsigte van indiensopleidingskursusse;

- uitbreiding van besluitnemingskanale en verantwoordelikheid;

- die ontwikkeling van 'n professionele span wat behulpsaam kan wees met indiensopleiding en ander reëlings by die sentrum;

- die verhoging van die onderwysdoeltreffendheid van onderwysbestuurslede deur middel van die onderwysersentrumaanbiedinge;

- aantreklike uitnodigings tot vergaderings en funksies en die gereedmaking van lokale om funksies behoorlik te akkommodeer;

- kontrolering van bywoning, verkryging van terugvoering en die akkurate evaluering van aktiwiteite;

- die voorsiening van 'n raamwerk waarbinne eksperimentering en analise van onderwysmoontlikhede kan plaasvind, en

- die daarstelling van 'n atmosfeer van samewerking en belangstelling.

### 4.3.3 Sosialiserende doelstellings

Die sosialiserende doelstellings behels die volgende aspekte:

- Die voorsiening van aantreklike vergaderlokale;

- verskaffing indien moontlik van tee, koffie en verversings;

- onderwysers moet altyd vriendelik behandel word en ontspanne voel by die sentrum;

- om velerlei dienste te lewer soos wat die behoefte hom voordoen: kultuur- en sportbedrywighede, reël van toere en/of uitstappies;

- die skepping van 'n positiewe gesindheid teenoor die sentrum sodat onderwysers die sentrum sal adverteer by skole, en

- die aanbieding van sosiale funksies.

### 4.3.4 Konsulterende doelstellings

Die Konsulterende doelstellings kom op die volgende neer:

- Om 'n vakkundige adviespaneel in die lewe te roep wat bereid sal wees om onderwysers van raad te bedien en bystand te verleen;

- as konsultant op te tree waar onderwysers raad benodig in verband met studie en navorsing;

- professionele hulp aan hoofde te verleen, en

- as sentrumpersoneel altyd bereid te wees om na onderwysers se probleme te luister en raad te gee.

### 4.3.5 Doelstellings wat lei tot vernuwing

Die onderwysersentrum akkommodeer alle belangstellende onderwysers van swart leerlinge in die Vaaldriehoek wat bereid is om vrywillig hul vrye tyd op te offer om by die sentrum deel te word van 'n oop dinamiese kennisuitruilingsmilieu waar kruisbestuiwing van professionele vaardighede plaasvind. Verder het die onderwysersentrum die volgende sake ten doel om vernuwing te stimuleer:

- Om skoolhoofde in aanraking met vernuwende idees in onderwysmetodologie te bring;

- skole te besoek om vernuwingsmetodes in die onderwys ook aan die personeel bekend te stel;

- opvoedkundige artikels uit tydskrifte te kopieer en by die sentrum onder die aandag van besoekende onderwysers te bring;

- navorsing by die onderwysersentrum aan te moedig wat kan lei tot die opheffing van onderwysstandaard in swart onderwys;

- die snel ontwikkelende onderwystegnologie het so 'n impak op skole gemaak dat die onderwysersentrum voortdurend voorligting aan skole moet kan gee;

- onderwysbestuurslede word op aanvraag voorsien van kriteria wat benut word om die effektiwiteit van skole te meet sowel as om onderhoudvoering op 'n meer professionele voet te plaas;

- interessante personeelontwikkelingsaktiwiteite word deur die sentrum aan onderwysbestuurslede bekend gestel, en

- navorsingsresultate uit plaaslike en oorsese tydskrifte oor die onderwys en skakeling met navorsers in die buiteland asook plaaslik, verleen kundigheid aan die onderwysersentrum se personeel en besoekende onderwysers, wat weer in die skole benut kan word sodat die gedepriveerde leerling optimaal baat by sy opvoeding en onderwys.

### 4.3.6 Doelstellings wat veral op die Vaaldriehoekse onderwysersentrum van toepassing is:

- Aangesien Suid-Sotho's oorheersend in die Vaaldriehoek teenwoordig is, sal die onderwysersentrumpersoneel tydens beplanning van indiensopleidingskursusse ook die eiesoortigheid en lewensgewoontes van hierdie volk se onderwysers by die swart skole, in aanmerking neem (Van der Walt, 1984:12). Die Sotho-hoofgroep onderskei hom van onder andere die Nguni-hoofgroep deur 'n eie taalvorm en 'n kultuur wat in baie opsigte van die Nguni verskil. Voorkeurhuwelike is 'n tipiese volksgewoonte. Die dogter van 'n man se moeder se broer is veral 'n aangewese bruid (Bruwer, 1963:20). By die swart onderwysersentrum in die Vaaldriehoek sal klem gelê word op die taal van die Suid-Sotho, veral met aanvangsonderrig in die sub A- en B-jare. Volkslegendes van die Suid-Sotho wat eie aan die tradisie deur middel van oorleweringe is sal ook voorkeur geniet. Die Sotho is meer ekstrovert en daarom sal indiensopleiding by die Vaaldriehoekonderwysersentrum kan konsentreer op kursusaanbieding deur meer ervare swart onderwysers om hulle ook professioneel meer betrokke te kry. Eerbetoning aan hoëre gesag, by formele onderwysfunksies en by spesiale geleenthede by die onderwysersentrum in die Vaaldriehoek kan die Suid-Sotho se erekode meer in ag geneem word. Die erekode behels die vermelding van name van senior Suid-Sotho's wat by inisiasie betrokke was, asook die naam van die koning wat regeer het. Die Suid-Sotho se tradisionele kleredrag met veelkleurige komberse en knopkierie kan by sulke geleenthede gebruik word om 'n ereplek aan die Suid-Sotho se volksgevoel toe te ken.

  By sulke spesiale geleenthede wat deur die onderwysersentrum geïnisieer word, kan ook tipiese Suid-Sotho-danse in die program ingesluit word, byvoorbeeld die "Maqoqopelo-dans". Sulke tradisionele danse kan in Liggaamlike Opvoeding geïntegreer word en ook in massagimnastiekitems wat tydens indiensopleiding by die onderwysersentrum gedemonstreer word (Malaka, 1988).

Leiers word aanvaar deur die Sotho as hulle inisiasie deurloop het en vrouens word nie maklik aanvaar in leiersposisies nie. Die Vaaldriehoekse onderwysersentrum sal ook met indiensopleiding in Godsdiensonderrig moet besef dat die voorvaders 'n baie groot rol speel by Suid-Sotho's. Die Sotho sal uit respek vir sy meerderes hom nie in die oë kyk nie. Die onderwyser moet dit in gedagte hou as hy Sothokinders onderrig en die onderwysersentrum kan sulke tipiese eienskappe met onderwysers deel om misverstande uit te skakel (Thekoane, 1988). Onder die Suid-Sotho is duidelike seksies te onderskei wat binne die nasie-eenheid 'n eie identiteit bewaar het, alhoewel hulle alreeds deelgenote van die oorgangsgemeenskappe na die Westerse kultuur geword het.

- Aangesien ±85% swart onderwysers in Sebokeng, Sharpeville, Boipatong, Parys en Sasolburg ondergekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee, sal 'n doelstelling van die Vaaldriehoek se onderwysersentrum wees om 'n behoeftebepaling te doen en vakkomitees dáár te stel wat indiensopleidingsprogramme sal beplan om hulle vakgebied te akkommodeer om kundigheid aan onderwysers te verleen. Die grootste probleem bly steeds dat die kind glo dat sy onderwyser nie bekwaam genoeg is nie. Die feit dat tweehonderd leerlinge uit Sebokeng elke Saterdag Johannesburg toe ry vir ekstra klasse in Engels en Wiskunde, is 'n duidelike bewys van bogenoemde stelling.

- 'n Definitiewe behoefte wat tydens onderhoude in die Vaaldriehoek geïdentifiseer is, is die gebrek aan kundige onderwysers in Liggaamlike Opvoeding en op sportgebied. 'n Skoolhoof van 'n sekondêre skool van Parys het op 'n stadium in 1985 'n aantal spiese en gewigte as skenking ontvang, maar dit het ongebruik bly lê omdat niemand in die personeel van sowat vyftig onderwysers, spiesgooi of gewigstoot kon afrig nie. 'n Swart skoolhoof van Sharpeville sê hy wonder hoeveel swart kinders in die Vaaldriehoek kan swem. Tennis en krieket as gewilde sportsoorte is net so onbekend op swart skole in die Vaaldriehoek. Die onderwysersentra in die Vaaldriehoek kan dus as doelstelling hê om die vak Liggaamlike Opvoeding en ook

sportafrigting te promoveer, sodat primêre en sekondêre skoliere in swart onderwys hierby kan baat.

- Gedepriveerdheid is 'n faktor in die swart woongebiede van die Vaaldriehoek. Sommige van die eerstejaarstudente wat inskryf by die Onderwyskollege in Sebokeng is gedepriveerd. Hulle verwysingsraamwerk is totaal onvoldoende om 'n studietydperk aan 'n professionele inrigting te deurloop. Die Vaaldriehoekse onderwyser-sentrumpersoneel kan hul ten doel stel om onderwysers op te lei om gedepriveerdheid en die probleme wat daarmee gepaard gaan, te verstaan en hoe om hierdie leerlinge op te voed en te onderrig.

Dit is noodsaaklik om swart onderwysers professioneel op 'n bekwame wyse deur indiensopleiding toe te rus. Dusdoende kan hulle weer later onderwysnoodsaaklikhede op 'n verantwoordelike en effektiewe wyse deur middel van opvoedende onderwys aan die leerlinge oordra.

Onderwysnoodsaaklikhede kom op die volgende neer:

* om elke kind in die land funksioneel geletterd en syfergeletterd te maak;

* om elke kind op te voed tot verantwoordelike burgerskap deur hom die bekwaamheid te gee om te kommunikeer, om algemene en eie waardesisteme te verstaan, en om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel;

* om die bekwaamhede van dink, leer en skep mee te deel en om die verwantskap tussen wat geleer word en die omringende realiteit te sien;

* om 'n grondslag in die basiese wetenskaplike dissiplines te voorsien: fisika, chemie, wiskunde en biologie;

* om 'n eksperimentele insig in die basiese ekonomiewette te voorsien; dat om waardes by te voeg die basis van die skepping van rykdom

is, dat rykdom geskep moet word voordat dit versprei kan word, en

* om 'n verstandhouding van toegepaste wetenskap in die vorm van tegnologie te voorsien, om basiese vaardighede te ontwikkel en respek vir die fisiese aspekte van arbeid (Syncom, 1986:21-28).

- Tydens die politieke onrus in die Vaaldriehoek het dit aan die lig gekom hoe baie swart skoolkinders verveeld is en leeglê in hulle vrye tyd. Kinders in swart woonbuurtes in die Vaaldriehoek bring hul vrye tyd op 'n passiewe negatiewe wyse deur, wat hulle ontvanklik maak vir boikotte en terreur (Van der Walt, 1984:11). Die doelstelling van onderwysersentra in die Vaaldriehoek kan wees om swart onderwysers te motiveer om hul leerlinge smiddags te betrek by aktiwiteite wat sinvolle vryetydsbesteding sal meebring en om tydens dinkskrums by die onderwysersentrum oorspronklike idees te bekom.

- 'n Doelstelling van die Vaaldriehoekonderwysersentra kan ook wees om kommunikasie tussen die veelvuldige onderwysinstansies in die Vaaldriehoek te bevorder. Nie net dit nie, maar ook kommunikasie by een skool tussen leerlinge en onderwysers, tussen onderwysers onderling, tussen leerlinge en onderwysbestuurslede wat die skoolhoof insluit. Gebrekkige kommunikasie was 'n onderliggende faktor agter die onluste in die Vaaldriehoek (Van der Walt, 1984:11).

- Nog 'n belangrike doelstelling van die Vaaldriehoekonderwysersentra, is om presies vas te stel wat die industrie en privaatsektor van beginnerwerknemers vereis en om dit te vergelyk met sillabusinhoude en kurrikula van swart skole in die Vaaldriehoek, en om dan nodige aanpassings tydens vakkomiteevergaderings voor te stel.

## 4.4 ONDERWYSERSENTRUMADMINISTRASIE, -BELEIDMAKERS EN -BELEIDUITVOERDERS

### 4.4.1 Onderwysersentrumadministrasie

Onderwysersentra word deur hul betrokke onderwysdepartemente opgerig en geadministreer. Die Vaaldriehoekse onderwysersentra vir die onderwysers van swart leerlinge kan funksioneel deur die professionele administratiewe en arbeidspersoneel bedryf word wat deur die Departement van Onderwys en Opleiding aangestel word. Finansiering en goedkeuring van begrotings vir onderwysersentra van swart onderwysers kan ook deur die Departement van Onderwys en Opleiding behartig word.

Onderwysersentrumadministrateurs kan nie té voorskriftelik wees nie, omdat 'n rigiede stelsel die spontaniteit en inisiatief van veral Vaaldriehoekonderwysersentra vir onderwysers van swart leerlinge nadelig sal beïnvloed.

### 4.4.2 Onderwysersentrumbeleidmakers

#### 4.4.2.1 Die onderwysersentrumleier

Die sleutelfiguur in beleidmaking van die onderwysersentrum is die onderwysersentrumleier. Die leier bepaal die rigting van indiensopleiding en sentrumaanbiedinge.

Die suksesvolle funksionering van die onderwysersentrum hang van die onderwysersentrumleier af; daarom is hy 'n sleutelpersoon in die indiensopleidingsaktiwiteite van elke sentrum. Weindling et al., (1983:125) het 'n opname gemaak van watter persoon die grootste invloed op onderwysersentrumaktiwiteite uitoefen en dit in tabelvorm verwerk. (Kyk tabel 4.1.)

Dit is duidelik dat die onderwysersentrumleier die belangrikste persoon is wat 'n invloed op die sentrumaktiwiteite uitoefen. Die leier moet 'n diensbare mensgeoriënteerde persoon wees wat oor 'n goeie organisasievermoë beskik en 'n aangename persoonlikheid het. Dit is ook belangrik dat die onderwysersentrumleier onderwysbestuurservaring moet hê sodat hy die respek van onderwyspersoneel in sy gebied sal wegdra. Die sentrumhoof is daar om te koördineer, te besin, te beplan en om die rigting van die sentrum te bepaal. Die leier bepaal die behoeftes van die sentrum saam met studiegroepleiers. Studiegroepleiers word vrywilliglik deur studiegroepe gekies om leiding te neem tydens groepbesprekings en groepsbesluite. Daar kan byvoorbeeld 'n studiegroep vir primêre onderwys wees wat konsentreer op onderrig aan Sub A en B. Die groep kan 'n probleem identifiseer, byvoorbeeld dat meeste swart grade-onderwyseresse/onderwysers 'n probleem het met perseptuele ontwikkelingsprogramme. Die studiegroepleier/leidster sal dan leiding neem en moontlik 'n kundige uitnooi om die groep te kom toespreek of 'n ander metode volg om volledige inligting te kry. Die onderwysersentrumverteenwoordiger is die skakelpersoon tussen die sentrum en die skool, waarvan hy 'n personeellid is. Die sentrumverteenwoordiger bring indiensopleidingskursusse van die sentrum gereeld onder die aandag van die hoof en personeel van sy skool en motiveer hulle om kursusse by die sentrum by te woon. Die onderwysersentrumverteenwoordiger identifiseer probleme van onderwysers by sy betrokke skool en gee terugvoering aan die sentrumhoof. Die leier in samewerking met die studiegroepleiers neem leiding om die sentrumprogramme op te stel, gereeld raad te gee aan die onderwysersentrumverteenwoordigers, skole in die opvanggebied te besoek en die personeel en hoofde se samewerking te verkry,

**TABEL 4.1** ONDERWYSERS SE MENINGS **OOR** WATTER PERSOON DIE GROOTSTE INVLOED UITOEFEN OP DIE ONDERWYSERSENTRUM (Weindling et al., 1983:125)

| | ONDERWYSERSENTRA | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L | Totaal |
| | Persentasie onderwysers van elke onderwysersentrum | | | | | | | | | | | | |
| Onderwysersentrumhoof | 46 | 49 | 39 | 44 | 65 | 49 | 45 | 67 | 52 | 68 | 66 | 78 | 56 |
| Vakadviseurs | 53 | 60 | 77 | 54 | 37 | 32 | 52 | 45 | 34 | 44 | 35 | 34 | 46 |
| Onderwysers | 30 | 19 | 36 | 21 | 38 | 19 | 23 | 29 | 33 | 37 | 29 | 34 | 30 |
| Onderwyserverenigings | 7 | 5 | 20 | 7 | 4 | 7 | 7 | 10 | 20 | 8 | 9 | 5 | 9 |
| Ander departementele amptenare | 6 | 10 | 14 | 11 | 4 | 3 | 8 | 2 | 15 | 3 | 5 | 7 | 8 |
| Skoolhoofde | 4 | 5 | 10 | 7 | 6 | 7 | 6 | 12 | 6 | 6 | 6 | 8 | 7 |
| Inspekteurs | 2 | 3 | 3 | 8 | 6 | 3 | 3 | 4 | 2 | 4 | 1 | 1 | 3 |
| Onseker | 4 | 4 | 2 | 2 | 3 | 4 | 9 | 0 | 5 | 1 | 3 | 4 | 4 |
| Onderwysertal | 96 | 80 | 115 | 61 | 156 | 73 | 112 | 51 | 123 | 71 | 105 | 125 | 1 168 |

Persentasie kan nie op 100 bereken **word** nie, want elke onderwyser kon meer as een groep aantoon.

programleiers te identifiseer en uit te nooi en daarom moet hy oor baie goeie menseverhoudinge beskik.

Die onderwysersentrumleier moet oor inisiatief beskik en moet iemand wees wat besluite kan neem en moet kan toesien dat hierdie besluite in die praktyk implementeer en uitgevoer word. Die onderwysersentrumleier moet toesien dat diensstate opgestel word vir al die personeel wat verbonde is aan die sentrum, sodat elkeen presies weet wat van hom verwag word (Jordaan, 1987).

Die onderwyssentrumleier werk dus met 'n wye spektrum mense op 'n baie hoë professionele vlak, hy moet dus 'n goeie akademiese en professionele agtergrond hê. Die sentrumhoof bestee die meeste van sy tyd aan werk- en studiegroepe en hy moet daarom kennis dra van die faktore wat verantwoordelik is vir die suksesse of mislukkings van sulke groepe. Suksesse by groepe word gewoonlik gekenmerk deur:

- gemeenskaplike belange en duidelike doelwitte;

- hulle werk saam met 'n kundige en energieke leier, en

- daar is administratiewe ondersteuning wanneer nodig.

Groepsielkunde en die kennis van die gedrag van groepe is gevolglik 'n verdere veld wat die sentrumleier moet ken (Van Wyk, 1981:84).

Die bestaande posvlak twee-vereistes vir die hoof van 'n onderwysersentrum is nie wenslik in swart onderwys nie, want so 'n persoon is nie kundig genoeg om hierdie belangrike pos te vul nie. 'n Sentrumhoof moet eintlik op posvlak vier of vyf aangestel word sodat hy al die verantwoordelikhede van sentrumdiens kan behartig (Jordaan, 1987).

"The personality of the warden is absolutely central to the way in which a centre functions. A warden too concerned with the 'nuts and bolts' of centre organisation impedes both interaction and education."

(Williams, 1981:133.)

San Jose (1979:52-59) noem die uiters belangrike karaktertrek van die onderwysersentrumleier, naamlik 'n diepere kennis in navorsingsmetodologie en dryfkrag daarvoor. Baie essensieel is die bereidheid van die hoof om na nader lede uit die onderwysfamilie se probleme te luister en met sinvolle oplossings na vore te kom. Hierdie konsulteringsdiens wat die leier inisieer, is van kardinale belang.

Die onderwysersentrumleier moet 'n goed geformuleerde filosofie vir die suksesvolle funksionering van die sentrum hê en moet 'n toekomsvisie in die onderwys van gedepriveerde leerlinge uitspreek en daaraan glo. Die sentrumhoof moet 'n denker wees, moet onderwysers fyn kan waarneem, interaksie met tersiêre personeel en inspekteurs van onderwys hê en 'n goeie dinamiese spreker wees (Dean, 1975:80).

Die sentrumhoof moet ten alle tye die belange van die onderwysers van gedepriveerde leerlinge vooropstel en moet intens met die onderwys self gemoeid wees, verkieslik self gemoeid wees met 'n lesingsverpligting in die omgewing, en moet in kontak wees met die probleme van die onderwyspraktyk. Die onderrwysersentrumhoof moet dien as instrument wat opvoedkundige navorsingsresultate deurwerk na die onderwyspraktyk en dit is belangrik dat die leier die jongste opvoedkundige publikasies gereeld lees (Van Wyk 1981:81-32).

Die onderwysersentrumhoof moet empatie met gedepriveerdheid hê en 'n goeie kennis van die tekortkominge in swart onderwys en in die onderrigmondering van die swart onderwyser. Hy moet die vertroue van swart onderwysers kan wen en kan meehelp om opvoedende onderwys aan swart leerlinge op te hef. Die sentrumhoof se sentrumaanbiedinge moet korreleer met die ondergekwalifiseerdheid van die meeste swart onderwysers, sodat hulle eers op 'n baie meer praktiese wyse, vakkennis en basiese vakmetodologie kan bemeester (Gouws, 1987).

#### 4.4.2.2 Die onderwysersentrumkomitee

Die onderwysersentrumkomitee adviseer die hoof van die sentrum in verband met die behoeftes van die streek (Vaaldriehoek) wat deur die sentrum bedien word en adviseer die sentrumhoof in verband met die samestelling, aard en aantal sentrumwerkgroepe, en is ook verantwoordelik vir die goedkeuring van programme vir die onderwysersentrum. Die onderwysersentrumkomitee lê ook riglyne neer. Die onderwysersentrumkomitee staan die onderwysersentrumleier by om die beleid saam te stel en is verantwoordelik vir die algemene toesig oor die aktiwiteite van die sentrum. Hierdie komitee dien ook as tussenganger tussen die onderwysersentrum en die Departement van Onderwys en Opleiding. Die volgende kan as riglyne vir die samestelling van die onderwysersentrumkomitee in die Vaaldriehoek dien:

Voorsitter: Rektor van Onderwyskollege Sebokeng.

Lede:
- Assistent-direkteur van onderwys: indiensopleiding,
- hoofkringinspekteur,
- sentrumhoof,
- een vise-rektor van die onderwyskollege,
- een verteenwoordiger van die Vaaldriehoekkampus wat gemoeid is met onderwyseropleiding,
- vier lede van verteenwoordigende onderwyserverenigings,
- een verteenwoordiger van Vista Universiteit,
- een verteenwoordiger van Technikon Vanderbijlpark,
- een primêre en een sekondêre skoolhoof, en
- een primêre en een sekondêre adjunk-hoof.

Die rektor kan die leiding neem in die onderwysersentrumkomitee, omdat hy gemoeid is met onderwysstudente se opleiding en kosbare insette kan lewer vir indiensopleidingsbeleid by die onderwysersentrum. Die rektor kan werksaamhede delegeer en daarom moet die vise-rektor ook insae in die onderwysersentrumkomitee se besluite hê om op die hoogte te bly van indiensopleiding. Die assistent-direkteur van onderwys : indiensopleiding is 'n belangrike lid van hierdie komitee, omdat goedkeuring vir

finansiële besteding en primêre versoeke deur hom gekanaliseer sal word. Hy verteenwoordig die Departement van Onderwys en Opleiding. Dit is wenslik dat die hoofkringinspekteur 'n lid van die sentrumkomitee moet wees, sodat hy op die hoogte kan bly van indiensopleiding vir onderwysers wat poste in sy streek beklee. Hoofkringinspekteurs kan ook waardevolle bydraes lewer vir aktiwiteite en opleiding by die sentrum. Aangesien kundigheid van ander tersiêre inrigtings se personeel benodig word om die onderwysersentrumprogram suksesvol te laat verloop, kan verteenwoordigers van die Vaaldriehoekkampus, Vista Universiteit en technikons as lede in die komitee dien. Die hoofde en adjunk-hoofde van primêre en sekondêre skole kan as lede van die onderwysersentrumkomitee sinvolle betekenis aan beplanning en algemene toesig verleen, omdat hulle poste in die onderwyspraktyk beklee en direk in kontak met onderwysers en hulle probleme is. Die sentrumhoof sal 'n lid van die komitee wees omdat sy belangstelling en betrokkenheid vanselfsprekend is.

"Alhoewel 'n groot mate van outonomie aan onderwysersentrumhoofde toegesê word, sodat hulle die etos van hulle sentrum kan bepaal, word voorsiening gemaak vir die inspraak van onderwysers, skoolhoofde universiteite, kolleges en onderwysersverenigings deur 'n adviesraad wat bestaan uit genomineerdes uit bovermelde beroepe."
(Meintjes, 1984:268.)

As daar 'n borgmaatskappy teenwoordig is, behoort hierdie maatskappy ook seggenskap in die bestuur van die onderwysersentrum te hê en behoort daarom sterk verteenwoordiging in die onderwysersentrumkomitee te geniet (Jordaan, 1987).

Die onderwysersentrumkomitee kan hulp verleen met die seleksie en bestelling van professionele hulpmiddels en tydskrifte, byvoorbeeld bandopnames, plate, filmstrokies, kleurskyfies, boeke, tydskrifte, koerante en transparante (Yeatts, 1976:419).

### 4.4.3 Onderwysersentrumbeleiduitvoerders

#### 4.4.3.1 Die onderwysersentrumhoof

Die onderwysersentrumhoof is die sleutelfiguur in die beleiduitvoering van die onderwysersentrumkomitee. Die sukses van die onderwysersentrumfunksionering hang van die sentrumleier af. Die sentrumhoof koördineer aktiwiteite en bepaal die rigting waarin die sentrum beweeg. Die sentrumleier neem die leiding by onderwysersentrumbeleiduitvoerders om seker te maak dat teorie en praktyk aaneenskakeling vind en dat indiensopleiding sinvol verloop.

#### 4.4.3.2 Die onderwysersentrumverteenwoordiger

Die onderwysersentrumverteenwoordiger of -agent speel 'n belangrike rol in die beleiduitvoeringshandeling van die onderwysersentrum. Die onderwyser self is die belangrikste uitvoerder van die onderwysersentrumbeleid. Die sentrumverteenwoordiger motiveer onderwysers by die skool waar hy/sy 'n pos beklee om deel te neem aan sentrumindiensopleiding. (Sien 4.4.2.1.)

Jordaan (1987) beskryf die rol van hierdie persoon raak as hy sê dat die onderwysersentrumverteenwoordiger 'n onderwysersentrumbekeerde moet wees, want dit gaan baie van hom afhang of sy skool se personeel aktief betrek gaan word in die sentrumaanbiedinge al dan nie. Die motivering moet vanaf dié onderwyser uitgaan wanneer hy terugkom by sy skool om dan weer behoorlike terugvoering aan die ander onderwysers te gee sodat daar gedurige kruisbestuiwing plaasvind tussen onderwysers, onderwysersentrumverteenwoordigers en die sentrum. Die sentrumverteenwoordiger moet vir homself 'n bepaalde strategie uitwerk

om die aandag van die personeel by sy skool te kry en hulle belangstelling in die sentrumaktiwiteite gaande te maak (Jordaan, 1987).

Weindling et al., (1983:193) beskryf 'n uitmuntende idee van 'n onderwysersentrumleier wat 'n jaarlikse prestigekonferensie met kundige sprekers vir onderwysersentrumverteenwoordigers gereël het. Besoeke aan skole en publisiteit het die sentrumverteenwoordigers se belangstelling behou. Sentrumverteenwoordigers kan twee keer per termyn ontmoet, waar hulle dan 'n personeelversoek saambring vir moontlike aanbiedinge wat effektiwiteit by onderwysers sal verhoog. Voor die sentrumverteenwoordigervergadering het die sentrumhoof 'n brief uitgestuur waarin hy die sentrumverteenwoordigers versoek het om personeelpeilings te doen en daarvolgens voorstelle vir sentrumkursusse en aanbiedinge te maak wat die onderwysers by hulle skole sal help om hulle onderwystalente beter aan te wend.

"To those embarking on centering it may seem extravagant to budget so much time for what is primarily listening. But listening is die crux of the job."
(San Jose, 1979:47.)

#### 4.4.3.3 Vakkomitees

Vakkomitees vergader op verskillende dae by die onderwysersentrum onder leiding van 'n vakstudieleier as voorsitter. Die vakkomitee besin oor elke betrokke vak of standerd vir die jaar om 'n effektiewe indiensopleidingsprogram vir hulle op te stel. In hierdie vakkomitee moet vakspesialiste lede wees om werksaamhede behoorlik te beplan. Hierdie gegewens word dan deur al die vakstudieleiers of vakkomiteevoorsitters aan die onderwysersentrumleier gegee, wat op sy beurt toesien dat aanbiedinge by die sentrum vir die jaar in 'n sinvolle program gekulmineer word. Hierdie aanbiedinge word dan in programvorm by skole in die Vaaldriehoek gesirkuleer.

Daar kan byvoorbeeld studiegroepe vir primêre onderwys ook wees wat konsentreer op Sub A en B. As iemand 'n probleem sou hê met die aanbieding van 'n les in die aanvangsonderwys van leerlinge, reël die komitee self dat 'n ervare onderwyseres 'n voorbeeldles by die onderwysersentrum kom aanbied. Van hierdie les word 'n video-opname gemaak wat teruggespeel word en intensief bespreek word. Wenke word aan die hand gedoen hoe die aanbieding van so 'n les nog verder verbeter kan word.

Funksies van die vakkomitee:

* Sorg vir noue skakeling met onderwysers, inspekteurs van onderwys, adjunk-direkteure en die personeel van onderwyskolleges en universiteite.

* Inisieer programme vir bepaalde vakke by die sentrum na aanleiding van plaaslike onderwysbehoeftes.

* Beplan programme soos versoek deur die onderwysers en met goedkeuring van die sentrumkomitee.

* Toets die toepaslikheid van programme, waar nodig, deur die betrokke adjunk-direkteur en kringinspekteur van onderwys te raadpleeg.

Die indiensopleiding wat voortspruit uit vakkomiteevergaderings raak die kern van beleiduitvoering, want dit gaan in swart onderwys hoofsaaklik om ondergekwalifiseerde onderwysers wat reg aan die opvoedende onderwys van swart kinders moet laat geskied.

#### 4.4.3.4 Onderwysmedia- en biblioteekkomitee

Hierdie komitee help uitvoering gee aan die onderwysersentrumbeleid deur besoekende onderwysers met advies te bedien en kundigheid oor te dra

oor hoe om oudio-visuele apparaat effektief in die lesaanbieding te gebruik, asook bystand te verleen met onderwysmediavervaardiging. Die mediakomitee sal ook leiding verskaf en boekuitstallings reël wat relevante inligting oor betrokke vakgebiede bevat.

#### 4.4.3.5 Sosiale komitee

Een belangrike aspek van die beleid van enige onderwysersentrum kom op die volgende neer: dit is 'n plek wat aan die onderwyser behoort, waar onderwyshiërargie nie bestaan nie, en evaluering van onderwyserbekwaamheid verval. Die onderwysersentrum vervul ook 'n sosialiseringsfunksie sodat die onderwyser kan ontspan en deel kan voel van sy sentrum. Die sosiale komitee reël funksies en gesellige byeenkomste vir onderwysers om onderwyserisolasie teen te werk.

#### 4.4.3.6 Praktiserende onderwysers

Die onderwyser raak aktief betrokke by die onderwysersentrum en beplan en beheer programme, onderwysers help leiding gee aan die rigting waarin die sentrum moet beweeg, deel ook in die opstelling van sentrumbeleid en lewer insette vir die verdere uitbouing en ontwikkeling van die sentrum. Die onderwyser kan self die beste oordeel oor wat sy besondere behoeftes is, want hy ken sy onderwysomstandighede die beste. Hierdie besondere behoeftes kan wissel van 'n kennis van die veranderde leefwêreld van die kind, tot by praktiese probleme in verband met onderrig en administrasie. Vir die onderwysersentrum om in hierdie wye spektrum van behoeftes van onderwysers te kan voorsien, is dit dan 'n goeie beleid dat die onderwyserskorps self ook betrokke raak in die beheer en programbeplanning van die sentrum. Die beginsel dat

onderwysers van mekaar leer, is van kardinale belang (Van Wyk, 1981:56-58).

Praktiserende onderwysers is die belangrikste beleiduitvoerders van onderwysersentra. Die hooffunksie van die onderwysersentra in die Vaaldriehoek wentel om die verhoging van effektiwiteit en die verbetering van vakkennis van die onderwyser van swart leerlinge. Die onderwyser ondergaan indiensopleiding in sy vakgebied by die onderwysersentrum, keer dan terug na die onderrigleersituasie en pas nuwe kundighede daar toe, sodat die leerlinge uiteindelik kan baat by die werk wat by die onderwysersentrum geleer is.

## 4.5 FUNKSIONERING VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM VIR ONDERWYSERS VAN GEDEPRIVEERDE LEERLINGE IN DIE VAALDRIEHOEK

### 4.5.1 Onderwysersentrums verskil in aard en funksionering

Elke kring se onderwysersentrum sal verskillend funksioneer omdat elke streek eiesoortige probleme sal identifiseer waarvolgens beplanning sal geskied. Onderwyssentra sal dus 'n plaaslike karakter vertoon wat onderwysers se menings ten opsigte van onderwysprobleme weerspieël. Die uiteenlopendheid van sentra bied uitdagings aan die onderwysersentrumpersoneel om die funksionering daarvan vlot en doeltreffend te laat verloop (Van Wyk, 1981:64).

Pelser (1987a) beklemtoon die eiesoortigheid van onderwysersentrums veral in swart onderwys deur te noem dat 'n aanbieding van 'n les oor getalherkenning baie anders in Soweto as in Sebokeng hanteer sal word weens die karakter van die skoolopset en die woongebied. "Some leaders

feel that every teachers' centre is unique and it is indeed unlikely that exactly the same set of circumstances can be found at any two centres." (Weindling et al., 1983:25.)

Die Onderwysersentrum E M Mokatsane in Ikageng in die Potchefstroom-Noordkring verskil byvoorbeeld totaal van Onderwysersentrum Kitsong wat ook swart onderwysers in Galeshewe bedien in die Kimberley-kring. Albei hierdie sentra bedien swart onderwysers, maar die funksionering toon klemverskuiwings. Die Sentrum E M Mokatsane verskaf 'n bymekaarkomplek aan die onderwysers in die voedingsgebied van Ikageng en alhoewel daar ook indiensopleiding plaasvind, val die klem op onderwysmediavervaardiging, terwyl die Sentrum Kitsong weer meer konsentreer op indiensopleiding en desentralisasie (Motlhasedi en Jordaan, 1987).

### 4.5.2 Onderwysersentrumpersoneel en -verteenwoordigers betrokke by behoeftebepalings

Die behoefte aan die daarstelling van vakstudiegroepe, werkgroepe en die organisering van vaksamesprekings wat gesprekke met mekaar of met vakspesialiste stimuleer (sprekers van buite die onderwys, inspekteurs van onderwys, vakadviseurs, ensovoorts), word deur die onderwyser self bepaal. Die keuse van bestuurstegnieke (dinkskrums, gonsgroepe, kernspanne, kragveldontdekking, ensovoorts) berus ten volle by die betrokke groep. Die behoeftebepaling wat uitgevoer word deur die sentrumpersoneel is 'n belangrike stap in die funksionering van die onderwysersentrum. Die sentrumverteenwoordiger is 'n baie belangrike figuur in hiedie proses omdat hy as skakelpersoon tussen die onderwysersentrum en die skool dien.

Die hoofuitgangspunt van die onderwysersentrum berus op die feit dat geen dwang gebruik word om onderwysers by studiegroepvergaderings te kry nie. Die studiegroepvergadering moet so prikkelend wees dat die

onderwyser vanself gedurende sy vrye tyd bereid sal wees om dié vergaderings by te woon. Die sentrumverteenwoordiger se taak is om hierdie entoesiasme uit te bou, om toe te sien dat daar op 'n gereelde basis aan die onderwyser terugvoering oor die programaanbiedinge van die sentrum gegee word.

Die sentrumverteenwoordiger kan onder andere van die personeelkamer se kennisgewingbord gebruik maak om die sentrumprogram onder die aandag van die personeel te bring. 'n Daaglikse advertensietjie sal baie effektief wees om onderwysers te motiveer om aanbiedinge by te woon. Dit is verder gebruiklik dat die onderwysersentrumhoof 'n brief aan die skole stuur, waarin versoek word dat die name van onderwysers wat bepaalde aanbiedinge gaan bywoon aan hom gestuur moet word, sodat die voorsiening tydig gemaak kan word (Jordaan, 1987).

Daar bestaan 'n verskeidenheid metodes om 'n behoeftebepaling te doen. Formele vraelyste het die potensiaal om 'n groot getal onderwysers spoedig te bereik, maar reaksie daarop kan nooit gewaarborg word nie. Dan is daar ook nog die probleem dat 'n antwoord op 'n vraelys dikwels nie 'n getroue weergawe van 'n onderwyser se emosionele behoeftes is nie. Vraelyste kan ook tydrowend en finansieel 'n las word en die gegewens daarop kan met die huidige ontwikkeling verouderd raak. Rekenaarvraelyste het die voordeel dat dit baie antwoordstelle in 'n kort tydjie kan afhandel en verwerk, maar weer eens is hierdie tipe van behoeftebepaling onprakties omdat dit baie meer nadele as voordele inhou. Die onderwysers het 'n afkeer van die invul van vraelyste en die rapport wat van die skole ontvang word, weerspieël nie die werklike behoeftes nie (Keeney, 1979:64).

Onderhoudvoering blyk die beste metode van behoeftebepaling te wees.

Baie inligting kan ook verkry word uit telefoongesprekke, onderhoude met skoolhoofde, skoolbesoeke aan die personeelkamer en aan die klaskamer, 'n gesprek met die inspekteur, deelname aan 'n vergadering by die skool, onderhoude met ouers en navrae by onderwysersverenigings (San Jose, 1979:47).

Behoeftebepalinge se resultate kan varieer soos die verskil in funksionering van die verskillende kringe se onderwysersentra. So byvoorbeeld kan die hantering van verskillende klasgroepe, in dieselfde klaskamer, deur dieselfde onderwyser 'n probleem wees in 'n bepaalde gebied, terwyl in 'n ander area nie eens heterogene klasgroepe bestaan nie. In die sekondêre skole moet die onderwysersentrum verkoop word, anders woon hierdie personeel die sentrumaktiwiteite nie by nie. As die sekondêre onderwysers weet dat daar 'n sinvolle aanbieding in sy vakgebied by die sentrum wag, sal hierdie hindernis van twyfel finaal uit die weg geruim word (Jordaan, 1987).

'n Uitstekende metode van kommunikasie tussen die sentrum, die gemeenskap en veral skole is die radio-uitsending van sentrumnuus vir 'n paar minute (Howe, 1983:51). 'n Ander moontlikheid om die belangstelling van omliggende skole te kry, is die druk van 'n nuusbulletin wat byvoorbeeld twee-weekliks verskyn en onder onderwysers versprei word. Onderwysersentrums sal in die toekoms ook voorsiening moet maak vir die ontwikkeling in metodologie, tegnologie, buitemuurse onderwys, rekenaaronderrig en die begaafde kind. Onderwysersentrums sal dus multi-dimensioneel in hul professionele onderskraging in die verskeie kringe met aanvullende media-materiaal moet wees (Kaapprovinsie, 1984:18).

"Thus the centre programmes are designed to reflect the changing needs of teachers as these are manifested. This flexibility ensures the relevance of centre activities and the credibility of the centre in the eyes of the teachers." (Kahn, 1979:4.)

San Jose (1979:59) beklemtoon die pluraliteit van behoeftes by die onderwyserskorps wat kan wissel van die psigologiese, kognitiewe, affektiewe tot by die sosiale wat fundamentele probleme in die verloop van sentrumaktiwiteite kan veroorsaak. Lang- en korttermynbehoeftes van onderwysers moet in aanmerking geneem word, en dit kan weer lei tot groot winste vir die onderwysersentrum.

'n Akkurate behoeftebepaling kan ook gedoen word na afloop van sentrumkursusse of aanbiedinge deur 'n reaktorvorm (kyk figuur 4.3) aan die deelnemers uit te deel waarin hulle die program moet evalueer en ook voorstelle moet maak vir verdere programme. Keeney (1979:65-66) wys daarop dat behoeftebepaling by die onderwysersentrum georganiseerd en sinvol moet verloop, en dat van die volgende soorte vrae nodig mag wees om meer duidelike behoeftes te identifiseer:

- Wat is die doel met die onderwysersentrum se behoeftebepaling?

- Word daar 'n behoeftebepaling van individue of van standerdgroepe of vakgroepe gemaak? Hoeveel onderwysers kan die sentrum akkommodeer?

- Is daar reeds bestaande waardevolle inligting aangaande die behoeftes van onderwysers in die swart onderwys?

- Kring hierdie behoeftebepaling wyer uit as net die onderwysers? Watter ander groepe se belangstellings gaan ook bestudeer word?

- Is daar ander persone in die gemeenskap buite die onderwys wat al opnames of waardevolle studies gemaak het wat van hulp kan wees?

- Watter hulpmiddels is tot die onderwysersentrum se beskikking om hierdie geïdentifiseerde behoeftes aan te vul?

- Watter tipe onderwysers reageer positief en dra 'n goeie sentrumbeeld uit en wat boonop gebruik kan word om onderwyservaardigheid te verbeter?

- Watter onderwysers het indiensopleiding die meeste nodig, maar toon 'n weerstand daarteen?

Behoeftebepaling moet ook die volgende verdere stappe deurloop om enigsins sinvol te wees:

- identifikasie van die onderwyser se probleem of behoefte;
- versameling van data;
- verdere analise van die probleem of behoefte;
- spesifikasies van doelstellings wat verband hou met die belangrikste probleme of behoeftes;
- ontwikkeling van strategie;
- implementering van programme;
- evaluering van programme, en
- hersiening

(Weindling et al., 1983:147.)

### 4.5.3 Verdere belangrike funksioneringsaspekte van die onderwysersentrum


Die sentrum vir swart onderwysers funksioneer hoofsaaklik op 'n nie-formele basis. Dit gebeur te dikwels dat vertikale indiensopleiding van 'n onderwysdepartement ontaard in 'n eensydige kommunikasiepoging, waar inligting van een persoon na 'n groot groep mense oorgedra word op 'n eentonige en sieldodende wyse. Veral groepwerk werk uitstekend by swart onderwysers, want elke persoon in die groep beskik oor 'n mate van kennis omtrent 'n bepaalde onderwerp waaroor sy maat langs hom niks weet nie. Op informele wyse is dit in groepsverband moontlik dat hierdie persone se kennis gemeenskaplike besit kan word en dat groepsbesinning gevolg word deur konsensusbereiking, wat weer tot die verryking van elke groepslid kan dien (Jordaan, 1987).

Die onderwysersentrum funksioneer deur gebruik te maak van koördinering, sosialisering, konsultering en vernuwing met die aanbieding van indiensopleidingskursusse. Die uiteindelike doel wat nagestreef word in die onderwysersentrum is onderwysdoeltreffendheid van alle onderwysers in die voedingsarea wat indiensopleiding kom bywoon. Onderwysdoeltreffendheid word verkry deurdat personeelontwikkeling plaasvind by die sentrum tydens indiensopleidingskursusse waar belangegroepe teenwoordig is en insette lewer en vakstudiegroepe vergader om probleme op te los. Onderwysdoeltreffendheid word verkry deurdat nuutste onderwystegnologie by die onderwysersentrum bekend gestel word. Onderwysdoeltreffendheid word ook verkry deur skoolhoofde en skoolkomiteelede wat onderwysers motiveer om sentrumopleiding te ondergaan deurdat hulleself ook 'n bydrae lewer (kyk figuur 4.1).

Dosente van universiteite en onderwyskolleges, senior amptenare van die onderwysdepartement, skoolhoofde en lede van onderwyserverenigings dien in 'n adviesraad van die onderwysersentrum om beleid te bepaal, kursusse te beplan en toesig te hou oor sentrumaktiwiteite. Die privaatsektor kan baie bydra om van 'n onderwysersentrum 'n sukses te maak deur as borg op te tree en die rigting van indiensopleiding te help ontwikkel. Voortdurende navorsing is essensieel as onderwysersentra suksesvol wil bly funksioneer in 'n tegnologies ontwikkelende samelewing waar 'n kennisontploffing opvoeders noop om te vernuwe (kyk figuur 4.1).

Met die funksionering van 'n onderwysersentrum is dit belangrik dat die sentrumleier sal toesien dat goedgeordende dokumentasie gehou word van programme en gebeure by die sentrum, sodat historiese feitemateriaal opgebou kan word en perspektief op die hede en verlede behou word. Gebeure by die onderwysersentrum vandag, is in onmiddellike relasie met die werk wat volgende jaar gedoen gaan word. Dit sal glad nie effektief wees om op die geheue staat te maak nie. Dokumentasie bevorder ook evaluasie van aanbiedinge en omlyn doelstellinge beter. Die volgende tipe dokumentasie is 'n aanbeveling wat deur sentrums in gedagte gehou kan word:

FIGUUR 4.1 FUNKSIONALITEIT VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM (Meintjes, 1984:267)



Organisatoriese dokumentasie:

- onderwysersentrumkomitee- en personeelvergaderings se notules moet in jaarverband gebind word;

- prosedure- en beleidsboek;

- korrespondensie- en vergaderinglêers en telefoongespreknotas; en

- aantekeninge wat tydens 'n onderhoud gemaak is.

Programmering:

- planne, brosjures, beskrywings, pamflette, kalenders, terugvoeringslyste, evaluering van werksgroepvergaderings en projekte;

- hoofbestuurskalender vir die jaar, (gebruik 'n groot vel papier wat die hele jaar se bedrywighede bevat en waarop mense nog kan aanvul as daar aanbiedinge bykom), en

- hoofkalender vir werkgroepe en aanbiedinge (dieselfde as bogenoemde kalender).

Finansiële dokumentasie:

- inkomste- en uitgawestate, insluitende begroting, beoogde maandelikse uitgawes, werklike maandelikse uitgawes, beoogde jaarlikse uitgawes, werklike jaarlikse uitgawes;

- inkomste en uitgawes in grafiese vorm of in persentasievorm;

- gegewens van strategie om fondse te bekom - suksesse, mislukkings;

- voorrade-inventaris, en

- diensleweringskontrakte en -voorwaardes.

Gemeenskapsverhouding:

- posstukke, pamflette, nuusbriewe, tydskrifartikels in verband met onderwysersentrums, prosedures en tydskedules vir gemeenskapsdienste.

Dokumentasie in verband met onderwysers:

- verslagkaarte van deelnemers, waarop die skool, woonadres, besondere talente, besondere belangstellings, besoeke aan die onderwysersentrum, leiding geneem tydens werkgroepsessies aangedui word;

- verslagkaarte van institusionele lede en firmas wat materiale of dienste skenk;

- daaglikse bywoningsyfers;

- besonderhede en statistiek (insluitende kaarte en telefoonnommers) van skole in die opvanggebied;

- vrywilligerslys;

- konsulteringsbesonderhede, en

- verslag van hoe die onderwysersentrumpersoneel hulle tyd deurbring

(Carpenter, 1979:176-178.)

Onderwysersentrumure verskil baie en daar is geen voorskrifte nie, maar wat die belangrikste in die funksionering van die sentrumopset is, is die feit dat die sentrum aan die onderwysers behoort en dat dit binne bereikbare afstand vir die onderwyser sal wees. Die aanpasbaarheid van sentrumaanbiedinge en persoonlike hulp gee die swart onderwyser meer selfvertroue om met sy professionele probleme te gaan hulp soek.

Tersiêre inrigtings lewer ook belangrike insette in die indiensopleidingsprogram by die sentrum en al die deelnemers aan programme vorm 'n vennootskap om die onderwysstandaard van swart onderwys op te hef, sonder om vergoeding daarvoor te verwag. Die maandelikse sentrale aksieprogram wat uit die geselekteerde versoeke saamgestel word, behels probleme en behoeftes waarin alle onderwysers 'n seggenskap het, die gespesialiseerde apparatuur wat tot die onderwysers se beskikking is, die bestaan van die programmatuur-aldoellokaal waar onderwysers onderwysmedia kan voorberei en dupliseer, die beskikbaarheid van 'n vakkundige adviespaneel en die velerlei ander dienste wat die onderwysersentrum bied, kan net 'n voorwaartse stap vir die kwaliteit van onderwys vir die onderwyser van gedepriveerde leerlinge beteken (Kahn, 1976:101; Priselac en Priselac, 1975:88; Van Wyk, 1981:95; Weindling et al., 1983:70).

### 4.5.4 Programbeplanning as hooffunksie van die onderwysersentrum

As die programme by die onderwysersentrum nie vlot en aantreklik en sinvol verloop nie, sal dit demotiverend op die onderwysers inwerk en sal die belangstelling in toekomstige aanbiedinge kwyn. Programbeplanning vir die onderwysersentrum kan soos volg verloop (Carpenter, 1979:173):

- die onderwysersentrumpersoneel moet eerstens besluit of die sentrum verantwoordelikheid aanvaar om 'n geïdentifiseerde behoefte van onderwysers te probeer vervul;

- wanneer verantwoordelikheid aanvaar word om die probleem op te los, moet die probleem eers geanaliseer word om vas te stel wat die bestaande komponente van die probleem is en wat die oorsprong van die behoefte of probleem is;

- definieer die behoefte behoorlik voordat programbeplanning gedoen word sodat almal die probleem duidelik verstaan;

- daar moet konsepsueel te werk gegaan word om nou programme te visualiseer wat hierdie geïdentifiseerde behoefte of probleem sal oplos;

- die keuse van 'n aksieplan en die uitvoering daarvan, en

- die dokumentasie van dit wat gedoen word en die evaluering na voltooiing van aanbieding van die kursus teen die agtergrond van lang- en korttermyndoelstellings.

So 'n tipe program moet op 'n maandbasis na die skole in die opvanggebied uitgestuur word gepaard met 'n advertensie wat meer besonderhede omtrent individuele programme bevat vir daaglikse kennisname. Sommige sentrumleiers het gevind dat kwartaalprogramme vanweë die menslike faktor nie so goed werk nie. Mense vergeet maklik van die program of dit raak verlore en uiteindelik ly die programaanbiedinge daaronder (Jordaan, 1987).

Tydens die programbeplanning moet afstand in aanmerking geneem word. Skole wat naby aan mekaar geleë is, moet saam uitgenooi word as hulle belang het by die sentrumaanbieding, sodat vervoerreëlings makliker getref kan word en onderwysers van verskillende skole kan saamry.

**FIGUUR 4.2** MAANDPROGRAM KIMBERLEY-KRING JULIE 1987 (Jordaan, 1987)

ONDERWYSERSENTRUM

PROGRAM VIR JULIE 1987

| Datum | Vak | Onderwerp | Aanbieder | Plek | Tyd | Standerd |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 7.7.87 | Algemeen | Motiveringspraatjie | Mnr P N H Jordaan | Reneilwe L P Skool | 14h00 | Alle sekondêre onderwysers |
| 8.7.87 | Engels | Letterkunde | Mnr N S Miti | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 8.7.87 | Tswana | Letterkunde | Mnr Mokgoasi | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 9.7.87 | Wiskunde | Bekendstelling van breuke | Mev P D Mocumi | Boitshoko Sek. Skool | 15h00 | 3 - 5 |
| 9.7.87 | Geskiedenis | Vryburgers | Mev X V Lawrence | Boitshoko Sek. Skool | 15h00 | 3 - 5 |
| 13.7.87 | Opvoedkundige leiding | Tegnieke | Mnr T V M Masemene | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 13.7.87 | Huishoudkunde | Voorskoot | Mev Seleteng | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 8 |
| 14.7.87 | Geskiedenis | U.N.O. | Mnr A W Z Bosman | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 14.7.87 | Wiskunde | Statistiek | Mnr Lekhobo | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 7 |
| 15.7.87 | Afrikaans | Woordorde | Mnr Dirks | Thabane Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 16.7.87 | Aardrykskunde | Skale en rigting | Mnr L T Motsage | Boitshoko Sek. Skool | 15h00 | 3 - 5 |
| 20.7.87 | Aardrykskunde | Skale | Bro. Madden | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 20.7.87 | Wetenskap | Periodieke tabel | Mnr Koza | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 21.7.87 | Seminaar | Klaskamerorganisasie | Mej D Kumalo | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 22.7.87 | Wetenskap | Morse Kode | Mnr Raphuti | Boitshoko Sek. Skool | 15h00 | 3 - 5 |
| 22.7.87 | Bybelonderrig | Jesus gekruisig | Mnr E Pholo | Boitshoko Sek. Skool | 15h00 | 3 - 5 |
| 23.7.87 | Simposium | Vryheid in opvoed=kundige situasie | Mnr J J Mokwena<br>Mnr F Bosman<br>Mnr R K Ruwana | Sosiale Sentrum | | Alle onderwysers |
| 23.7.87 | | | Mev B P Siyoko<br>Mnr Katz | Sosiale Sentrum | | Alle onderwysers |
| 27.7.87 | Biologie | Asemhaling | Mej H Mafefe | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 28.7.87 | Xhosa | Amahlelo | Mev W B Kekana | Boitshoko Sek. Skool | 15h00 | 3 - 5 |
| | Tswana | Kitso-Kakaretso | Mnr Plaatjie | Boitshoko Sek. Skool | 15h00 | 3 - 5 |
| | Arikaans | Lydende en Bedrywende vorm | Mev Manaka | Boitshoko | 15h00 | 3 - 5 |
| 29.7.87 | Bybelkunde | Hellenisme | Mnr C Losaba | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 9 |
| | Bibliotekaris | Organisasie | Mnr Daka | Tlhomelang Sek. Skool | 15h00 | 6 - 10 |
| 30.7.87 | Vergadering | Onderwysersentrum | | Streekskantoor | 13h00 | |

Tydens programbeplanning moet die departementele sillabusse ook in aanmerking geneem word, want daar is sekere afdelings wat sekere tye van die jaar aangebied moet word. Die sentrumaanbieding moet dus korreleer met die sillabusse van die betrokke vakke hetsy in die primêre skool of in die sekondêre skool. Dit sal ook baie verstandig wees van die onderwysersentrumleier om van al die skole in die opvanggebied hul buitemuurse programme te kry voordat begin word met programbeplanning by die onderwysersentrum. Die aanbiedinge van somer- en wintersportsoorte en eisteddfods kan die programaanbiedinge by die onderwysersentrum baie beïnvloed. Dit kan groot verleentheid vir die sentrum en die skole spaar as daar na die buite-kurrikulêre programme van die skole gekyk word voordat die sentrum programbeplanning doen. Die sentrumverteenwoordigers kan hierin 'n belangrike rol speel.

Programbeplanning moet verkieslik tred hou met veranderinge en wysigings wat by onderwysers plaasvind (Patton, 1978:144):

- veranderinge in onderwysers se emosies (moreel, ondersteuning, entoesiasme, isolasie);

- veranderinge in onderwysers se menings (interpretasies, gesindhede, verwagtinge, doelstellinge);

- veranderinge in die onderwysers se kennisvlak (feite, data, teorieë, modelle);

- veranderinge in onderwysers se bekwaamheid (dinge wat hulle kan doen), en

- veranderinge in onderwysers se gedrag (dinge wat onderwysers uitvoer wanneer hulle skoolhou).

'n Onderwysersentrum kan op al hierdie veranderinge fokus en programme kan 'n verskeidenheid toon na mate daar klem gelê word op verskille wat vooraf genoem is.

"A teachers' centre is a place where a program exists that offers educational personnel (in-service teachers, pre-service teachers, administrators, para-professionals, etcetera) the opportunity to share, to have access to a wide range of resources, and to receive training."
(Andrews, 1976:79.)

### 4.5.5 Onderwysers se betrokkenheid by die onderwysersentrumaktiwiteite

Die kwaliteit van onderwysersentrumaanbiedinge verhoog wanneer tersiêre personeel betrek word by aanbiedinge. Die onderwysers voel dat daar nuwe bloed ingevoer word wat entoesiasme in die hand werk. Universiteite en kolleges se dosente gee, deur lesings en werkgroepe wat hulle aanbied, professionele hulp aan onderwysers. Dosente kan in kontak met onderwysers op hulle vakgebied bly, en sodoende begrip ontwikkel vir die probleme van die onderwysers. Terselfdertyd kan dosente, wat meer kennis het van die jongste ontwikkeling op onderwysgebied, daardie kennis aan onderwysers oordra en kan die teenwoordigheid van dosente by die sentrum die belangstelling van die onderwysers in so 'n mate prikkel, dat hulle die aanbiedinge getrou sal bywoon (Van Wyk, 1981:69).

As in gedagte gehou word dat die meeste swart onderwysers ondergekwalifiseerd is, kan die koppeling van die onderwysersentrum aan 'n naburige onderwyskollege baie voordele inhou. Die professionele kennis van die dosent word dan op 'n gereelde basis na die onderwyser oorgedra, sodat die gedepriveerde leerling uiteindelik daarby baat. Addisionele fasiliteite en toerusting soos laboratoria, gimnasia, media-apparatuur en programmatuur is dan tot die beskikking van die onderwyser (Van Wyk, 1981:29).

"The departments of education within universities can offer valuable additional resources to teachers, and universities should certainly see the

provision of courses for teachers as part of their continuing responsibilities to public education."
(Porter, 1975:83.)

Om die onderwyser se betrokkenheid by die onderwysersentrumaktiwiteite te verseker en 'n goeie belegging daarin te maak, is dit vir die onderwysersentrumleier nodig om die skoolhoof se entoesiasme en ondersteuning te verkry. Zigarmi en Zigarmi (1979:256) doen 'n paar voorstelle aan die hand om die goedgesindheid van die skoolhoof te verkry:

- die skoolhoof moet ingelig word omtrent die volledige sentrumprogram en die doelstelling daarmee, die uitdeel van nuusbriewe, kalenders, plakkate en adverteer skyfieprogramme wat meer inligting aangaande die sentrumbedrywighede verskaf;

- gebruik bestaande nuusbriewe, bywoningsregisters en interessante posstukke om skoolhoofde van meer inligting te voorsien;

- stal resente werk van onderwysers uit wat by die sentrum voltooi is en onderwysmedia wat self deur hulle vervaardig is, sodat die skoolhoofde begin besef dat die sentrum fisies in die skool teenwoordig is;

- uitnodigings aan die skoolhoofde na geselIighede by die onderwysersentrum en bekendstellingseremonies;

- woon vergaderings van die skoolhoofde by op uitnodiging en nooi skoolhoofde uit om sentrumvergaderings by te woon as dit in hulle vermoë is;

- gebruikmaking van buite-ondersteuning om die skoolhoof se positiewe gesindheid te wen;

- doen spesiale moeite om nuwe skoolhoofde tuis te laat voel en die onderwysersentrum onder hulle aandag te bring;

- beplan om die skoolhoofde meer betrokke by sentrumaanbiedinge te kry en nooi hoofde uit om deel van die sentrumkomitee uit te maak;

- geskrewe bedankings aan skoolhoofde wat bydraes by die onderwysersentrum gelewer het;

- kry skoolhoofde betrokke by ander sentrums se hoofvergaderings waar hulle die tuissentrum se bedrywighede moet adverteer en verduidelik, en

- gee inligting aan die skoolhoofde van personeelontwikkelingsprojekte.

Kumalo (1987:1) het krities na die funksionering van Onderwysersentrum Kitsong gekyk en dit geëvalueer en tot die volgende gevolgrekkings gekom:

- onderwysers vind dat hulle indiensopleiding baie effektief is;

- onderwysers besef die waarde van interaksie en groepdinamika;

- onderwysers verkies aanbiedinge wat verband hou met die vakke wat hulle onderrig;

- daar is 'n wesentlike behoefte aan deskundigheid;

- daar kan nog meer gedoen word om ander onbetrokke onderwysers te laat besef hoe belangrik die indiensopleiding by die onderwysersentrum vir swart onderwysers kan wees, en

- onderwysers moet tot die besef gebring word dat onderwysomstandighede nie vanself verander as die onderwyser nie self iets daaromtrent doen nie.

Daar is onderwysers wat uiters bekwaam is en groot sukses op hulle vakgebied in die klaskamer behaal. 'n Onderwysersentrum bied aan hierdie onderwysers 'n geleentheid om hulle bo-gemiddelde vermoëns met

ander onderwysers te deel. Die onderwysersentrum funksioneer reeds om hierdie talente met ander kollegas te deel, en die hele masjinerie word by die sentrum in werking gestel om belewenisse met ander kollegas te deel (Morant, 1978:202).

Om die betrokkenheid van onderwysers by die onderwysersentrum te waarborg, moet daar eers 'n ontleding gemaak word van die leerprosesse wat by die volwasse onderwysers plaasvind. Weindling **et al.**, (1983:73-75) het dieper na die leerpotensiaal by onderwysers gaan kyk en tot die volgende slotsom gekom:

- volwassenes leer wanneer die doelstellings realisties en belangrik vir die leerder voorkom en as dit betrekking op sy werk het en onmiddellik praktiese voordele inhou;

- volwasse leerders moet onmiddellik die resultate op hul arbeid sien en akkurate terugvoering is van groot belang om vordering ten opsigte van neergelegde doelstellings te peil;

- wanneer nuwe vaardighede aangeleer word, mag daar vrees ontstaan vir eksterne beoordeling;

- vorige konsepvormings speel 'n baie groot rol by huidige leerprosesse, kennisvermeerdering, vaardighede, belangstellings en bevoegdhede;

- volwassenes wil graag betrokke wees by uitdagings wat die stel van doelwitte insluit, die keuse van inhoud, aktiwiteite en die evaluering van indiensopleidingsaktiwiteite. Onderwysers neem graag deel aan navorsing en opvoedkundige leeswerk;

- onderwysers sal 'n teenreaksie toon op leersituasies as hulle aanvoel dat daar 'n aanslag op hulle bevoegdhede gemaak word en hulle is geneig om voorskriftelikheid te verwerp;

- volwassenes verkies om op 'n nie-formele wyse waar sosiale interaksie kan plaasvind te leer, en

- volwasse leer word voortgestu deur indiensopleidingsaktiwiteite wat respek reflekteer en vertroue inboesem en empatie met die ondergekwalifiseerde leerder het.

Dit is vir die beginneronderwyser belangrik om ook in die funksie van die onderwysersentrum te deel, en om vas te stel waarom onderwysers sekere gesindhede openbaar. Beginneronderwysers moet ook ontdek hoe kinders die beste leer, watter hulpmiddels die mees effektiefste is, die invloed wat gedepriveerdheid op die leerlinge se gedrag en akademiese prestasie het, hoe ouers meer betrokke kan raak by hulle kinders se skoolloopbane en watter vrae kinders vra en hoe om dit te beantwoord. Beginneronderwysers sal 'n grondige kennis moet bekom om moeilike situasies te kan hanteer; verder sal aan vakdidaktiek, kritiese evalueringstegnieke en kurrikulumaspekte ernstig aandag gegee word. Beginneronderwysers is gewoonlik vol vertroue, entoesiasties en raak gou verveeld met suiwer teoretiese werk, daarom sal die sentrumaanbiedinge vir beginneronderwysers konstruktief en meer prakties van aard moet wees. Beginneronderwysers sal ook die belangrikheid van voortdurende opleiding moet besef. Die onderwysersentrum bied ook 'n sosiale voordeel vir die jong onderwyser waar hy met ander beginneronderwysers in aanraking kom en hulle kan gesels oor hulle eie unieke probleme en suksesse (Porter, 1975:87).

Die betrokkenheid by die onderwysersentrumaktiwiteite vind vrywillig plaas; daarom word onderwysers nie geëvalueer, vergoed of beloon met'n sertifikaat nie. Weindling et al., (1983:122) bied 'n insiggewende tabel waarin hy die onderwysersentrumbetrokkenheid tussen mans en dames en tussen primêre skole en sekondêre skole vergelyk (kyk tabel 4.2 bladsy 150.)

Hierdie tabel toon in die eerste reël dat 63 persent manlike laerskoolonderwysers apparaat by die sentrum kom uitneem het teenoor 35 persent dames, dan 43 persent laerskoolpersoneel teenoor 24 persent van die hoërskool. Weindling et al., se tabel bewys dat oor die algemeen die onderwysersentrum meer deur laerskoolonderwysers besoek was as deur hoërskoolpersoneel. Daar is ook die interessante verskynsel dat daar weinig verskil tussen die laer- en hoërskoolbetrokkenheid bestaan as dit gaan oor konsultering, die soeke na inligting, induksiekursusse vir beginneronderwysers of sosiale byeenkomste. Oor die algemeen gebruik mans die sentrum meer as dames wat daarop dui dat mans se belangstelling in die professie groter is ter wille van bevordering. Die dames se onbetrokkenheid dui dikwels op groter verpligtinge wat hulle tuis het.

Weindling et al., (1983:124) het ook nog 'n volgende belangrike tabel wat die bywoning van die verskeidenheid sentrumaktiwiteite deur onderwysbestuurders aantoon. (Sien bladsy 151.)

**TABEL 4.2** ONDERWYSERSENTRUMBETROKKENHEID VAN MANS EN DAMES VAN PRIMêRE EN SEKONDêRE SKOLE (Weindling **et al.**, 1983:122)

| | Primêr | | | Sekondêr | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | Alle onderwysers van die primêre skool | Manlik | Vroulik | Onderwysers van die sekondêre skool |
| | Persentasie van elke groep onderwysers | | | | | |
| Leen van apparaat | 63 | 35 | 43 | 26 | 22 | 24 |
| Gebruik dienste | 73 | 47 | 55 | 50 | 31 | 41 |
| Besoek uitstallings | 87 | 72 | 76 | 54 | 41 | 48 |
| Verkryging van inligting of advies van sentrum=personeel | 54 | 24 | 33 | 31 | 30 | 30 |
| Lesings/samesprekings | 87 | 76 | 79 | 57 | 49 | 53 |
| Vergaderings | 81 | 50 | 59 | 75 | 74 | 75 |
| Konferensies | 52 | 21 | 30 | 34 | 20 | 28 |
| Kursusse met beloning | 13 | 11 | 12 | 5 | 6 | 6 |
| Ander kursusse | 63 | 53 | 56 | 25 | 25 | 25 |
| Werkgroepe | 60 | 55 | 57 | 43 | 32 | 38 |
| Beginneronderwyser=vergaderings | 31 | 29 | 30 | 34 | 33 | 33 |
| Sosiale geleenthede | 31 | 25 | 27 | 23 | 23 | 23 |
| Aantal onderwysers | 100 | 238 | 338 | 382 | 314 | 696 |

Gegewens onbekend vir 18. Persentasies word nie uit 100 bereken nie, want meer as een aktiwiteit kon gemerk gewees het.

TABEL 4.5 BYWONINGSTATISTIEK VAN DIE ONDERWYSERSENTRUM DEUR ONDERWYSBESTUURDERS
(Weindling **et al.**, 1983:124)

| | Skoolhoofde | Adjunk=hoofde | Departe=mentshoofde | 03-Onder=wysers | 02-onder=wysers | 01-Onder=wysers |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Persentasie van elke groep onderwywers | | | | | |
| Leenapparaat/Bruikleenapparaat | 73 | 54 | 32 | 35 | 27 | 24 |
| Dienste gebruik | 79 | 62 | 59 | 50 | 50 | 33 |
| Uitstallings | 94 | 71 | 57 | 60 | 62 | 49 |
| Inligting/advies van sentrumpersoneel | 76 | 38 | 33 | 37 | 30 | 25 |
| Lesings/besprekings | 88 | 79 | 68 | 65 | 70 | 51 |
| Vergaderings | 85 | 81 | 80 | 84 | 70 | 58 |
| Konferensies | 82 | 58 | 47 | 39 | 24 | 15 |
| Kursusse met beloning | 12 | 10 | 7 | 8 | 11 | 6 |
| Ander kursusse | 67 | 42 | 43 | 32 | 38 | 30 |
| Werkgroepe | 73 | 63 | 54 | 51 | 48 | 31 |
| Beginneronderwyservergaderings | 18 | 17 | 21 | 15 | 34 | 44 |
| Sosiale geleenthede | 58 | 25 | 24 | 19 | 26 | 22 |
| Aantal onderwysers | 33 | 52 | 76 | 209 | 266 | 416 |

Persentasies werk nie presies op 100 uit nie, want meer as een aktiwiteit kon gemerk gewees het.

Hierdie tabel bewys dat onderwysers in bevorderingsposte baie meer betrokke is by sentrumaktiwiteite as onderwysers wat gewone poste beklee. Dit kan wees as gevolg van die hoër mate van erns wat daar by senioronderwysers is om beter onderwyseffektiwiteit te verkry in vergelyking met onderwysers wat nie bevorderingsposte beklee nie. Skoolhoofde se betrokkenheid vertoon persentasiegewys 'n laer profiel as byvoorbeeld dié van gewone onderwysers. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die werkbelading van skoolhoofde baie meer veeleisend is as die van onderwysers. Die grootste beswaar wat geopper word deur onderwysers weens hulle skraal betrokkenheid by die onderwysersentrumaanbiedinge, is verantwoordelikhede teenoor die huis en gesin en tweede in rangorde buitemuurse bedrywighede en vergaderings by skole. Derdens word genoem dat die onderwysersentrum nie altyd kursusse aanbied wat van toepassing is nie en vierdens word vervoerprobleme genoem.

"Many teachers said they had found centres very helpful, extremely useful. Many teachers said they thought INSET (in-service training) was valuable in order to keep up to date, refresh their ideas and stop stagnation."
(Weindling et al., 1983:144.)

Priselac en Priselac (1975:92) omlyn vyf hoofgroepe in die hiërargie van die onderwysbevolking wat by onderwysersentrums betrokke is:

- die departement van onderwys,

- inspekteurs en ander senioronderwyspersoneel verbonde aan kringkantore,

- personeel by skole,

- dosente by tersiêre inrigtings, en

- die lede van die onderwysersentrumkomitee.

Howe (1983:52) herinner net weer aan die realiteit dat die onderwysersentrum nooit al die onderwysers in sy voedingsgebied betrokke sal kry nie, want daar is altyd die wet van gemiddeldes. Dit is ook nie moontlik om almal te akkommodeer weens praktiese redes nie. Gewoonlik is die ledetal van 'n sentrum twee- na vierhonderd onderwysers.

"The centre does not claim the active participation of the majority of teachers in its large catchment. For those who do use it, and they are a substantial number, it provides a valued service."
(Howe, 1983:61.)

Soos alle ander mense is die onderwyser van swart leerlinge vry om met sy tyd te doen wat hy wil, maar as hy enigsins belangstel om sy professionele mondering meer effektief te laat funksioneer, sal hy by die indabakring van die onderwysersentrum aansluit. Fenwick (1982:34) noem die uitvalle wat onderwyserbetrokkenheid soms toon en waarmee die sentrumpersoneel mee verlief moet neem. Wanneer daar by die onderwysersentrum byvoorbeeld met 'n sekere projek begin word, is dit volgens die wet op gemiddeldes 'n normale verskynsel dat sommige onderwysers naderhand wegbly en belangstelling verloor. Hierdie uitvalle kan wissel vanaf vyftien tot veertig en meer persent. Hierdie drostery kom voor selfs tydens die mees interessantste werkgroepsessie en is 'n onvermydelike werklikheid wat aanvaar moet word. Al die onderwysers is nie altyd ernstig met die beroep wat hulle beklee nie. Hering (1979:85) is optimisties omtrent die werksaamhede by die onderwysersentrum en voel dat die blote bestaan van so 'n ondersteunende inrigting 'n riem onder die hart is. Peterson (1978:123-126) word ook nie ontmoedig deur bogenoemde uitvalle nie en noem die hardwerkende en entoesiastiese onderwysers wat selfs materiale skenk aan die onderwysersentrum, sodat hulpmiddelvervaardiging baat en baie onderwysers skenk vrywilliglik hul tyd en krag om die onderwys uit te bou.

#### 4.5.6 Die funksionering van indiensopleiding

##### 4.5.6.1 Praktiese opleiding eerder as teoretiese opleiding

Teoretiese aanbiedings by die onderwysersentrum vir swart onderwysers, veral die ondergekwalifiseerde onderwysers, gaan nie die gewenste effek hê nie. Gewoonlik gee onderwysers nie om as die indiensopleiding by die sentrum uit 'n teoretiese en praktiese komponent bestaan nie, alhoewel die praktiese werkgroepaanbiedinge die gewildste is. Sekondêre onderwysers sal meer vakkennisgeoriënteerd wees, terwyl die laerskoolonderwyser meer op praktiese idees wat in die klas toegepas kan word, sal konsentreer. Onderwysers glo nie aan 'ideale situasies' nie en verwerp sulke aanbiedinge, terwyl die meeste onderwysers erken dat hulle geweldig baie by kollegas leer tydens besprekingstye. Daar word ook besware ingebring dat die kursusbeskrywing wat van die sentrum af kom, nie altyd 'n getroue weergawe is van die werklike aanbieding nie (Weindling et al., 1983:58-50).

Onderwysersentra se indiensopleiding moet so verloop dat onderwysteorie en -praktyk nader aan mekaar beweeg, dat voordiensopleiding en indiensopleiding meer geïntegreerd raak en dat die skool en gemeenskap meer vervlegd raak. 'n Belangrike uitvloeisel hiervan is die kontak wat by die sentrum ontwikkel, tydens indiensopleidingskursusse waar studente, jong onderwysers, ervare onderwysers, dosente, ouers en kundiges van buite die skoolopset met mekaar in aanraking kom en nuwe kennis oor 'n wye gebied uitruil (Van Wyk, 1981:50-53).

'n Goeie voorbeeld van praktiese indiensopleiding is rolvertolking en simulasietegnieke. 'n Sentrum het byvoorbeeld die kollig op ongedissiplineerde leerlinge in sekondêre skole laat val en die kursusleiers was universiteitsdosente van die opvoedkunde- en dramafakulteite. Rolvertolking is deur die dramadosent gedoen sodat die toeskouers die gedrag van ongedissiplineerde leerlinge beter kon

waarneem en die motiewe daaragter beter kon verstaan. Na die simulasietegniek is daar geleentheid vir groepsbesprekings gegee. Daar was ook 'n video-opname van die rolvertolking en die terugvoeringsgesprekke ná die groepsbesprekings gemaak, asook die opvoedkundedosent se insiggewende leiding, sodat dit later weer by die sentrum se indiensopleiding aan ander onderwysers gebruik kon word as die dosente miskien nie weer beskikbaar is om die volgende aanbieding te herhaal nie. Onderwysers het tesame met die dosente tot gevolgtrekkings gekom en het die praktiese rolvertolking en simulasietegniek hoog aangeskryf. Onderwysers het na hierdie praktiese aanbieding die gekompliseerde situasie van ongedissiplineerde leerlinge en hoe om hulle te hanteer baie beter verstaan (Weindling **et al.**, 1983:56).

**4.5.6.2 Kursusaanbieders by indiensopleidingsaktiwiteite van die onderwysersentrum**

In swart onderwysersentrums sal daar met indiensopleiding meer na kwaliteit van aanbiedinge as na kwantiteit gekyk moet word, en uit die aard van die saak sal kursusse meer begeleidend van aard moet wees. Om mense sinvol vir 'n uur besig te hou kos baie goeie voorbereiding, want die inhoudelike van die program is baie belangrik. Kursusaanbieders sal dus hierin 'n baie groot verantwoordelikheid moet dra. Die vakinspekteur het 'n belangrike rol as kursusaanbieder te speel. By die onderwysersentrum kan die inspekteur sy onderwysers leer ken en met takt toesien dat daar reg geskied aan sy vak sonder om voorskriftelik te raak. Die horisontale benadering geld steeds omdat die neutraliteit van die sentrum altyd voorop gestel moet word. Die oomblik wat die inspekteur by die onderwysersentrum se deur instap, laat hy sy rang buite en binne geld die verhouding van kollega teenoor kollega. Die inspekteur kan die jongste opwindende benaderinge in die vak aan die onderwysers bekendstel. Lesvoorbeelde kan op mikro-onderwysvlak deur vakspesialiste aangebied word gepaard met praktiese demonstrasies,

waarby veral ondergekwalifiseerde onderwysers baie baat kan vind (Jordaan, 1987).

Universiteits- en onderwyskollegedosente neem dikwels kursusse by die onderwysersentrum waar, en lewer sodoende 'n kosbare diens aan die sentrum, omdat hulle op die hoogte van die nuutste navorsingsresultate en onderwystegnologie is (Harty, 1984a:19).

Die spektrum is redelik wyd, as na aanbieders van programme by die onderwysersentrum gekyk word. Ervare onderwysers kan self die leiding by aanbiedinge neem, skoolhoofde kan belangrike aanbiedinge reël of gee, adjunkhoofde en departementshoofde kan met vrug ook kursusse aanbied, omdat hulle van die mees ervare onderwysers is. Verder kan ouers ook aan indiensopleiding deelneem omdat opvoeding nie net in die skool plaasvind nie, maar ook binne die ouerhuis, en daar is dalk 'n belese ouer wat baie waardevolle kennis met die onderwysers kan deel. Medici, paramedici, veeartse, argitekte, tegnici, prokureurs, aptekers, persone in fabrieke en persone by ontspanningsfasiliteite kan by die onderwysersentrumaanbiedinge betrek word as die regte inisiatief net na vore kom (Apelman, 1979:158; Van Wyk, 1981:48; Weindling et al., 1983:59; Schenker, 1979:281).

Moontlike aanbieders van kursusse kom onder die aandag deur verwysings, selfaanmeldings of die sentrumleier neem kennis uit gesprekke met kundiges van programleiers wat elders of by buursentrums opgetree het.

#### 4.5.6.3 Inhoud en metodes van aanbiedinge by die swart onderwysersentrum

Die metodes van aanbieding by die onderwysersentrum wissel baie om aan al die versoeke van onderwysers te voldoen en om geïdentifiseerde probleme te probeer oplos. Die groepdinamiese metode wen egter veld

omdat dit prakties van aard is en oor die algemeen die meeste sukses daarmee ervaar word, veral met die oplossing van studiegroepprobleme. Baie studieleiers is nog onervare in die hantering van groepdinamika en val dikwels nog na die lesingmetode toe terug. Kennisuitbreiding en kruisbestuiwing vind die heel beste met groepwerk plaas, want die onderwyser reageer natuurlik en ontspanne sonder dat hy voel dat iets op hom af forseer word.

Dit is nie deel van die onderwysersentrumbenadering dat 'n formele lesing deur 'n departementele amptenaar gegee word, terwyl die onderwysers passief moet sit en luister en alles moet absorbeer nie. Studiegroepleiers by die swart onderwysersentrum sal vind dat die groepdinamiese metode die beste uitwerking op die kursusgangers sal hê. Dit is ook 'n goeie idee as die studiegroepleiers eers self 'n groepdinamikakursus by die onderwysersentrum deurloop, voordat hulle die leiding neem. Tydens so 'n seminaar moet die potensiële groepsleiers praktiese uitvoering gee aan die groepmetode sodat hulle eers die gevoel daarvan ondervind. Groepdinamiese metodes sluit 'n verskeidenheid aanbiedinge in, byvoorbeeld dinkskrums, paneelbesprekings, die forum, die simposium, die rolvertolkingsmetode en vele ander (Jordaan, 1987).

Zigarmi en Zigarmi (1979:244-249) noem 'n paar nuwe idees vir kursusse by die onderwysersentrum tydens indiensopleiding:

- nuwe benaderingsmetodes ten opsigte van probleemoplossing;

- eksplorering en ontwikkeling van materiale om in hulpmiddelvervaardiging in die klaskamer te gebruik;

- interessante wyses van groepwerk sodat onderwysers met dieselfde belangstellings kennis en vaardighede kan uitruil;

- kurrikulumontwikkelingsprojekte word aangepak om die onderwyser meer effektief in sy vakaanbieding te maak;

- onderwysbestuurslede ondergaan opleiding aangaande menseverhoudinge en hoe om 'n beter bestuurstyl te openbaar, asook personeelontwikkelingsmetodes word met bestuurslede gedeel;

- oriënteringsaanbiedinge vir beginneronderwysers word gereël, en

- daar word ook praktiese demonstrasies gegee wat die onderwyser 'n beter greep op sy eie lesaanbiedingsmetodes gee.

"Teamwork also helps teachers to be supportive of each other. Sharing a new process while it is being attempted builds confidence. Teamwork reduces fear of failure,for it demonstrates that other teachers also have problems."
(Taba en Elkins, 1969:264.)

Tydens verskillende begeleidinge by die sentrum verbeter kwalitatiewe aanbiedinge en metodologie. Die sentrumkursusse wil die swart onderwyser help om selfkonsep te aktualiseer en hoe hy die kind tot selfaktualisering kan bring. Die kruks van die saak is om effektiwiteit by die onderwyser te verhoog, en kursusse en sentrumaanbiedinge moet hiervoor aangewend word. Daar word gepoog om alle fasette van die onderwys by die sentrum te dek. In die breë beskou, is baie onderwysers in die RSA ondergeskoold. Baie onderwysers in tegniese vakke kom uit die privaatsektor om weer skool te hou. Die onderwysersentrum bied vir hulle didaktiese aanbiedinge aan hoe om byvoorbeeld die leermoment te laat slaag. Aanbiedinge by die sentrum vind plaas wat opvoedkundige betekenis vir leerlinge kan hê, byvoorbeeld "Selfkonsep en selfaktualisering tot akademiese prestasie".

Die filosofie en talente van aanbieders by die onderwysersentrum het al baie nuwe idees van noodsaaklike programme na vore laat kom waarop voortgebou is en baie sukses behaal is. Ander bronne waaruit idees vir aanbiedinge na vore gekom het, is uit telefoongesprekke, spontane gesprekke met suksesvolle onderwysers, posnavrae aan skole, biblioteke, universiteite, museums, ander onderwysersentrums, vraelyste, koffiedrinksessies, etegesprekke en onderhoudvoering. Idees het ook

gekom uit persoonlike kontak met afgetrede onderwysers, sentrumleier se eie ondervindinge, sakekontakte, gesprekke met sentrumkomiteelede, tydskrifartikels en koerantberigte, televisie en besoeke op uitnodiging aan die onderwyser se klaskamer (Johnston en Walker, 1979:122-123).

Martin en Keenan (1979:151-153) onderstreep die volgende belangrike kriteria wat die groepsdinamika tot suksesvolle ontplooiing kan bring:

- onderwysers sal positief ingestel wees teenoor deelname aan werkgroepsessies as die vryheid van keuse nog altyd by die onderwyser self lê;

- sinvolle inhoud en duidelik omlynde doelstellings waarborg die sukses van groepwerk;

- aktiewe deelname van onderwysers is baie belangrik;

- die programaanbieder van werkgroepe moet dinamies en opreg entoesiasties wees, want dit is aansteeklik;

- werkgroepseminare bied genoeg tyd aan die deelnemers om self te ondervind en te belewe;

- die keuse van die tyd van die dag of seisoen is uiters belangrik, want vermoeide of belaaide onderwysers kan nie hulle beste lewer nie;

- opvolgwerk nadat die groepwerkseminaar plaasgevind het, is soos water vir 'n plant;

- die sielkundige invloed van die omgewing op die leerder of kursusganger se gemoed moet nooit gering geag word nie en spanning weens 'n evalueringsaksie moet geweer word;

- die ego van die onderwyser is belangrik; daarom moet onderwysers ook belangrik voel en help met die oorspronklike beplanningsfase en leerinhoudkeuse;

- as die onderwyser die werkgroepaanbieding met 'n self vervaardigde model kan verlaat wat hy in die klaskamer kan gaan gebruik, was die aanbieding meer effektief;

- die grote van werkgroepe is belangrik, want daar kan met honderd deelnemers sukses behaal word, maar as persoonlike kontak verlang word en intieme interaksie moet plaasvind, is sewe tot tien deelnemers voldoende, en

- die fisiese omgewing is ook belangrik: beligting, klankbesoedeling, temperatuur, akoestiek en visuele steurnisse kan subtiele effekte hê wat ongewens is.

Die aanbieding by 'n sentrum kan soveel aandag trek dat dit selfs op televisie gebeeldsend kan word. In Brittanje was daar by 'n onderwysersentrum 'n projek by die een onderwysersentrum in 1982 afgehandel wat gehandel het oor 'Skoolweerstand by kinders' en onderwysers het soveel baat daarby gevind, dat die effek uitgekring het tot op massamediavlak (Howe, 1983:52).

Die voertaal van programaanbieders in die onderwysersentrum vir swart onderwysers is Engels, maar die onderwyser besit die vryheid om sy probleme in Afrikaans, Engels of sy eie moedertaal te bespreek. Die taal van die programleier is en bly egter Engels (Jordaan, 1987).

Auerbach (1981:15) het 'n paar oorspronklike voorstelle vir onderwysersentrumaanbiedinge: kinders met perseptuele probleme, deurbraak met literatuurstudie, persoonlike menseverhoudinge in die primêre skool, menseverhoudinge in die hoërskool. Verder noem Auerbach ook eenvoudige fotografie, kursus in kitaar, studiemetodes, meetkunde in die laerskool, voëlstudies, kommunikasiekunde, musiekuitvoerings en wiskundeverslagkaarte.

As die leerinhoude en tipes aanbiedinge en kursusse wat by die onderwysersentrum plaasvind, saamgevat moet word, lyk dit soos volg: besprekingsgroepe, werkgroepe, werkwinkels, informele besprekings,

opleiding in die selfhantering van apparaat, gebruik van videobande en televisiefasiliteite. Verder kan simposiums, besoeke, uitstallings, mikroönderrig met gebruikmaking van geslotebaantelevisie, effektiewe klankskyfieprogramproduksie, kamerawerk, klankvermenging, grafiese werk en programredigering genoem word. Bestuurseminare (menseverhoudinge, merietebepaling, kantoororganisasie, administrasie, motivering, die skoolrooster, buitemuurse programsamestelling en vaktoekennings aan onderwysers), nasien en evalueringstegnieke, eksamenvraagbanke, afrigting (sport, drama, debat, eisteddfod, koor, orkes, skaak en trompoppies)kan bygevoeg word. Verdere leerinhoude en tipes aanbiedinge is aspekte wat bespreek kan word: die fisiese- en geesteswerbaarheidsprogram, selfevalueringsoefeninge en die peiling van standaard, konferensies, samekomste en beginneronderwysers, sosiale byeenkomste en opknappingskursusse vir praktiserende onderwysers. Laastens word massadeelname aan sport en natuurbewaringsaksies bygevoeg (Weindling et al., 1983:49; Howe, 1983:57; Van Wyk, 1984:18).

**4.5.6.4 Die belangrike rol van evaluering in die funksionering van die onderwysersentrum**

Saam met die aanbieding word daar 'n vraelys (kyk figuur 4.3) aan die deelnemers uitgedeel wat deur die onderwysers aan die einde van die kursus voltooi moet word. Sodoende kan die onderwysersentrumpersoneel wysigings aan die aanbiedinge van programme aanbring. Die vorm kan soos volg lyk:

FIGUUR 4.3 VRAELYS : REAKTOR (Louw, 1987)

Evalueer asseblief die program en plaas die vormpie in die geel houer na afloop van die geleentheid

1. PROGRAMGEHALTE

| Swak | Gemid= deld | Goed | Baie goed | Uit= ste= kend |
|---|---|---|---|---|
| * | * | * | * | * |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |

2. PROGRAMTOEPASLIKHEID

| Swak | Gemid= deld | Goed | Baie goed | Uit= ste= kend |
|---|---|---|---|---|
| * | * | * | * | * |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |

3. VOORSTELLE VIR VERDERE PROGRAMME:

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

4. NAAM en BESONDERHEDE van moontlike PROGRAMLEIER, indien bekend:

------------------------------------------------------------

Die evaluasievorm soos die volgende tabel aandui, voorsien die sentrumpersoneel van belangrike inligting:

TABEL 4.4 INLIGTING VANAF EVALUASIEVORM (REAKTORVORM) (Louw, 1987.)

Swak Gemiddeld Goed Baie Goed Uitste=kend

* * * * *

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1982 | 29 | 12 | 15 | 27 | 123 | 172 | 373 | 609 | 432 | 133 |
| 1983 | 13 | 7 | 21 | 25 | 71 | 86 | 167 | 301 | 256 | 391 |
| 1984 | 2 | 7 | 19 | 48 | 86 | 165 | 347 | 522 | 443 | 809 |
| 1985 | 1 | 4 | 10 | 34 | 60 | 148 | 299 | 457 | 503 | 771 |
| 1986 | 4 | 2 | 4 | 26 | 50 | 85 | 209 | 333 | 402 | 451 |
| Tot: | 49 | 32 | 69 | 160 | 390 | 656 | 1 395 | 2 222 | 2 036 | 2 555 |

Hieruit word afgelei dat 71% van die toetsgroep, wat gedurende die afgelope 5 jaar op die formaat, inhoud en gehalte van ons programme gereageer en geëvalueer het, bo 8 uit 10 daaraan toegeken het. Vir 1986 het 74,4% ons programme bo 8 uit 10 geplaas.

Hering (1979:82) identifiseer verskillende metodes van evaluering, want daar moet in aanmerking geneem word dat evaluasie vanuit 'n definitiewe perspektief geskied:

- 'n filosofiese perspektief op evaluering sal weet watter voordele die sentrumaanbieding ingehou het;

- 'n wiskundige evaluering sal toets hoeveel onderwysers die aanbieding bygewoon het en watter persentasie dit verteenwoordig van die totale onderwysbevolking in die opvanggebied;

- gesien vanuit 'n organisatoriese ontwikkelingsperspektief sal die evaluering weer wentel om die vraag of die onderwysersentrumaanbiedinge bydra tot 'n verbeterde skoolklimaat en koöperatiewe vernuwingstrategie;

- finansiële evaluering sal weer toets of die indiensopleiding van onderwysers by die onderwysersentrum meer ekonomies verloop as by 'n alternatiewe inrigting, en

- individuele evaluasie sal op die onderwyser self gerig wees wat wil weet of sy deelname aan die onderwysersentrumprogram enige waarde het in verhouding met die tyd wat hy bestee.

Patton (1978:157) sien evaluering weer vanuit die perspektief van die onderwysersentrumpersoneel, want hy voel dat die sentrumpersoneel, en nie net die kursusgangers alleen nie, ook die indiensopleidingsprogramme met die volgende tipe vrae moet evalueer:

* Vir wie word die kursus aangebied?

* Wat beoog die onderwysersentrum om op die onderwysers uit te oefen?

* Watter veranderinge moet plaasvind by onderwysers ten opsigte van onderrigbenadering, menings, kennis, bekwaamhede en optrede?

* Watter kriteria sal gebruik word om die onderwysers se veranderinge te toets na die onderwysersentrumaanbieding?

- Wat is die kriteria vir sukses of mislukking?

- Watter programaktiwiteite gaan aangebied word om die onderwysers te verander en watter prosesse gaan die onderwyser onderhewig aan wees?

- Wat is die verband tussen dit wat die kursus tot stand bring en dit wat die doelstellings voor die kursus was?

- Wat gaan volgende gedoen word?

- Wat het die aanbieders van die kursus geleer? Watter program gee rigting?

## 4.6 FASILITEITE BY DIE ONDERWYSERSENTRUM

Die fisiese struktuur behoort nie die belangrikste oorweging vir die daarstelling van 'n onderwysersentrum te wees nie, want daar kan byvoorbeeld van bestaande geriewe gebruik gemaak word. Die onderwysersentrum het besondere waarde vir swart onderwysers, want hulle word gemotiveer deur die kruisbestuiwing wat daar plaasvind. Wanneer die onderwysersentrum begin, moet verwag word dat die sentrum eers net met die heel nodigste fasiliteite toegerus word. Hierdie basiese fasiliteite sal 'n lesinglokaal insluit of verkieslik 'n saal, 'n kombuis, toiletgeriewe, 'n ontvangslokaal wat gerieflik ingerig is waar onderwysers kan ontspan, drie of vier groeplokale wat gebruik kan word vir groepbesprekings en wat sal beteken dat meer as een aanbieding per middag gereël kan word. Daar behoort ook 'n afrol- of masjienkamer te wees en genoeg stoorruimte vir afrolpapier en skoonmaakmateriaal. Later kan 'n mediakamer bykom met uitstalruimte vir boeke en tydskrifte en 'n hulpmiddelvervaardigingslokaal (Jordaan, 1987).

Oudiovisuele hulpmiddels en basiese toerusting is essensieel: tikmasjien, 'n goeie fotokopieerder, 16mm-rolprentkamera, skyfieprojektor, bandmasjien, truprojektor, natrektafels, luidsprekerstel en skryfborde.

Die luukser artikels is nie dringend aan die begin nie, maar later kan 'n rekenaar, 'n televisiestel, videomasjien, televisiekamera en monitorskerm aangekoop word soos die behoefte dit bepaal. Wanneer die skole van elektriese krag voorsien word, sal laasgenoemde apparaat nodig word.

"Your space is your face - it can be friendly and inviting or aloof and impersonal. Like the expression on your face, decor of the teacher centre determine visitors' first impression and strongly influence whether they return."
(Seager, 1979:107.)

Dit sal 'n groot wins vir die onderwysersentrum inhou as die kombuis ook met restourantfasiliteite toegerus kan wees om in die sosiale behoeftes van onderwysers te voorsien, en ook voorsiening te maak vir besoekers wat van ver af kom (Van Wyk, 1981:54). Parkeerplek is ook belangrik sodat sentrumgangers die gemoedsrus het dat hulle voertuie veilig is. Geboue se beligting, ventilasie, akoestiek en spasie moet ook nie uit die oog verloor word nie. As dit moontlik so beplan kan word, moet die sentrum naby openbare vervoergeriewe geleë wees omdat baie onderwysers daarvan afhanklik is.

Dikwels deel onderwysersentrums fasiliteite met ander instansies as geboue nie onmiddellik beskikbaar is nie. Sentrums deel soms die geboue van laerskole, hoërskole, kolleges vir verdere opleiding, tegniese kolleges, universiteite, onderwyskolleges of inrigtings vir volwasse onderwys. Onderwysersentrums deel soms fasiliteite van nie-onderwysinstansies soos byvoorbeeld die departement van welsyn, die inkomstebelastinggeboue, sielkundige dienste of remediëring. Daar bestaan gemengde gevoelens, in verband met die deling van fasiliteite by onderwysersentrumleiers en die ander betrokkenes. Die sentrumpersoneel wat die heel gelukkigste was met die deling van fasiliteite, was dié wat met onderwyskolleges gedeel het. Die personeel van die onderwysersentrums wat geriewe met onderwyskolleges gedeel het, het hulle voordele onder drie hoofde aangedui (Weindling et al., 1983:37):

- **Materieel** het die onderwysersentrum gebaat omdat die kollege se fotokopieertoerusting baie meer funksioneel as die sentrum s'n is; daar was ook toegang verleen tot die gimnasium, sale, kunsafdeling, kafeteria en ander geriewe en die mediasentrum was ook tot die onderwysersentrum se beskikking gestel.

- **Fisiese hulp** het gekom van tegnici, instandhoudingsamptenare, opsigters en telefoniste.

- **Die sosiale** voordele was legio: daar het heelwat professionele onderskraging van die kollegedosente uitgegaan, aangesien die sentrumleiers soms geïsoleerd voel, het die nabyheid van ander professionele personeel baie tot die verdwyning van hierdie isolasie bygedra (Weindling et al., 1983:37).

Seager (1979:113) stel voor dat 'n permanente kaart waarop vlaggies vasgepen word met onderwysers se adresse en name daarop teen die sentrummuur aangebring kan word. Sodoende kan onderwysers wat na aan mekaar woon en die sentrum besoek met mekaar in aanraking kom.

## 4.7 GEVOLGTREKKINGS

Indien die krisis in swart onderwys as 'n lewenswerklikheid aanvaar word en daadwerklike pogings gaan aangewend word om dit op te los, sal die eerste prioriteit op die aksielys die dilemma van die onderwyser wees. Ongeveer vyf en tagtig persent van die onderwysers in swart onderwys is ondergekwalifiseerd vir die poste wat hulle beklee, en dit veroorsaak 'n gaping tussen die leerling en die onderwyser, omdat onderwys nie ten volle kan realiseer nie.

Onderwys en opvoeding vorm 'n lotsbeslissende deel van die toekoms van die swart mense in die RSA en vervul 'n geweldige kragtige voorbereidende funksie om die jeug tot verantwoordelikheid en

volwassenheid te lei. Die defekte in die swart onderwyser se professionaliteit en onderrigmondering word gemanifesteer in die swak matriekuitslae, swak skoolprestasie van leerlinge in die primêre en sekondêre skole, skooluitvalle, die lae selfbeeld van die swart leerling en die demotiverende toekomsverwagting van die jeug.

Die wêreld stu voort in 'n duiselingwekkende wedren van tegnologiese veranderinge en kennisontploffing, terwyl die onderrigleersituasie van gedepriveerde leerlinge in die RSA nog meer gedepriveerd geraak het. Dispariteit het swart onderwys se agterstand verder vergroot en minderwaardigheid in die hand gewerk. Die probleem wat die swart onderwysstelsel verder versomber, is die onkundigheid van onderwysers om in die huidige tydsgewrig beroepsleiding aan hul leerlinge te gee. Die onderwysers slaag ook nie daarin om daadwerklike opvoeding te gee om fisiese- en geestelike weerbaarheid te verwerklik nie; weens 'n gebrek hieraan kan die swart kind nie volledig en gebalanseerd met 'n gevestigde waardesisteem ontwikkel nie. Uiteindelik moet die swart kind as volwasse burger, ook help bou aan 'n gemeenskaplike vaderland.

Die teenwoordig wees van twee hoofkulture: die Afrika-kultuur en die Westerse kultuur asook die leerlingtalontploffing in die RSA het bygedra tot die radikale metamorfose in swart mense se waardesisteme. Die tradisionele seremoniële stamopvoeding moes plek maak vir die inisiasie in 'n verwesterde samelewing waar individualiteit, verantwoordelikheid en nuwe eise van welvoeglikheid geld, en 'n direkte invloed op die swarte se onderwysstelsel gehad het. Die swart onderwyser is nie bevoeg, weens sy eie onvermoë en ondergekwalifiseerdheid om oorgangsgemeenskappe in 'n nuwe aanpassingsperiode te begelei nie. Die swart onderwyser is nie volledig toegerus om die stedelike leerling te help vorm en lei om by 'n tegnologies- ontwikkelende samelewing in te skakel nie.

'n Nuwe onderwysstruktuur waar alle rassegroepe gelyke onderwysgeleenthede en voorregte kan geniet, is in die RSA nodig. Dit moenie net as goeie voornemens op papier geskryf staan nie, maar moet tot uitvoer gebring word. In die Vaaldriehoek waar daar bykans 'n

honderd skole in Sharpeville, Sebokeng, Boipatong, Parys en Sasolburg is, met 'n swart inwonertal van 318 295 en 'n swart leerlingtal wat op 90 000 geraam word, is professionele hulp op onderwysgebied 'n dringende werklikheid. Hulp is veral nodig om aan die eise van 'n industriële gemeenskap te voldoen. Die onderskeid word al hoe meer beklemtoon tussen die produk wat die swart hoërskole lewer teenoor die kwaliteit wat die industrie vereis.

Die onbevredigende skolastiese prestasie van swart leerlinge, soos in ander dele in die RSA, het ook in die Vaaldriehoek sedert die einde van 1984 toenemend verswak. Ten spyte van die onderbrekings in die skoolprogramme, skryf leerlinge hulle swak prestasie steeds toe aan swak opgeleide onderwysers en 'n ontoereikende onderwysbedeling.

## 4.8 AANBEVELINGS EN TOEKOMSVERWAGTINGE

Die sleutelfiguur in die krisis van swart onderwys is die swart onderwyser, en hy vorm die belangrikste element in die soeke na oplossings. Die sensitiewe rol van die onderwyser moet volledig ondersoek word, om te probeer vasstel of daar voldoen word aan die hoë verwagtings wat die onderwysprofessie aan hom stel. Hierdie ondersoek het ook ten doel gehad om na die kwalifikasies van swart onderwysers in die besonder te kyk en bevind dat ongeveer 85% onderwysers ondergekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee; daarom val die hoofaanbeveling op die indiensopleidingsaspek van die swart onderwyser.

Uit die bevindings van hierdie ondersoek, word die volgende aanbevelings gemaak:

4.8.1 Aangesien dit die onderwyser is wat die kind moet lei na 'n bepaalde vlak van geletterdheid, is die mees essensiële aanbeveling die dáárstelling van onderwysersentra in elke streek van die Departement Onderwys en Opleiding. Hierdie streke is:

Hoëveld, Johannesburg, Noord-Transvaal, Oranje-Vaal, Oranje-Vrystaat, Natal en Kaapprovinsie. Dit is die hele RSA. Hierdie stap sal in die onmiddellike toekoms geneem moet word, anders gaan die agterstand wat die swart leerling het, net verder vergroot. So gou as moontlik na die vestiging van sentra in elke kring, sal die hoeveelheid sentra vermeerder moet word om alle swart onderwysers in elke kring in die RSA te akkommodeer sodat daar nie oorbevolking by sentra plaasvind nie. (Vergelyk paragraaf 3.4.)

4.8.2 Die volgende aanbeveling is dat sinvolle indiensopleidingsprogramme by die onderwysersentrums vir swart onderwysers opgestel moet word. Hierdeur sal hulle effektiwiteit in die klaskamer verhoog en hulle vakkennis sal op standaard gebring word. Hiermee gaan gepaard die nuutste metodologiese ontwikkelinge. Aanvangsindiensopleiding by die swart sentrum sal dus praktiese begeleiding wees met die oog op verbetering van vakkennis. Die onderwyser is egter sy eie opleier, wat sal beteken dat studiegroepkomitees self hulle behoeftes sal identifiseer, en hulle eie programbeplanning vir indiensopleiding sal inisieer. Die onderwysersentrum is die onderwyser se laboratorium waar hy kan eksperimenteer met nuwe idees om sy eie persoonlikheid in die gebruik van die kurrikulum in te vleg. (Vergelyk paragraaf 3.5.1 tot 3.5.7.)

4.8.3 Daar kan by elke onderwysersentrum vir swart onderwysers 'n volledige aanbieding gereël word om onderwysers op te lei om 'n professionele kennis van gedepriveerdheid te bekom. Verder moet daar pogings aangewend word om swart leerlinge se verwysingsraamwerk te vergroot, hulle denkpatrone te ontwikkel, die leerlinge se selfbeeld te versterk en 'n positiewe toekomsperspektief by hierdie leerlinge te kweek. Fisiese en geestesweerbaarprogramme kan met vrug hierby ingeskakel word, sodat swart onderwysers die leerlinge volledig voorberei om volwassenheid met verantwoordelikheid te bereik. (Vergelyk paragraaf 2.2.9 en 3.8.)

4.8.4 'n Belangrike aanbeveling is dat daar by die onderwysersentrum indiensopleiding vir diensdoenende onderwyseresse in pre-primêre fase en junior primêre skoolonderwyseresse gegee word vir die korrekte identifisering van skoolgereedheid, want een van die grootste probleme is dat daar baie kinders in laerskole toegelaat word wat nie skoolryp is nie en dan word die brugperiode na die primêre skool vir hierdie kinders 'n traumatiese ervaring. (Vergelyk paragraaf 2.2.6.)

4.8.5 Oorweging kan geskenk word aan verpligte indiensopleiding of verdere opleiding, veral, in gevalle waar onderwysers glad nie gekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee nie. (Vergelyk paragraaf 3.5.1 tot 3.5.7 en 2.2.3.)

4.8.6 Die onderwysersentrum kan 'n kardinale plek beklee in die indiensopleiding van swart onderwysers, aangesien die meeste onderwysers geen voordiensopleiding ontvang het om krisissituasies te hanteer in die huidige tydsgewrig nie. Hulle kan ook onderlê word in die hantering van leerlinge as daar politieke onrus in die gebied is en hoe leerlinge intimidasie kan absorbeer. (Vergelyk paragraaf 3.5.3.)

4.8.7 Die meeste swart skole in die Vaaldriehoek het nie gevorderde tegnologiese en media-apparaat nie en omtrent geen laerskool het die voorreg van elektrisiteit in hierdie gebied nie. Die onderwysersentrum sal dus 'n waardevolle diens lewer deur al hierdie moderne apparaat aan die onderwysers te demonstreer en aan hulle die geleentheid te bied om dit self te hanteer. Op die wyse kan hulle op die hoogte kom van die funksionering daarvan en hoe dit gebruik word tydens lesaanbiedings in die klaskamer. (Vergelyk paragraaf 3.6.)

4.8.8 Vervolgens moet onderwysbestuurslede verkieslik ook indiensopleiding by die onderwysersentrum ondergaan om effektief leiding aan ander onderwysers te kan gee. Daar is bevind dat baie swart skoolhoofde nie in die minste onderlê is vir die

verantwoordelike leierstaak wat op hulle wag as nuut aangestelde skoolhoofde nie. (Vergelyk paragraaf 3.5.3.)

**4.8.9** Aangesien die meerderheid swart onderwysers nie oor 'n noodsaaklike boekery beskik nie, word die volledige inskakeling by 'n Suid-Afrikaanse bibliografiese en inligtingsnetwerk aanbeveel sodat landswye toegang tot 'n gemeenskaplike gerekenariseerde bibliografiese datastelsel by biblioteke en inligtingsentrums verkry kan word. (Vergelyk paragraaf 3.6.)

**4.8.10** Die onderwysersentrum in elke kring sal kan eksperimenteer om gemeenskapsdiens te lewer en byvoorbeeld die ouer van die swart leerling meer betrokke te kry by die skolastiese prestasie van hulle kinders en die verbetering van fasiliteite by die skole deur met fondsinsameling te help. (Kyk paragraaf 3.11, 3.12 en 2.2.10.)

**4.8.11** Onderwysersentrums moet so spoedig moontlik hul konsulterende funksie uitbou en verwerklik, sodat onderwysers met professionele probleme die vrymoedigheid sal hê om dit by die onderwysersentrum met die hoof of 'n personeellid te bespreek en dat daar ook kundiges beskikbaar sal wees op alle vakgebiede om sinvolle vakkundige advies te kan gee. (Kyk paragraaf 3.7.)

**4.8.12** Die fisiese struktuur van die sentrum behoort nie die belangrikste oorweging vir die daarstelling van 'n onderwysersentrum te wees nie, maar oudiovisuele hulpmiddels en ander toerusting is essensieel: tikmasjien, afrolmasjien, 'n goeie fotokopieerder, skyfieprojektor, bandmasjien, truprojektor, 16mm-rolprentkamera en -projektor, natrektafels, luidsprekerstel, skryfborde en 'n guillotine. Wat baie ongerieflik en onwenslik is, is die feit dat die onderwysersentrum in Sebokeng sonder 'n telefoon funksioneer. Kommunikasie met skole en ander opvoedkundige en tersiêre inrigtings is van uiterste belang in die suksesvolle funksionering van 'n sentrum. (Vergelyk paragraaf 4.6.)

4.8.13 Die sentrumhoof moet verkieslik op posvlak vier of vyf aangestel word, omdat hierdie persoon met inspekteurs, dosente, skoolhoofde, kundiges van buite die onderwysopset en ook met senior onderwysers en onderwysers moet skakel en respek en samewerking op diplomatiese wyses moet verkry. Posvlak twee is nie voldoende vir hierdie veeleisende en uiters belangrike leiersposisie nie. (Vergelyk paragraaf 4.4.2.1.)

4.8.14 By die onderwysersentra in die Vaaldriehoek vir swart onderwysers moet gekonsentreer word om deur middel van indiensopleiding die vak Liggaamlike Opvoeding en die kundigheid van sportafrigting te promoveer. Tydens onderhoude met swart skoolhoofde en kringinspekteurs in die Vaaldriehoek, het hierdie aspek 'n groot leemte geblyk te wees. (Vergelyk paragraaf 2.3 en 3.5.6.)

4.8.15 Indiensopleiding by die Vaaldriehoeksentra moet gerig wees daarop om sinvolle vryetydsbesteding by swart leerlinge te bevorder en om onderwysers te motiveer om smiddags ook bemoeienis met leerlinge te maak. Dit is 'n sterk aanbeveling. Tydens die onluste het dit aan die lig gekom dat leerlinge hul vrye tyd op 'n passiewe en negatiewe wyse deurbring. (Vergelyk paragraaf 2.3.)

4.8.16 Kommunikasie moet bevorder word tussen leerling en onderwyser, tussen leerling en skoolhoof, tussen onderwysers en skoolhoofde deur middel van indiensopleiding by onderwysersentra wat wenke aan die hand gee. (Kyk paragraaf 2.2.2.)

4.8.17 Indiensopleidingskursusse wat by die onderwysersentrum aangebied word, om onnodige skoolverlating te bekamp deur middel van spesiale motiveringstegnieke is belangrik. Kinders wat byvoorbeeld skool verlaat weens finansiële druk, kan leiding ontvang van watter metodes gebruik gemaak kan word om sakgeld te verdien en vir eie studies te betaal. (Kyk paragraaf 2.2.5.)

4.8.18 Die verbetering van taal, veral Engels, om die leerlinge se taalagterstand in te haal is essensieel. Die onderwysersentrum kan velerlei wenke aan die hand doen by indiensopleiding van metodes wat swart onderwysers kan aanwend om taalbedrewenheid by leerlinge te bekom. (Vergelyk paragraaf 2.2.6 en 3.5.7.)

4.8.19 Die laaste aanbeveling handel oor die onderwysersentrum se taak om swart onderwysers op te lei om hul leerlinge se selfbeeld op te bou en aan hulle 'n vooruitstrewende toekomsverwagting te besorg. (Vergelyk paragraaf 2.2.7 en 3.8.)

## 4.9 SAMEVATTING

Probleme wat 'n gaping tussen die swart onderwyser en die leerlinge veroorsaak, kan opgelos word deur middel van goedbeplande indiensopleidingskursusse by die Vaaldriehoekse onderwysersentra. Die swart leerlingtalontploffing veroorsaak 'n wanbalans in leerling-onderwyserverhouding wat dus in oorvol klasse eindig was die eerste geïdentifiseerde probleem. (Vergelyk paragraaf 2.2.1.) Sinvolle indiensopleiding kan die onderwyser weerbaar maak sodat hy na 'n besoek/e so 'n moeilike situasie die hoof kan bied. (Vergelyk paragraaf 3.5.1 tot 3.5.7.)

Die tweede probleem handel oor kommunikasiegapings tussen leerlinge en onderwysers, leerlinge en skoolhoofde en onderwysers en skoolhoofde. (Vergelyk paragraaf 2.2.2.) Die kursusse by die Vaaldriehoekse onderwysersentra behoort kommunikasie te verbeter tussen die bogenoemde partye by primêre en sekondêre swart skole. (Vergelyk paragraaf 3.5.1 tot 3.5.7.)

Die derde probleem wys op die posisie van die swart onderwyser en sy ondergekwalifiseerdheid. (Kyk paragraaf 2.2.3.) Die Vaaldriehoekse onderwysersentra kan swart onderwysers toerus om hulle effektiwiteit te

verhoog en opvoedende onderwys in swart skole te operasionaliseer. (Vergelyk paragraaf 3.5.1 tot 3.5.7 en 3.6 tot 3.12.)

Die vierde probleem wat 'n gaping tussen die swart onderwyser en sy/haar leerlinge veroorsaak, is die verwerping van dissipline deur swart leerlinge. (Kyk paragraaf 2.2.4.) Opbouende gesagsleiding is nie aangebore nie, derhalwe kan onderwysers heel moontlik hierdie bevoegdheid by die onderwysersentrumaanbieding bekom. (Vergelyk paragraaf 3.9.)

Vyfdens was daar die probleem genoem van kinders wat onnodiglik vroeg die skool verlaat as on- of halfgeletterdes. (Vergelyk paragraaf 2.2.5.) Met die regte motivering van die onderwyser se kant behoort leerlinge gretig te wees om hulle skoolopleiding te voltooi. Onderwysers sal hierdie tegniek heel moontlik by die Vaaldriehoekse onderwysersentra tydens indiensopleiding kan bekom. (Vergelyk paragraaf 4.8 en 3.8.)

Die sesde geïdentifiseerde probleem is 'n gaping tussen die swart onderwyser en sy/haar leerlinge waarvan die oorsaak is dat leerlinge 'n geweldige taalagterstand het ten opsigte van veral Engels en dikwels nie skoolgereed is met aanvangsonderrig nie. (Vergelyk paragraaf 2.2.6.) Die onderwysersentrum se indiensopleiding kan baie goeie taalvaardigheidsonderrigtegnieke aan die swart onderwyser verskaf en deur middel van toepaslike kursusse kan leiding gegee word aan junior primêre onderwyseresse hoe om korrekte identifisering van skoolgereedheid aan te wend. (Vergelyk paragraaf 4.8 en 3.5.7.)

Die sewende probleem is die lae selfbeeld wat baie swart leerlinge het en hul swak toekomsverwagting. (Vergelyk paragraaf 2.2.7.) Die onderwyser moet kompenseer vir gedepriveerdheid. (Vergelyk paragraaf 1.1.7.6.) Onderwysers kan die leerlinge se besef van eie waarde ophef as hulle by die onderwysersentrum op 'n informele wyse met ander kollegas met dieselfde probleme gesels. (Vergelyk paragraaf 3.8 en 3.5.5.)

Die Agste probleem tussen die onderwyser en leerlinge in swart onderwys is die hoë druippersentasies op skole en die afname in leerlingtalle wat universiteitstoelating verkry. (Vergelyk paragraaf 2.2.8.) Die onderwysersentra in die Vaaldriehoek kan ondergekwalifiseerde onderwysers met 'n betere vakkennis toerus, asook verbeterde onderwysmetodologie wat grotendeels verligting in hierdie probleemgebied behoort te bring. (Vergelyk paragraaf 3.5.6 en 3.5.4 en 3.6.)

Die negende probleem is swart leerlinge se gedepriveerdheid (Kyk paragraaf 1.1. 7.6) en die onderwyser se onbegrip om hulle suksesvol op te lei. (Vergelyk paragraaf 2.2.9.) Waardevolle insette kan deur die Vaaldriehoekse onderwysersentra gemaak word deur middel van leiding en indiensopleiding, die onderwyser toe te rus met begrip en effektiewe benaderingswyses. (Vergelyk paragraaf 3.8.)

Die tiende geïdentifiseerde probleem wat 'n gaping tussen die onderwyser en die swart leerling veroorsaak, is die onbetrokkenheid van die leerlinge se ouers. (Vergelyk paragraaf 2.2.10.) Die onderwysersentra kan meer ouerbetrokkenheid bevorder deur middel van gemeenskapsontwikkeling en sosiale aanbiedinge. (Vergelyk paragraaf 3.11 en 3.12 en 4.4.3.5.)

Die onderwysersentra in die Vaaldriehoek kan groot verligting bring in die heersende krisis in swart onderwys as goed beplande kursusse aangebied word wat toegespits is op die besondere probleme wat onderwysers ondervind wat 'n gaping tussen hulle en die leerlinge veroorsaak.

Met bogenoemde gegewens is voldoen aan die drie doelwitte, naamlik:

- om vas te stel met watter probleme die onderwyser mee te kampe het wat daartoe lei dat 'n verwydering tussen hom en die swart leerling plaasvind;

- om riglyne te stel hoe die onderwyser beter toegerus kan word, ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys, vakkennis, professionele effektiwiteit, persoonlikheidsontwikkeling,

menseverhoudinge, kultuuraktiwiteite en buitemuurse afrigting om sodoende sy onderwysverantwoordelikhede te operasionaliseer en genoemde verwydering teen te werk en

- om duidelik omlynde aanbevelings te maak ten opsigte van die funksionering van, en programme vir indiensopleiding by onderwysersentra vir swart onderwysers in die Vaaldriehoek.

## HOOFSTUK 5

### 5.1 SLOTSOM

Die aktuele probleem wat geïdentifiseer is, is die probleem wat die swart onderwyser in die Republiek van Suid-Afrika ondervind, naamlik dat daar 'n gaping tussen hom en die leerling bestaan. (Vergelyk paragrawe 1.1.6; 2.1; 2.2.3 en 2.3.) Die hedendaagse kennisontploffing en vinnige veroudering van kennis noop die swart onderwyser om opnuut oor sy eie bekwaamheid en toerusting te besin. 'n Té groot persentasie van hierdie onderwysers (94,6% ) word as on- of ondergekwalifiseerd beskou vir die poste wat hulle by swart skole beklee.

Die drie hoofprobleemstellings lui dus:

* Watter faktore dra by tot die verwydering tussen onderwysers en leerlinge in swart onderwys?

* Hoe kan die onderwyser van swart leerlinge sy professionele effektiwiteit verhoog en sy vakkennis verbeter?

* Watter aanbevelings kan gemaak word vir die indiensopleiding van swart onderwysers in die Vaaldriehoek en hoe moet hierdie indiensopleidingsentrums vir opvoedende onderwys (vergelyk paragraaf 1.1.7.3) aan swart leerlinge tot hulle volle potensiaal ontwikkel? (Vergelyk paragraaf 1.1.6.)

Die doel met dié ondersoek is dus om vas te stel met watter probleme die onderwyser te kampe het wat 'n verwydering veroorsaak tussen hom en die swart leerling. Die tweede doel is om riglyne te stel hoe die onderwyser by 'n onderwysersentrum beter toegerus kan word ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys, vakkennis, professionele effektiwiteit, persoonlikheidsontwikkeling, menseverhoudinge, kultuurak-

tiwiteite en buitemuurse afrigting om sodoende sy onderwysverantwoordelikhede te operasionaliseer en genoemde verwydering teen te werk. Die derde doelstelling is om duidelik omlynde aanbevelings, ten opsigte van die funksionering van en indiensopleiding by onderwysersentra vir swart onderwysers in die Vaaldriehoek en ook aanbevelings vir verdere navorsing te maak. (Vergelyk paragraaf 1.1.8.)

Die navorsingsmetode word grootliks gebaseer op 'n literatuurstudie en onderhoudvoering. Benewens primêre bronne oor die Suid-Afrikaanse onderwyskrisis is ook in 'n groot mate van sekondêre bronne soos boeke, tydskrifartikels en koerantberigte gebruik gemaak. Weens die sensitiwiteit rondom onderhoudvoering en die poste wat hulle beklee, het die meeste amptenare versoek dat hulle nie direk aangehaal mag word nie. (Vergelyk paragraaf 1.1.9.)

Die terrein wat afgebaken is, is die Vaaldriehoek. Die Vaaldriehoek sluit in Vereeniging, Meyerton, Sasolburg, Parys en Vanderbijlpark. Die konsentrasiepunt in hierdie bogenoemde terrein is swart skole veral in Sharpeville, Sebokeng, Evaton en Biopatong. (Vergelyk paragraaf 1.1.7.5.)

In die Vaaldriehoek bestaan dieselfde bogenoemde probleem in swart onderwys, waar ongeveer 3 000 praktiserende onderwysers by sowat 100 skole onderrig gee aan 90 000 leerlinge. (Vergelyk paragrawe 1.1.6; 1.1.7.2 en 2.3.) Skoolverlaters in Sebokeng, Sharpeville, Boipatong, Sasolburg, Parys en Meyerton voldoen grotendeels nie aan indiensnemingsvereistes wat die privaatsektor en industrieë in die Vaaldriehoek aan werknemers stel nie. Baie applikante om werk is té jonk om die verlangde diens te lewer.

Die verwydering tussen leerlinge en hul onderwysers in swart onderwys is ook in die Vaaldriehoek 'n lewenswerklikheid en word deur 'n aantal faktore of probleme veroorsaak. Eerstens is daar die probleem wat hierbo genoem is, naamlik dat 'n groot persentasie swart onderwysers ondergekwalifiseerd is vir die poste wat hulle beklee. (Vergelyk

paragrawe 1.1.3; 1.1.6; 1.1.7.7; 2.2.3 en 2.3.) Soos in ander dele van die Republiek van Suid-Afrika het die onbevredigende skolastiese prestasie van swart leerlinge ook in die Vaaldriehoek sedert die einde van 1984 toenemend verswak. (Vergelyk paragrawe 1.1.6; 2.2.8 en 2.3.) Die derde probleem van die swart onderwyser wat 'n verwydering tussen hom en die leerlinge veroorsaak, is die leerlingbevolkingsontploffing wat oorvol klasse en minder individuele aandag en remediëring in die hand werk. (Vergelyk paragrawe 1.1.3 en 2.2.1.)

Die verwydering tussen onderwysers en swart leerlinge word verder geïntensiveer deurdat die meeste swart leerlinge gedepriveerd is. Dit bemoeilik die taak van die onderwyser aansienlik, aangesien hierdie leerlinge akademiese vertraging openbaar, dissiplineprobleme veroorsaak, meesal skoolversuimers is, kortstondige konsentrasievermoë besit en op 'n vroeë ouderdom die skool verlaat. (Vergelyk paragrawe 1.1.4; 1.1.7.6; 2.2.4; 2.2.5; 2.2.7; 2.2.9 en 2.3.) 'n Vyfde probleem is die lae selfbeeld wat die meeste swart leerlinge besit wat gepaard gaan met 'n gevoel van minderwaardigheid. Swart leerlinge se toekomsverwagting is ook meesal negatief, omdat die leerlinge bewus is van die plafon wat bokant hul toekomsverwagtings is. Die sesde probleem wat 'n verwydering tussen onderwysers en leerlinge in swart onderwys veroorsaak is gebrekkige skoolgereedheid wat vroeë hoë druippersentasies in die primêre skool tot gevolg het. In die Vaaldriehoek bestaan 'n algemene agterstand in taalvaardigheid by swart leerlinge veral ten opsigte van Engels en Afrikaans, wat dikwels tot gevolg het dat leerlinge hul ondergekwalifiseerde onderwysers daarvoor blameer. Daar is byvoorbeeld 'n groot groep swart leerlinge uit Sebokeng wat elke Saterdag ekstra klasse in Johannesburg in Engels gaan loop, omdat hulle nie vorder by hulle eie onderwysers nie. (Vergelyk paragrawe 2.2.3 - 2.3.)

Die agste geïdentifiseerde probleem wat 'n gaping veroorsaak tussen die swart onderwyser en leerlinge is die kommunikasiegapings in swart onderwys. Die klagte bestaan dat skoolhoofde en onderwysers moeilik genader kan word deur leerlinge wat probleme ervaar. 'n Verdere probleem wat die krisis in swart onderwys aksentueer is die vroeë

skoolverlating wat 'n ernstige aanklag rig tot alle swart onderwysers. Laastens kan ook die probleem van oueronbetrokkenheid genoem word ten opsigte van die onderrig wat kinders op skool ontvang. Die swart ouer staan totaal geïsoleerd en het feitlik deurgaans geen belang by die skool waarin sy kind is nie. (Vergelyk paragrawe 1.1.4; 2.2.10 en 2.3.) Hiermee is die eerste navorsingsdoelstelling bereik, naamlik om vas te stel met watter probleme die swart onderwyser te kampe het wat 'n verwydering veroorsaak tussen hom en die leerling.

Die oplossing wat deur hierdie navorsing voorgestel word, wat ten doel het om die probleme in swart onderwys in die Vaaldriehoek op te los is die onmiddellike stigting van onderwysersentra as indiensopleidingsentra, aangesien een van die hoofgebreke die on- en ondergekwalifiseerdheid van die meeste swart onderwysers is. Ongeveer vyf en tagtig persent swart onderwysers ± 3 500 onderwysers in die Vaaldriehoek wat by benadering 3 000 onderwysers is, is ondergekwalifiseerd. (Vergelyk paragrawe 1.1.6; 1.1.7.7; 2.2.3 en 2.3.) Die wêreld stu voort in 'n duiselingwekkende wedren van tegnologiese vordering en kennisontploffings, terwyl die onderrigleersituasie van swart leerlinge in die RSA nog steeds ernstige probleme het.

Indiensopleiding by onderwysersentra in die Vaaldriehoek kan die swart onderwyser se effektiwiteit in die klaskamer verhoog en vakkennis kan volgens die nuutste metodologie aangepas word. 'n Onderwysersentrum kan help om te beantwoord aan die behoefte van elke onderwyser, om op die voorpunt van die kennisontploffing te bly, en op die hoogte te bly van die nuutste tendense in die onderwysberoep. (Vergelyk paragrawe 1.1.2.1; 1.1.5; 3.3; 3.5.1 en 3.5.4.)

Die gedagte van die onderwysersentrum is gevestig op die grondslag dat die onderwyser 'n behoefte daaraan het om sy kennis uit te brei, dat die onderwyser 'n behoefte daaraan het om sy probleme op professionele vlak met ander kollegas te bespreek en dat kundighede dikwels op 'n nie-formele wyse uitgeruil kan word. Die hoofidee is dat die sentrum daar is met die doel om opleiding vir die onderwyser, deur die onderwyser en tot die onderwyser te laat geskied. Die onderwyser is dus sy eie

opleier en die onderwysersentrum is die laboratorium waar die onderwyser kan eksperimenteer met nuwe idees om sy eie persoonlikheid in die toepassing van die kurrikulum in te vleg. Die onderwyser voel geborge by die sentrum waar isolasie tussen onderwysers verdwyn en kameraadskap ontstaan tussen kollegas van verskillende skole. (Vergelyk paragrawe 1.1.5; 1.1.7.4; 3.2.5.2; 3.5.1; 3.5.6; 3.7 en 3.8.)

Daar is 'n groot behoefte aan indiensopleiding in swart onderwys in die Vaaldriehoek wat 'n dinamiese streek in Transvaalse onderwysopset vorm, met 'n sterk industriële inslag en 'n groot swart bevolking. Die onderwysersentrum vervul 'n baie belangrike rol om onderwysers op te lei om met hedendaagse krisissituasies, veeleisende beroepsverwagtinge, diplomatiese menseverhoudings, gedepriveerde agterstande, politieke onrus, swak selfbeeldprojeksies en ongemotiveerde volwassewordendes op professionele wyse gemoeid te raak. Die begrip indiensopleiding by die onderwysersentrum behels dus die verdere ontwikkeling van die diensdoende onderwyser om op praktiese onderwysvlak, persoonlike akademiese kennisvlak en op professionele bevoegdheidsvlak meer effektiwiteit te bekom. (Vergelyk paragrawe 1.1.7.1; 1.1.7.4; 3.3; 3.4; 3.5.4 en 3.7.)

Die sinvolheid van indiensopleidingskursusse is van die grootste belang, anders demotiveer dit die onderwyser wat van sy tyd afgestaan het om na die sentrum toe te kom vir verbetering van sy professionalisme. Swartmense is in hul wese gevoelsmense, en om suksesvolle indiensopleiding te laat geskied, is dit noodsaaklik om eers die onderwysers in die sentrum se opvanggebied se vertroue te wen en op 'n gemaklike, informele wyse met hulle te kommunikeer en hulle belangstelling in die sentrumopset te prikkel. Dit is nodig om die swart onderwyser te erken as 'n menswaardige, gelykgeskape wese en hulle belangrik te laat voel. Indiensopleiding moet stimulerend wees en op die praktiese en die ouditiewe gerig wees, maar aan die visuele moet besondere aandag gegee word. Daarna sal die onderwysers hulself met die sentrum begin identifiseer en sal toegewydheid en betrokkenheid die vrug op die menswaardige beginsel en koöperatiewe waardes wees. (Vergelyk paragrawe 3.3; 3.5.1; 3.11 en 4.5.5.)

Onderwysbestuurslede benodig ook indiensópleiding om effektief leiding aan ander onderwysers te kan gee, om krisissituasies te kan hanteer, om verstandige besluitneming te kan doen en om sistematiese probleme op te los. Onderwysbestuurslede het 'n behoefte om bevoegdheid in toesighoudende hoedanigheid te bekom, om 'n persoonlike leierskapstyl te ontwikkel, om sensitiwiteit te ontwikkel vir die dinamika van kommunikasie, hoe om groepwerk aan te moedig en hoe om personeellede te motiveer. (Vergelyk paragrawe 3.5.1; 3.5.2 en 3.5.3.) Daar is deur navorsers in die Vaaldriehoek bevind dat baie swart skoolhoofde nie in die minste voorbereid is vir die verantwoordelike leierstaak wat op hulle wag nie, omdat hulle nie die nodige opleiding daarvoor ontvang het nie (Vergelyk paragraaf 3.5.3.)

Die onderwysersentrum vorm 'n kulmunasie van professionele kundiges om veral die gebrekkige akademiese vakkennis van die oorgrote meerderheid swart onderwysers aan te vul en hulle sodoende beter toe te rus op hulle onderskeie vakgebiede. In enige beroep is volgehoue professionele groei baie belangrik en in die onderwysprofessie is dit lotsbeslissend. Die onderwysersentrum leen hom ideaal daartoe om swart onderwysers in die Vaaldriehoek met akademiese kennis toe te rus, asook om onderwysers te motiveer tot selfstudie en ware professionele groei. (Vergelyk paragrawe 1.1.7.4; 3.3; 3.4 en 3.5.4.)

Die onderwysersentrumaanbiedinge stimuleer ook persoonlike groei in 'n onderwysmilieu. Swart onderwysers moet selfvertroue hê, selfrespek, selfdissipline, deursettingsvermoë, lewensvisie en hulle moet geloof hê in dit wat hulle aanpak. Die ontwikkeling van 'n lewens- en wêreldbeskouing en 'n persoonlike lewensfilosofie is essensieel vir die onderwyser van swart leerlinge om opvoedende onderwys suksesvol te laat plaasvind. (Vergelyk paragrawe 1.1.2.3; 3.4 en 3.5.5.)

'n Groot leemte wat in die Vaaldriehoek tydens onderhoude geïdentifiseer is, is dat daar weens onkunde weinig liggaamlike opvoeding en sportafrigting by swart skole plaasvind. Die onderwysersentra in hierdie streek kan hierdie vak promoveer en die vakinspekteur as kundige persoon kan waardevolle kursusse aanbied of inisieer. Buitemuurse

aktiwiteite by swart skole verdien ook aandag en indiensopleiding is dringend noodsaaklik om onderwysers te motiveer om meer betrokke te raak en smiddags ook 'n opvoedkundige bydrae te lewer. (Vergelyk paragrawe 2.3 en 3.5.6.)

Die onderwysersentra in die Vaaldriehoek het ook 'n belangrike taak om die gebrekkige skoolvoorligting en beroepsleiding aan swart leerlinge op standaard te bring. Daar sal veral aandag aan persoonlikheidsvoorligting, opvoedkundige voorligting en dan veral beroepsvoorligting gegee moet word tydens indiensopleidingskursusse. (Vergelyk paragrawe 2.3 en 3.5.6.) Onderwysersentra kan ook leiding gee aan onderwysers in verband met die hantering van oorvol klasse en hoe remediëring kan operasionaliseer.

Huidig vind tegnologiese ontwikkeling so snel plaas dat onderwysers geneig is om verouderd en tradisioneel te bly. Die onderwyser van swart leerlinge moet die verantwoordelikheid op homself neem om vernuwingsrigtings te eksploreer en op die voorpunt van ontwikkeling te bly. Onderwystegnolgoie is reeds op 'n gevorderde stadium en onderwys in die toekoms in die RSA sal al hoe meer kennis op hierdie gebied van die onderwyser vra. Die Vaaldriehoekse onderwysersentra sal kursusse moet beplan vir onderwysers van gedepriveerde leerlinge om die onderwyserskorps se onderwysmetodologie in korrelasie met onderwystegnologie te bring. (Vergelyk paragrawe 3.1; 3.5.4 en 3.5.6.)

Die meeste swartmense het 'n beperkte taalvaardigheid en Afrikaans en Engels is vir die meeste van hulle 'n derde of vierde taal of vreemde tale. Swart leerlinge toon uitvalle in luisterpotensiaal en vokaalstimulasie ontbreek en gebrekkige sinkonstruering kom voor. Baie swart onderwysers (85%+) is ondergekwalifiseerd in die aanbieding van die RSA se twee hoof landstale. (Vergelyk paragraaf 2.3.) Die onderwysersentrum kan taalonderrigkursusse aanbied om die swart onderwyser te onderlê in wat aan leerlinge geleer moet word. Dit moet gedoen word in relasie tot die leerlinge se verwysingsraamwerk en om hul gebrekkige taalvaardigheid uit te bou. (Vergelyk paragrawe 2.2.6; 2.3; 3.5.2; 3.5.6 en 3.5.7.)

'n Primêre taak van onderwysersentra in die Vaaldriehoek sal wees om onderwysers professioneel toe te rus met kundigheid oor hoe om gedepriveerde leerlinge te onderrig en op te voed. Om suksesvolle onderwys en opvoeding aan swart leerlinge te laat geskied, is dit nodig dat die onderwyser voldoende agtergrondskennis van gedepriveerdheid opdoen, ook gesien in die lig van hul verwestering en die ongebondenheid van die samelewing. (Vergelyk paragrawe 2.2.3; 1.1.7.6; 2.2.9; 2.3; 3.8; 3.9 en 3.10.)

Gedepriveerde swart leerlinge toon meesal 'n akademiese agterstand en presteer gewoonlik onder hul vermoë, hulle het 'n beperkte taalkode, 'n swak verwysingsraamwerk, is dikwels rusteloos met 'n kort aandagspan. Gedepriveerde leerlinge is emosioneel onstabiel en onvoorspelbaar, is outisties georiënteerd, hulle toon konseptuele uitvalle, kry nie die regte dieët en genoeg slaap nie en kom in opstand teen enige dissiplinêre maatreël. Die swart onderwyser moet kennis neem van hierdie kenmerke van leerlinge en moet by die onderwysersentrum oplossings gaan soek om gedepriveerde leerlinge op te hef deur simpatieke gesagsleiding en opbouende tug. Dusdoende kan die leerlinge in hul uniekheid en hul beperkinge gelei word tot 'n gelukkige, goed aangepaste, gebalanseerde volwasse lewe. (Vergelyk paragraaf 1.1.2.2.)

Die Vaaldriehoekse onderwysersentra kan ook 'n bydrae lewer tot gemeenskapsontwikkeling in die woonbuurtes en om ouerbetrokkenheid by swart skole aan te spoor. Die sentra kan as koppelpunt tussen skool en gemeenskap dien. (Vergelyk paragraaf 3.12.)

Hierdie swart leerlinge moet 'n sterk selfbeeld ontwikkel, 'n doelgerigte toekomsperspektief bekom, respek hê vir die eie kultuur, maar ook vir die ander volke in die land se kulture, verantwoordelikheid help dra en hulle moet ook 'n ewigheidsvisie bekom om sin te gee aan alles wat hier op aarde plaasvind. (Vergelyk paragrawe 1.1.2.2; 3.3 en 3.8.) Aansluitend by bogenoemde kristalliseer die onderwysersentrumdoelstellings uit wat oplossings vir probleme in swart onderwys help soek.

Hiermee is voldoen aan die tweede navorsingsdoelstelling, naamlik om riglyne te stel hoe die onderwyser by 'n onderwysersentrum beter toegerus kan word. Beter toegerus ten opsigte van Christelike opvoedende onderwys, vakkennis, professionele effektiwiteit, persoonlikheidsontwikkeling, menseverhoudinge, kultuuraktiwiteite en buitemuurse afrigting om sodoende sy onderwysverantwoordelikhede te operasionaliseer en genoemde verwydering teen te werk.

Indien die krisis in swart onderwys as ' lewenswerklikheid aanvaar word, sal 'n daadwerklike poging aangewend moet word om dit op te los. As eerste prioriteit sal aandag geskenk moet word aan die behoorlike en effektiewe funksionering van die onderwysersentra in die streke van die Departement van Onderwys en Opleiding. Hierdie streke is Noord-Transvaal, Oranje-Vaal, Oranje-Vrystaat, Natal, Kaapprovinsie, Johannesburg en die Hoëveld. Vaaldriehoeksentra sal ressorteer onder Oranje-Vaal. (Vergelyk paragraaf 3.4.)

Daar is 'n dringende behoefte aan onderwysersentra vir swart onderwysers in die Vaaldriehoek. Indiensopleiding by hierdie sentra moet so gou as moontlik 'n aanvang neem om onderwysers se vakkennis te verbeter en onderwyseffektiwiteit te verhoog. (Vergelyk paragrawe 3.5.1., 3.5.4 en 3.6.)

Vaaldriehoekse swart onderwysersentra behoort 'n eiesoortige sentrumfilosofie uit te bou wat by die geïndustrialiseerde denkklimaat aaneenskakeling vind. Verder sal aanpassings gemaak moet word om 'n eie onderwysstyl te ontwikkel en 'n modus operandi gevolg moet word om aan die samelewing se behoeftes te voldoen. Die hele gedagte agter die filosofie van die Vaaldriehoekse onderwysersentra vir swart onderwysers is om deur middel van effektiewe, opvoedende rigtinggewende, verantwoordelike onderwys die swart leerling voor te berei om sy plek as volwasse burger van die RSA in te neem en te help bou aan 'n gemeenskaplike vaderland. (Vergelyk paragrawe 1.1.2.3; 3.4; 3.8; 3.10 en 4.2.)

Behoeftebepalinge word in onderwysersentra se voedingsareas gedoen deur onderwysersentrumleiers - personeel en - verteenwoordigers. Kursusbeplanning en indiensopleidingsprogramme word deur studiegroepe en vakkomitees aangepas om geïdentifiseerde behoeftes wat onderwysers ervaar te bevredig. Die sentrumleier word ondersteun deur 'n onderwysersentrumkomitee en stel 'n sinvolle jaarprogram op wat die belangrikste onderwysindiensopleidingsaspekte vir sy gebied akkommodeer. Onderwyserbetrokkenheid sal gewaarborg wees as kursusse sinvol beplan word en prakties eerder as teoreties verloop. (Vergelyk paragraaf 4.5.6.1.)

Goed geordende dokumentasie moet gehou word onder toesig van die sentrumhoof, sodat historiese feitemateriaal opgebou kan word en perspektief op die hede en verlede behou word. Dokumentasie bevorder ook evaluasie van aanbiedinge en omlyn doelstellinge beter. 'n Reaktorvorm word deur onderwysers na aanbiedinge ingevul sodat onderwysersentrumpersoneel verbeteringe in die programaanbiedinge kan aanbring en sodoende die kwaliteit van indiensopleiding verhoog. (Vergelyk paragrawe 4.5.3 en 4.5.6.4.)

Die Vaaldriehoekse onderwysersentra vir swart onderwysers sal suksesvol funksioneer as daar duidelik geformuleerde doelstellings nagevolg word. Die hoofdoelstelling sal moontlik wees om die krisis in swart onderwys te help oplos deur middel van indiensopleiding van ongeveer tagtig persent ondergekwalifiseerde onderwysers in die Vaaldriehoek sodat die swart leerling die beste kan ontvang wat die onderwysstelsel kan bied. Die formulering van doelstellings en die navolging daarvan gee 'n beter insig in die langtermyn- en korttermyndoelstellings van die sentra, bevorder kontinuïteit, gee geleentheid om prioriteite te stel en perspektief te behou. (Vergelyk paragrawe 3.4; 3.5.1; 4.3 en 4.5.3.)

Die onderwysersentrumleier is 'n baie belangrike sleutelfiguur in die suksesvolle funksionering van die onderwysersentrum. Die leier bepaal die rigting waarin die indiensopleiding en sentrumaanbiedinge geloods word. Die leier moet 'n diensbare mens georiënteerde mens wees wat oor 'n goeie organisasievermoë beskik en 'n aangename persoonlikheid het.

Onderwysersentrumhoofde behoort op posvlak vier of self vyf aangestel te word om hierdie verantwoordelike en veeleisende taak met sukses te kan vervul. (Vergelyk paragrawe 4.4.2.1 en 4.4.3.1.)

Onderwysersentrumkomiteelede, verteenwoordigers, vakkomiteelede, biblioteekkomiteelede en onderwysers behoort almal aan die belangrike taak en roeping van die swart onderwysersentra te bou om die professie uit te bou en opvoedende onderwys aan swart leerlinge ten volle te laat operasionaliseer. Die Vaaldriehoekse onderwysersentrum sal suksesvol funksioneer as die onderwysers in die voedingsarea die sentrumaktiwiteite steun en toegewyd betrokke bly om hul eie effektiwiteit te verbeter en hul vakkennis op standaard te hou. (Vergelyk paragrawe 3.4 en 3.5.4.)

Onderwysersentra dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika behoort gereeld te kommunikeer sodat kruisbestuiwing van onderwysidees kan plaasvind. Dit het ook noodsaaklik geword dat swart onderwysers meer effektief en gemotiveerd moet wees om die swart kind voldoende vir sy toekoms voor te berei. Die Republiek van Suid-Afrika verkeer in 'n dinamiese tydsgewrig in die geskiedenis van die mensdom en die volle potensiaal van die kennisrewolusie moet ontgin word, om ineen te skakel met tegnologiese ontwikkeling. (Vergelyk paragrawe 1.1.2.1 en 3.5.4.)

Die hoofgedagte lê opgesluit daarin dat elke swart leerling in die Republiek van Suid-Afrika opvoeding en onderwys sal ontvang van gekwalifiseerde en gemotiveerde onderwysers. Die swart leerling moet 'n sinvolle toekomsverwagting en 'n sterk selfbeeld koester en glo dat wat hulle op skool doen hulle ideale kan help verwesenlik. Laastens is dit ook belangrik dat die swart leerling se opvoedende onderwys (vergelyk paragraaf 1.1.7.3) 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing sal bevat om hom ook voor te berei vir sy uiteindelike bestemming. (Vergelyk paragrawe 1.1.1; 1.1.6 en 4.2.)

Deurdat duidelik omlynde aanbevelings gemaak is ten opsigte van die funksionering van, en indiensopleiding by onderwysersentra vir swart onderwysers in die Vaaldriehoek is die derde navorsingsdoelstelling gedeeltelik bereik. Ten einde die derde navorsingsdoelstelling volledig

te bereik, word aanbevelings vir verdere navorsing in paragraaf 5.3 gemaak.

## 5.2 BEPERKINGE VAN HIERDIE NAVORSING

* Daar is weinig literatuur beskikbaar oor die krisis in swart onderwys in die RSA, en byna geen inligting oor 'n onderwysersentrum vir swart onderwysers nie. Daar bestaan geen boek, skripsie of verhandeling of tydskrifartikel in die RSA of in oorsese lande oor die swart onderwysersentrum nie.

* Daar kon nie onbepaald met onderhoudvoering aangehou word nie, want ver afstande moes afgelê word en dit is tydrowend en duur. Onderhoude is onder andere by Hazyview, Kimberley, Soshanguve, Sebokeng, Ikageng te Potchefstroom, Germiston, Vereeniging en in Meyerton gevoer.

* Weens die poste wat amptenare, inspekteurs, onderwysersentrumhoofde, assistent-direkteure, rektore van onderwyskolleges, skoolhoofde, senior amptenare in die privaatsektor en onderwysers beklee, wou baie nie direk aangehaal word in die verwoording van hierdie ondersoek nie.

* Baie literatuurstudie wat gedoen is in verband met onderwysersentra in Amerika, Groot-Brittanje, Japan en Australië is nie relevant vir onderwysersentra in swart onderwys hier te lande nie.

## 5.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

* 'n Interessante gebied vir navorsing sal wees om die indiensopleiding by onderwysersentrums te vergelyk met dié van onderwysers by ander inrigtings en met voordiensopleiding by onderwyskolleges. Daar kan ook na die invloed van onderwysersentrums op onderwys in die algemeen gekyk word.

* Die effektiwiteit van die verskillende aanbiedingsmetodes en kursusse kan geëvalueer word en watter soorte die beste resultate opgelewer het. In hierdie verband kan ook onderwysers se verskillende metodes van leer bestudeer word en wat hulle motiveer om te leer en watter faktore nadelig inwerk op hulle leermetodes en -motivering.

* Navorsing kan gedoen word waarom kursusse tydens aanbiedinge by die onderwysersentrum misluk of suksesvol is en wat die kriteria vir sukses of mislukking is.

* Doeltreffende indiensopleidingsprogramme vir onderwysersentra kan so gou as moontlik bestudeer en uitgeruil word onder veral swart sentra. Daardeur kan ondergekwalifiseerde onderwysers so gou as moontlik op standaard in hulle verskillende vakgebiede gebring word.

* Deurlopende navorsing en evaluering van swart onderwys as 'n geheel is noodsaaklik om opvoedende onderwys tot volle ontplooiing te laat kom in 'n nuwe dinamiese Suid-Afrika, waar gelyke onderwysgeleenthede vir almal beskikbaar sal wees.

* Die hoë druippersentasies veral by eksterne eksamens is 'n verdere braak veld wat behoorlike studie verg. Hierdie druipsyfers werk demotiverend op die ander leerlinge in en het 'n nadelige invloed op die vorming van die selfbeeld.

* 'n Navorsingsgebied wat interessante uitdagings kan bied as na die eise van die arbeidsmark en die tegnologie en die industrie gekyk word, is die relevansie van kurrikula in swart onderwys.

* Laastens kan daar deur middel van navorsing vasgestel word of onderwysers wel deur middel van indiensopleiding by die sentrum beter begrip verkry om met gedepriveerde leerlinge in die skool te werk.

## BIBLIOGRAFIE

ADAMS, E., **red.** 1975. In-service education and teachers' centres. New York : Pergamon. 248 p.

ANDREWS, O. 1976. Teaching techniques in the U.S.A.: the evolution of professional development complexes. **British journal of in-service education**, 2(2):79-87, Spring.

ANON. 1985. A recent survey. **Change** : 22, Nov.

ANON. 1986a. The teaching profession: divided and misruled. **Financial Mail** : 35-38, May 2.

ANON. 1986b. Indiens- en verdere opleiding vir onderwysers in diens van die Departement van Onderwys en Opleiding. **Educamus**, 32(8):5-6, Sept.

ANON. 1987. Pre-primary education: innoculation against failure. **Focus on education**, 2(1):2, Jan.

APELMAN, M. 1979. An advisor at work. (In Devaney, K., **red.** Building a teachers' center. San Francisco : Teachers Center's Exchange. p. 157-168.)

ASHTON, P.M.E., HENDERSON, E.S., MERRITT, J.E. & MORTIMER, D.J. 1983. Teacher education in the classroom initial and in-service. London : Croom Helm. 143 p.

AUERBACH, F. 1981. Studying British teachers' centers. **The Transvaal educational news**, 78(5):15-16, May.

BANKS, J.A., **red.** 1972. Black self-concept: implications for education and social science. New York : McGraw-Hill. 234 p.

BIRCH, H.G. & GUSSOW, J.D. 1970. Disadvantaged children: health, nutrition and school failure. New York : Harcourt, Brace and World.

BOSMAN, J.N.F. 1984. Die bestuurstaak van die hoof van 'n onderwysersentrum. Potchefstroom. 320 p. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

BOT, M. 1985. School boycotts 1984: the crisis in African education. Durban : University of Natal. 54 p.

BOYCE, A.N. 1984. Our professional commitment to the extended community. **Educational journal**, 94(1):38-40, Nov.

BRÜGERLMANN, H. 1978. Teacher centre on paper: from British practice to German ideology. (In Feiman, S., red. Teacher centres: what place in education? Chicago : Chicago University. p. 29-53.)

BRUWER, E.P. 1963. Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg : Afrikaanse Pers-Boekhandel 220 p.

BUXTON, A. 1979. Philosophy in the round: commitment, concept, community. (In Devaney, K., red. Building a teachers' centre. San Francisco : Teacher Centers' Exchange. p. 29-42.)

CALDWELL, R.M. 1979. Transplanting the British teacher center in the U.S. **Phi Delta Kappan**, 60(7):517-520, March.

CALITZ, L.P. 1978. Vraagstelling: 'n ondersoek in onderwysersopleiding. Johannesburg. 332 p. (Proefskrif (D.Ed.) - RAU.)

CALITZ, L.P. 1986. Die vennootskapsmoontlikhede in formele, nie-formele en informele onderwys met spesifieke verwysing na onderwysopleiding. 15 p. (Lesing gelewer 30 Junie as deel van die jaarvergadering van die belangegroep onderwyseropleiding van die Transvaalse Onderwysersvereniging, RAU. Ongepubliseer.)

CARPENTER, S. 1979. The art and science of managing a teacher center. (In Devaney, K., red. Building a teachers' center. San Francisco : Teacher Centers' Exchange. p. 171-186.)

CHAZAN, M. & WILLIAMS, P., reds. 1978. Deprivation and the infant school. A report of the School Council Research and Development Project in compensatory education: Department of Education, University College of Swansea. Billing. 133 p.

CHERNOW, F.B. & CHERNOW, C. 1973. Teaching the culturally disadvantaged child. New York : Parker. 212 p.

CHRISTIE, P.S. 1986. The right to learn: the struggle for education in South Africa. Johannesburg : Sached / Ravan.

CLARKE, T. 1987. Indaba het plan vir onderwys. Beeld : II, Apr. 28.

DEAN, J. 1975. The role of the Local Advisory Service in the in-service education of teachers. (In Adams, E., red. In-service education and teachers' centres. Oxford : Pergamon Press. p. 63-81.)

DE KLERK, J. 1985. Swart onderwys minderwaardig? Volkshandel : 46, Jul.

DEVANEY, K. 1976. What's a teacher center for? Educational leadership, 33:413-416, March.

DEVANEY, K. 1979. Warmth, concreteness, time, and thought in teachers' learning. (In Devaney, K., red. Essays on teachers' centers. San Francisco : Teachers' centers exchange, Far West Laboratory for Educational Research and Development. p. 13-27.)

DE WET, H.F. 1986. Pupil-teacher relationship. Educamus, 32(3):35-36, March.

DUCKERS, A. 1975. The professional teacher. (In Adams, E., red. In-service education and teachers centres. Oxford : Pergamon Press. p. 115-141.)

DU PREEZ, M. 1987. Mondelinge meedeling aan outeur. Vereeniging. (Onderhoud gevoer 30 April met die Assistent-Direkteur van Onderwys en Opleiding Vereeniging.)

DU TOIT, T.N. 1984. Oorlewing. Kaapstad : Citadel. 150 p.

ELLIOT, J. 1986. Black school crisis needs more than just money. The Sunday Times : 20, Apr. 13.

FEIMAN., S., red. 1978. Teacher centers. What place in education? Chicago : Center for Policy Study. 209 p.

FENWICK, G. 1982. The teachers' centre as a base for award bearing courses. British journal of in-service education, 9(1):34-36, Autumn.

FIBKINS, W. 1979. Ownership and dialogue in transforming teachers' work. (In Devaney, K., red. Essays on teachers' centers. San Francisco : Far West Laboratory for Educational Research and Development. p. 49-56.)

FRANKENSTEIN, C. 1979. They think again. Restoring cognitive abilities through teaching. New York : Van Nostrand Rinhold. 295 p.

FRASER, W.J. 1985. Die demonstrasie as onderrigmetode. Educamus, 31(9):34, Okt.

GELBENOIT,G. 1979. In-service education and training of teachers in the European communities. 204 p.

Gilbert, A.J. 1982. A socio-psychological study of the unrest in African schools. Research report no. I. Kwa Dlangezwa : University of Zululand. 57 p.

GOUWS, S.M. 1987. Mondeling meedeling aan outeur. Vanderbijlpark. (Kassetopname van onderhoud van 3 Maart met die Vise-rektor van Onderwyskollege Sebokeng in besit van outeur.)

GROBLER, L.C. 1985. The child and values. Educamus, 31(1):21, Jan.

HARTSHORNE, K. 1986. Work from the bottom up. Tops. A survey. **Supplement to Financial Mail** : 18 Oct. 17.

HARTY, H. 1984a. Survey of teacher center role expectations. **Education**, 104 (44):409-413, Summer.

HERING, W. 1979. Evaluating teachers' centers. (In Devaney, K., red. **Building a teachers' center**. San Francisco : Teachers' Centers Exchange. p 81-101.)

HEYNS, A.M. 1983. Kultuur en die opleiding van onderwysers. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO : reeks H : Inougurele rede nr. 91.) Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies. 14 p.

HEYNS, G.F. 1986. Onderwyser moet met ouer saamwerk. **Die Volksblad** : 15, Mrt. 19.

HOWE, J.P. 1983. Education centres and Australian experiment. **British journal of in-service education**, 10(1):48-67, Autumn.

HUNT, D.E. 1978. Teacher centres as persons-in-relation. (In Feimann, S., red. **Teacher centres ; what place in education?** Chicago : University. p. 97-108.)

JACOBS, W.J.S. 1983. **Fisiese en geesteswerbaarheid**. 97 p. (Studiegids in fisiese en geesteswerbaarheid by die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding, Pretoria.) Ongepubliseer.

JOHNSTON, G. & WALKER, C. 1979. Programming in a teachers' center. (In Devaney, K., red. Building a teachers' center. San Francisco : Teacher Centers' Exchange. p. 121-149.)

JORDAAN, P.N.H. 1987. Mondelinge meedeling aan outeur. Kimberley. (Kassetopname van Julie in besit van outeur van die onderhoud met die Assistent-direkteur van Departement van Onderwys en Opleiding Kimberley Kring, voorhcen in Maart 1978 aangestel as die eerste hoof van die onderwysersentrum Kimberley van die Kaaplandse Onderwysdepartement.)

JULIUS, A. 1976. British teacher center: practical applications for America. Phi Delta Kappan : 58(3):250-253, Nov.

KAAP DIE GOEIE HOOP. Onderwysdepartement. 1984. Teachers' Centres. Rostum, 6(2):18-19 Nov.

KAHN, H. 1976. In-service education and teachers' centres. British journal of In-service education, 2(2):100-102, Spring.

KAHN, H. 1979. The teacher's centre. British education: background notes. London : British Council. 16 p.

KEENEY, L. 1979. Finding out what teachers need. (In Devaney, K., red. Building a teachers' center. San Francisco : Teachers' Centers Exchange. p. 63-79.)

KOLVIN, I., GARSIDE, R.F., NICOL, A.R., MACMILLAN, A., WOLSTENHOLME, F. & LEITCH, I.M. 1981. Help starts here. The maladjusted child in the ordinary school. London en New York : Tavistock Publications. 436 p.

KUMALO, M.D. 1987. Progress report on Kitsong teachers' centre. Ongepubliseerde verslag van Meimaand. 2 p.

LABOV, W., COHEN, P., ROBINS, C. & LEWIS, J. 1968. A study of the non-standard English of Negro and Puerto Rican speakers in New York. Final report, U.S. Office of education Cooperative Research Project No. 3288. New York : Columbia University Press. p. 144.

LAMPEN, A.E. 1985. New approach to oral work in second language teaching. **Educamus**, 31(7):4-9, Aug.

LAURENCE, P. 1986. Schools bar could fan unrest. **Weekly Mail** : 2(30):3, Aug. 1-7.

LE ROUX, S. 1986. Die moontlikhede van die nuwe ontwikkelings op die gebied van die inligtingstegnologie. **Inligtingsherwinning vir die onderwys met spesiale verwysing na die lewering van'n inligtingsdiens vir swart onderwysers in die RSA.** Soshanguve : Kollege vir Voortgesette Opleiding. Ongepubliseerd. 91 p.

LE ROUX, S. 1987. Mondelinge meedeling aan outeur. Soshanguve, Pretoria. (Onderhoud gevoer 28 April met die beplanner van makrogesentreerde Onderwys-Media dienste. Kassetopname in besit van outeur.)

LOCH, M. 1986. Media user skills. **Educamus**, 32(7):17-18, Aug.

LOUW, L.H. 1987. Mondelinge meedeling aan outeur. Germiston. (Onderhoud gevoer 26 Maart met die hoof van die onderwysersentrum : Germiston. Kassetopname in besit van outeur.)

LUTHULI, P.C. 1981. **The philosophical foundations of black education in South Africa.** Durban : Butterworths. 91 p.

MAKGABUTLANE, S. 1987. Soweto pupils claim DET has not issued books. **The Star** : 7, Febr. 6.

MALAKA, L.M. 1988. Mondelinge meedeling aan outeur. Alberton. (Onderhoud gevoer op 23 Februarie met Departementshoof Afrika Tale, Kathorus Onderwyskollege, Katlehong.)

MARJORIBANKS, K. 1979. Ethnic families and childrens' achievements. Sydney : George Allen & Unwin. 172 p.

MARTIN, P. & KEENAN, M. 1979. Criteria for successful workshops. (In Devaney, K., red. Building a teachers'center. San Francisco : Teacher Center's Exchange. p. 151-155.)

MARUPING, B.M. 1985. Donation for Tlhatlhelelo teachers' centre. Potchefstroom. ('n Brief gerig aan Klerksdorp Record, 15 Aug. in besit van outeur.)

MEERKOTTER, D.A. 1986. The development of human potential in alternative educational settings : a community centred approach. (Referaat gelewer in September by die Universiteit Wes-Kaapland vir die Suid-Afrikaanse Vereniging vir leer- en onderrigmoeilikhede.)

MEINTJES, C.R. 1984. Onderwysersentrum Parow: funksionering. **Unie**, 80:267-269, Apr.

MELBO, I.R. & MARTIN, D.W. 1969. Building morale in teachers of the deprived. (In Ornstein, A.C. en VAIRO, P.D., reds. How to teach disadvantaged youth. New York : Mc Kay. p. 266-287.)

MISCHKE, A. 1987. The black children had been in the centre of politics from the beginning of 1986. **Rapport** : 4, Jan. 4.

MOORE, B.A. 1978. Career education for disadvantaged, gifted high school students. **The gifted child quarterley**, 22(3):332-337, Autumn.

MOPELI, T.K. 1985. Allow problems to become the challenge. **Informa** : 4, March.

MORANT, R.W. 1978. Re-appraising the role of teachers' centres. **British journal of in-service education**, 4(3):199-205, Sept.

MOTAU, R.R. 1985. The provision and problems of education for black farm pupils. 20 p. (Long essay. Unpublished.)

MOTLHASEDI, G.J. 1987. Mondelinge meedeling aan outeur. Potchefstroom. (Onderhoud gevoer op 13 Mei met die hoof van die onderwysersentrum by Ikageng.)

MPHAHLELE, E. 1985. The whites have it. **Financial Mail** : 73, Aug. 16.

MUNNIK, J.X. 1984. Teachers' education centres in Australia and New Zealand. **Educational journal**, 94(3):31-37, Nov.

MURPHY, G. 1986. The Tops catalyst. **Financial Mail** : 10-28, Oct. 17.

NGCOBO, F. 1987. Working for workers. **Sowetan** : 9, March 16.

ORNSTEIN, A.C. & VAIRO, P.D. **reds**. 1969. How to teach disadvantaged youth. New York : Mc Kay, 436 p.

OVERDUIN, P.G.J. & DE WIT, N. 1986. 'n Kritiese evaluering van skoolbiblioteekwese in Suid-Afrika. Departement Biblioteek- en Inligtingkunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Ongepubliseerd. 829 p.

PATTON, M.Q. 1978. Reflections on evaluationg teacher centers: a view from an iron cow. (In Feiman, S., red. Teacher centers: what place in education? Chicago : Chicago University. p. 135-159.)

PELSER, F.J.F. 1987. Mondelinge meedeling aan outeur. Soshanguve, Pretoria. (Kassetopname in besit van outeur van onderhoud gevoer 28 April met die rektor van Kollege vir Verdere Opleiding Soshanguve.)

PETERSON, G.T. 1975. The learning center. A sphere for non-traditional approaches to education. Connecticut: Shoe String Press. 146 p.

PETERSON, P.E. 1978. Institutionalizing a social movement : problems in the governance of teacher centres. (In Feiman,S., red. Teacher centers: what place in education? Chicago:University. p. 122-134.)

PINNELLIE, T.E. 1973. Utilizing community resources in programming for the gifted. **The gifted child quarterly** : 199-201, Autumn.

PLEMING, S. 1986. Trust Govt, says Viljoen. **The star** : 15, Des. 2.

PORTER, J. 1975. The in-service education of teachers and colleges of education. (In Adams, E., **red**. In-service education and teachers' centres. Oxford : Pergamon Press. p. 83-94.)

POWELL, A. 1984. Education for a changing society. **Education journal**, 94(2):5-17, Sept. (A publication of the South African Teachers' Association, Cape Town. 39 p.)

PRISELAC, N.J. & PRISELAC, S.M. 1975. Profile of a functional teacher education centre. **British journal of in-service education**, 2(2):88-99, Spring.

RAINE, S. 1987. Black advancement race is on. **The Star**: 10, Feb. 24.

RAWLS, J. 1971. A theory of justice. Cambrigde : Harvard University Press. 273 p.

REDKNAP, C. 1977. Focus on teachers' centres. London : White-frairs. 126 p.

RELLY, G. 1987. Upgrading of teachers a prime challenge. **The Star** : 17, March 5.

ROGERS, V.R. 1976. Teachers' centers in the U.S. : An idea whose time has come? **Educational leadership**, 33:403-412, March.

ROOS, S.G. 1979. Geestelike weerbaarheid teen ideologiese terrorisme. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 137 p.

ROUX, N.E. 1986. The importance of self-knowledge for the optimal development of the individual. **Educamus**, 32(7):22-24, Aug.

SAN JOSE, C. 1979. Staffing a teachers' center. (In Devaney, K., **red.** Building a teachers' center. San Francisco : Teachers' Center Exchange. p. 45-60.)

SCHENKER, M. 1979. Not just for people in school. (In Devaney, K., **red.** Building a teachers' center. San Francisco : Teachers' Center Exchange. p. 281-286.)

SCHOEMAN, J.A. 1984. Matriculation Senior certificate pass rates in schools for Africans. **S A indicator**, 2(3):4-8, Oct.

SEAGER, M. 1979. Finding a place and furnishing the space. (In Devaney, K., **red.** Building a teachers' center. San Francisco : Teachers' Center Exchange. p. 103-119.)

SIGATORY ASSOCIATION, 1985. Black education in South Africa. Johannesburg: the task force on education of the Sigatory Association. 13 p.

SMITH, D.H. 1972. The black revolution and education. (In Banks, J.A., **red.** Black self concept. New York : Mc Graw-Hill. p. 37-54.)

STANTON, Dr. 1987. Education is ...? Teaching is? ...? **Focus on education**, 2(1):3, Jan.

STAUDE, W.A. 1985. The child and his book. **Educamus**, 31(3):12-13, March.

STUART, D. 1986. Education equality depends on failure of revolution - F.W. de Klerk. The Citizen : 11, May 6.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys en Opleiding. 1986a. Black education: the future of South Africa. (Opgestel deur Openbare betrekkinge in Augustus.) Ongepubliseerd. 8 p.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Onderwys en Opleiding. 1986b. The teaching profession: a labour of love. Johannesburg : Perskor.

SYCOM. 1986. Towards a community based system of education. (Privatisation Position Paper No. 3 : Sept.) 41 p.

TABA, H. & ELKINS, D. 1969. Creating conditions for learning. (In Ornstein, A.C. & Vairo, P.D. reds. How to teach disadvantaged youth. New York : Mc Kay. p. 247-265.)

TAUNYANE, L. 1986. Time for change. Financial Mail : 4, Oct. 17.

TAYLOR, L.C. 1978. Teacher centers and the character of curricular change. (In Feimann, S., red. Teacher centers: what place in education? Chicago : Chicago University. p. 109-121.)

TAYLOR, L.C. 1979. Reflections on British teachers' centres. (In Devarey, K., red. Essays on teachers' centres. San Francisco : Far West Laboratory for Educational Research and Development. p. 131-146.)

THEKOANE, M.P. 1988. Mondelinge meedeling aan outeur Alberton. (Onderhoud gevoer op 24 Februarie met dosent in Afrika Tale, Kathorus Onderwyskollege, Katlehong).

THOMAS, S.B. 1973. Neglecting the gifted causes them to hide their talents. Let's stop shortchaning our gifted children. The gifted child quarterly : 193-197, Autumn.

TORRANCE, E.P. 1974. Interscholastic brainstorming and creative problem solving competition for the creatively gifted. The gifted child quarterly, 18(1):3-7, Spring.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987. Bevordering van 'n gelukkige skoolgemeenskap. (Deel twee.) (T.O.D. Omsendminuut 71.) Pretoria. 13 p.

VAN DER WALT, T. 1984. Verslag van die ondersoek na die onderwys vir swartes in die Vaaldriehoek na aanleiding van die gebeure van 3 September. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN DER WALT, T.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Potchefstroom : Promedia publikasies. 89 p.

VAN HEERDEN, I.K. 1986. Professionalism in teaching. Educamus, 32(8):27, Sept.

VAN NIEKERK, C. 1983. 'n Analise van tersaaklike statistiek by onderwysbeplanning en -finansiering met spesiale verwysing na swart onderwys in die Suid-Afrikaanse konteks. Bloemfontein. 250 p. (Ongepubliseerde proefskrif (D.Ed.) - UOVS.)

VAN WYK, A.P. 1981. Die ontstaan en funksie van onderwysersentra. Vergelykende studie. Bloemfontein. 153 p. (Ongepubliseerde verhandeling (M.Ed.) - UOVS.)

VILJOEN, G. 1986a. Benut die geleenthede, Suid-Afrikaanse oorsig : 719, Aug. 8 p.

VILJOEN, G. 1986b. Televisie-onderoud met R. Landman tydens die program Netwerk. (Videoband in besit van outeur van dié onderhoud met die minister van Onderwys en Ontwikkeling.)

VISSER, C. 1986. The music fades in our schools. Weekly Mail, 2(31):21, Aug. 8-14.

WEINDLING, D., REID, M.I. & DAVIS, P. 1983. Teachers' centres: a focus for in-service education? London : Richard Clay. 174. p.

WHIPPLE, G. 1969. Curriculum for the disadvantaged. (In Ornstein, A.C. & VAIRO, P.D., reds. How to teach disadvantaged youth. New York : Mc Kay. p. 235-246.)

WHITE, G.W. 1986. Creative thinking. Educamus, 32(3):28-30 March.

WIDLAKE, P. & BELL, L. 1973. The education of the socially handicapped child. London : Thomas Nelson. 175 p.

WILLIAMS, J. 1981. Teachers' centres in the United Kingdom: an antipodean view. British journal of in-service education, 7(2):131-134, Spring.

YEATTS, E.H. 1976. Staff development: a teacher-centered in-service design. Educational leadership, 33:417-421.

ZIGARMI, P. & ZIGARMI, D. 1979. Developing administrators' support. (In Devaney, K., red. Building a teachers' center. San Francisco : Teachers' Center Exchange. p. 241-268.)